Most of the Trust's land and buildings have been acquired by way of gift and sometimes after a public appeal. The Trust now owns some 150 houses open to the public — for instance the homes of Wordsworth, Thomas Hardy, Bernard Shaw and Sir Winston Churchill.

Only recently Covent Garden was saved. Even before the actual move in 1974 real estate speculators and city officials looking for higher property taxes had been eyeing this prime inner-city 100 acre site. The plan was to pull down most of Covent Carden's crooked old buildings and working-class pubs and replace them with tidy office blocks and high-rise apartment towers. It might have happened, but according to *TIME* of 4 August 1980, the people rose, arguing with passion in their hearts and pocket calculators in their hands, in favour of restoration over destruction. They found an ally in the Labour Government which listed 250 buildings as being of historic value, thus protected against the wrecker's ball. The long battle ended in victory this summer when a renovated Covent Garden with its neo-Grecian residences, cast-iron arches and glass domes was officially opened.

In Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die eerste stappe geneem om 'n organisasie soos die Bond Heemschut in Holland en die National Trust in Engeland in die lewe te roep. Die stigtingsvergadering het op 8 April 1959 in die Kasteel in Kaapstad plaasgevind en dr. W.H.J. Punt, wat meeste van die voorbereidingswerk gedoen het, is as die eerste direkteur aangestel deur die raad wat op die stigtingsvergadering saamgestel is. Wyle dr. W. Nicol was die eerste nasionale voorsitter.

Met sy 4 000 tot 5 000 lede het die Stigting Simon van der Stel oor die afgelope 21 jaar 'n geweldige invloed uitgeoefen in Suid-Afrika om lede van die publiek bewus te maak van die noodsaaklikheid om ons geskiedkundige erfenisse vir die nageslag te bewaar. Dit het ook van tyd tot tyd daarin geslaag om fondse in te samel vir verskillende projekte. So is Coornhoop, een van die eerste plaaswoning naby Kaapstad, aangekoop en met behulp van die staat gerestoureer. Na die aardbewing wat ou woonhuise in Tulbagh in 1969 verwoes het, is twee woonhuise aangekoop en gerestoureer. In die Transvaal is Fort Merensky en die sendingkerk daarnaas uit die jaar 1875 gerestoureer. Naby Rustenburg is die woonplaas van pres. Paul Kruger met vier woonhuise daarop van die familie aangekoop en gerestoureer en dit is tans oop vir die publiek om te besoek. Die hoofhuis van pres. Kruger is ingerig as 'n museum met meubels uit die periode, sommige waarvan aan pres. Kruger behoort het. In Natal is die woonhuis met aangrensende kapel van biskop McCrorie ook gerestoureer en as 'n museum uit die tyd rondom 1870 ingerig. Naas hierdie voorbeelde van suksesse wat die publiek saamgesnoer in die Stigting Simon van der Stel behaal het, wil ek egter enkele suksesse wat behaal is in groter besonderhede bespreek

omdat dit aantoon hoe daarin geslaag is om die outoriteite te oortuig dat die publiek graag sekere historiese geboue wat vir hulle groot sentimentele waarde het, kan bewaar.

Toe die Stigting Simon van der Stel te stadig beweeg het deurdat dit beswaarlik daarin kon slaag om die Regering en die Provinsiale Rade te oortuig om genoeg fondse vir bewaring beskikbaar te stel, het die Rembrandt-groep van maatskappye onder die leiding van dr Anton Rupert 'n maatskappy, Historiese Huise van Suid-Afrika Bpk. in die lewe geroep. Hierdie maatskappy het reeds op groot skaal hele strate en wyke, soos Dorpstraat in Stellenbosch, Kerkstraat in Tulbagh, die Reinet-huis in Graaff-Reinet en die omliggende wyk gerestoureer. Hul uitgangspunt verskil egter van dié van die Stigting Simon van der Stel deurdat hulle, hoewel hulle sover moontlik die vooraansig van die geboue bewaar, die interieur moderniseer as woonbare eenhede en dan die geboue aan nuwe eienaars verkoop. Die maatskappy is selfs in staat om 'n klein dividend aan sy aandeelhouders te betaal.

In South Africa we also have several cases where the action of the public prevented the authorities from demolishing some of our historic monuments. The first case which comes to mind is that of the Kasteel in Cape Town. The decision to build the Castle was taken in 1665. The Here XVII in Amsterdam decided that a fortress was necessary in the event of a trade war against England. The building of the Castle was started in 1666. On 2 January 1666 the four corner stones were laid of the "aensienlijcke stercke roijale fortresse". The builder was Isbrand Goske who arrived on 17 August 1665 with the engineer Pieter Dombaer. It was only in June 1678 that Commander Bax could report to his masters in Holland that the 'Kasteel' could now be defended if attacked.

This venerable building which goes back to the time of the settlement of the Cape by the Dutch East India Company became the military headquarters of the British after 1806. The historical and sentimental value receded into the background when the Castle came into the hands of "Her Majesty's Ordinance" after 1840 and for the following 80 years it was under the jurisdiction of the British War Office in Whitehall, London.

It was during these unsympathetic years that a bright officer got the idea to demolish the 'Kasteel' and to build barracks in its place for the members of the military contingent who could not be accommodated at Wynberg. It was the proud Cape Town Afrikaans lady, Mrs Marie Koopmans-de Wet, who in 1886 and again in 1888 protested vehemently to the authorities and succeeded in thwarting this plan. In the 1890's when Rhodes was Prime Minister of the Cape Province she gave the renowned answer to the manager of the railways, Mr. C B Elliot, who wanted to cut off 'only a small point' of one of the bastions of the Castle in order to straighten the tramline along Sir Lowry's Road: "Mr. Elliott, your nose is the smallest member of your face, but cut it off, and what are you?"

Another typical case where the public played a very important role was the restoration of the Suid-Afrikaanse Sendinggestig in Cape Town. This building was opened on 15 March 1804 by the Rev. J.D. Serrurier as a centre for missionary work but the actual beginning of this offspring of the London Missionary Society occurred with the arrival of four missionaries of this Society in Cape Town on 31 March 1799. This is probably the reason for this date above the front door. The building was erected through contributions by the public after the original site was donated by the widow M.A. Möller. For more than a century the building was used as a church for a large congregation but towards

the end of the 20th century the members of the congregation already were spread over the whole peninsula. This led to the building of a new church at Vasco. As could be expected the members of the congregation joined the churches in their respective neighbourhoods.

By 1960 the Sendinggestig was in danger of being demolished and conservation conscious members of the public started to think about preserving the building as a missionary museum. The Historical Monument Commission recommended that the building should be declared a national monument by the Board of Directors of the Missionary Society. Although they were originally in favour of the declaration they later decided against it because they were afraid that it would decrease the sales value of the building which was their main asset and they had to finance a new church somewhere on the Cape Flats where most of the congregation now lived. Consequently the responsible minister also refused to declare the building a national monument. The State also refused to buy the church and thus preserve it for posterity.

In March 1971 it became known that the Board of Directors had sold the building to the owner of the adjoining Hotel Metropole who clearly intended to use the site of the building to extend the hotel.

The only saving grace was that the building could still be used by the congregation for a period of five years. At this critical juncture a sub-committee of the Simon van der Stel Foundation was formed with Mr. Frank Bradlow as chairman. He was very ably supported by Col. I.P.S. Terblanché, Chairman of the Regional Committee of the Simon van der Stel Foundation in Cape Town. In 1974 they succeeded in influencing the Historical Monument Commission to freeze the property for a period of 18 months so that money could be collected to buy the property from the new owner. The Historical Monuments Commission also promised to contribute R10 000 if the fundraising was successful. Mr Bradlow further had discussions with Mr. H. B. Bowman, one of the owners of the Metropole Hotel, who finally accepted an offer of R310 000. Through the good offices of Mr. F.D. Conradie M.E.C., the Cape Provincial Administration was persuaded to save the building under the Ordinance on Museums by guaranteeing 75% of the purchase price provided the committee undertook to collect the rest. The Executive Committee of the Cape also agreed that the committee could borrow R70 000 to restore the building and in March 1979 the restored building was opened to the public as a Missionary Museum.

We are indeed proud of the achievement of this committee. I have described the history of their successful attempts to preserve this historic building in some detail in the hope that it will inspire similar attempts all over South Africa in future.

The most outstanding example of what public opinion can achieve in South Africa is probably the final decision by the Administrator of Transvaal, Mr. Willem Cruywagen, to preserve the West Facade of Church Square. Consequently, I will describe in some detail the various steps which finally led to success.

Some years ago the late Prime Minister, Dr. H.F. Verwoerd, and the late Administrator of Transvaal, Mr. Fox Odendaal, put forward the idea that two tower blocks should be built at the exit to the west from Church Square to round off a future boulevard linking Church Square with the future Strydom Square. These buildings would replace the buildings of the West Facade of Church Square. When this became known in 1969 the S.A. Akademie appointed a committee consisting of the architect, Mr.



Tobie Louw and myself, to protest to the Prime Minister, Mr. John Vorster against this proposal to demolish the West Facade. The Prime Minister was very sympathetic and sent a circular letter to all State and semi-state departments in which he laid down the principle that no buildings belonging to the Government should be demolished before the historic value of the buildings had been determined. The case of the West Facade of Church Square was referred to a specially appointed Church Square Committee by the Minister of Public Works, Mr. Blaar Coetzee, and a law was passed by Parliament according to which no buildings adjoining Church Square could be demolished without the permission of this Committee.

The Church Square Committee then obtained the opinion of citizens of Pretoria about the proposed two tower blocks. Several thousand people protested against the removal of the buildings of the West Facade.

The Committee then proposed that two of the buildings, namely the old Nederlandsche Bank on the south side and the old National Bank on the north side of the West Facade be retained and the tower blocks be built behind them. This also led to protests by various individuals and organisations such as the Simon van der Stel Foundation and the Society Old Pretoria, and a Citizens' Committee which organised a protest meeting on Church Square one Saturday morning in 1975 where signatures were collected pleading for the preservation of the West Facade. The Herstigste Nasionale Party happened to have a meeting of their Executive Committee on the same Saturday morning at a venue close to Church Square. After their meeting the whole committee proceeded to Church Square and added their names in a block to the petition lists. Unfortunately this gave the impression that this party was behind the protest meeting and this led to a negative reaction amongst certain politicians. The petitions were handed to the private secretary of the Prime Minister by a deputation of leading Pretoria ladies. It was a sad mistake that no appointment had been made beforehand with the Prime Minister to receive the deputation. The result was that the planning of the new buildings to replace the West Facade by new buildings for both the Province and the Post Office proceeded until 1978 as if nothing had happened.

In 1978 I approached the Postmaster-General, Mr Rive, again. I happened to know that the Post Office had decided to convert the whole South African telephone system from the electro-mechanical to the electronic type. This would require much less space to accommodate the central exchange. I pleaded with Mr Rive to see whether he could not preserve the north side of the West Facade belonging to the Post Office. A few months later Mr Rive announced that the old National Bank building, the old Mint and the Kirkness building as well as the Post Office building designed by Sir Herbert Baker and built in 1910 would be preserved and used by the Post Office and that a new building for the Post Office would be constructed behind these buildings.

The Church Square Committee had previously stated that the West Facade of Church Square should be treated as a whole. It was expected that after the decision of the Postmaster-General to preserve the historical buildings on the north side of the West Facade the Church Square Committee would reconsider its previous decision that the buildings on the south side should be demolished. In February 1979 it became known that the Committee had recommended to the Minister of Public Works that the Transvaal Provincial Council should be allowed to demolish these buildings.

I approached the Prime Minister, Mr. P.W. Botha, and asked for an interview. He referred me to the Minister of Public Works, Mr. Louis le Grange. This interview took place in Cape Town on 30 March 1979. I was accompanied by the late Director of the National Monuments Council, Prof. Oberholzer. During the interview it became clear to me that the Minister felt that he could not depart from a former decision by the Cabinet that the whole West Facade should be demolished to make room for new accommodation for the Province and the Post Office.

On 31 March 1979 the annual meeting of the Simon van der Stel Foundation decided that I should ask for an interview with the Prime Minister. This interview took place on 12 May in the presence of Minister Louis le Grange. After putting my case the Prime Minister informed me that the Cabinet had decided on the previous day that the Province could go ahead with their plans. I came to the conclusion that a new front had to be opened. The pleas made in 1969 by me for the S.A. Akademie, the petitions of the Citizens' Committee of 1975, my pleas to Minister Le Grange and the Prime Minister in February and May 1979 had all failed. I decided that the new front should be the women of South Africa. I was strengthened in my resolve when Mrs. H.P. Wolmarans told me that the women of South Africa were not going to lie down. I asked her to approach Mrs. Raath to act as chairman, to invite representative ladies from the three Afrikaans churches, the English and the Jewish communities to a meeting that I would address.

This meeting took place in the vestibule of the Hervormde Kerk in Brooklyn on 4 June 1979. The meeting decided to create the 'Save Church Square Movement', to start collecting funds and have petitions signed country-wide. We also approached several leading personalities to serve as trustees of the 'Save Church Square Fund'.

We got support from all over South Africa. We collected about R25 000 and 27 000 signature. We approached the chairman of Nedbank with the request that Nedbank should give R100 000 if the old Netherlands Bank building was preserved. Dr. Anton Rupert promised his private collection of Rembrandt etchings on permanent loan to Pretoria if the hall of the Old Netherlands Bank building was preserved and used as an art museum.

In July 1979, Mr. Willem Cruywagen was appointed as the new Administrator of Transvaal. Deputations representing the Simon van der Stel Foundation and the ladies of the 'Save Church Square Movement' asked for interviews with him. These interviews took place in September and October. The representatives reported that Mr. Cruywagen appeared to be very sympathetic. He pointed out that the real eye-sore was that Church Square had become a bus station.

He promised to see what he could do to preserve the West Facade of Church Square belonging to the Province. He finally announced the final decision that the Province would preserve the building of the West Facade belonging to them in February 1980.

From the above it is quite clear that public initiative is a very powerful weapon but it must at all times be used with discretion. An organisation like the Simon van der Stel Foundation is very useful in educating public opinion on the great value of preserving our historical heritage for posterity, but in any particular project which needs the action by the authorities it is wise to form a special committee with influential and responsible persons to guide the members of the committee. It is very important not to attack the authorities by irresponsible statements in the press. Deputations to the authorities from such a committee

should be small and the discussion should take place in a friendly and calm atmosphere. It must always be remembered that the authorities are usually persons who are just as anxious as the members of the deputation to preserve

the historical object or building but they are often bound by previous decisions of the bodies they represent and they must be given the information they require to reverse decisions which were very often taken many years ago.

## Oudste gebou in Pretoria bedreig

- Deon Jooste

Die Kynochgebou, geleë in Kerkstraat-Oos, Pretoria is tans die oudste bestaande gebou in Pretoria. Die erf het oorspronklik aan Marthinus Wessel Pretorius behoort wat dit in die loop van 1867 aan Cornelis Moll, die landdros van Pretoria, vir ongeveer R100-00 verkoop het. Teen die einde van 1875 het Moll die erf aan ene Jan de Waal verkoop wat 'n algemene handelaar was. Tussen 1875 en 1884 het De Waal die huidige gebou opgerig en dit as 'n winkel gebruik. Gedurende die tweede helfte van 1886 het De Waal sy sakeonderneming in die gebou gestaak en dit toe aan die plaaslike verteenwoordigers van die Britse firma, Georg Kynoch en Co. verhuur. Hierdie maatskappy het veral bekendheid verwerf as vuurwapen- en ammunisiehandelaar. Kort na die sluiting van die Londen-konvensie het die maatskappy gewere en ammunisie aan die Zuid-Afrikaansche Republiek begin verkoop. Hierdie maatskappy het dus 'n interssante rol gespeel in die bewapening van die Republiek totdat dit later deur Duitse en Franse maatskappye vervang is. Die gebou is ook na hierdie maatskappy vernoem.

Hoewel die gebou nie besondere argitektoniese meriete het nie, is dit tipies van die soort handelsgeboue wat teen die tagtigerjare in die omgewing rondom Kerkplein voorgekom het —trouens dit is die enigste voorbeeld.

Die Sammy Marksgebou is in 1903 opgerig en die bekende argitek, W.J. de Zwaan het dit ontwerp. Uit 'n verslag wat deur mnr. G.M. van der Waal van die Sentrum vir S.A. Kuns en Argitektuur van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing opgestel is, is hierdie gebou opgerig in die neo-Hollandse Renaissance-styl — 'n boustyl wat teen die einde van die vorige eeu deur 'n aantal Nederlanders na die Z.A.R. gebring is. Hierdie soort argitektuur het veral tot uiting gekom in die handels- en woonhuisargitektuur van die Transvaal.

Uit die verslag van mnr. Van der Waal blyk dit verder dat die gebou om 'n verskeidenheid van redes behou behoort te word.


- Is die enigste winkelgebou en grootste handelsgebou in sy styl in Transvaal en waarskynlik ook in die RSA;
- Is kunshistories 'n belangrike voorbeeld vir die illustrasie van die ontwikkeling van die boukuns in Pretoria;
- Is die enigste oorblywende winkelgebou in die RSA wat as 'n ry identiese smal en hoë winkels opgevat is;
- Was 'n belangrike handelsgebou in sy tyd;
- Was vir etlike dekades 'n karakteristieke landbaken en oriëntasiepunt in die middestad;
- Is een van die belangrikste oorblywende geboue in Pretoria wat uit hierdie periode dateer;
- Is van aangename estetiese verhoudings en afwerking;
- Is opgerig van goeie boumateriale en met 'n stewige konstruksie;
- Sy interieur van houtwerk maak omskakeling na 'n ander rangskikking en gebruik maklik en relatief eenvoudig.

Albei hierdie geboue is tans die eiendom van die Pretoria-

stadsraad. Die stadsraad beoog om die H.F. Verwoerdplein te ontwikkel op die terrein waarop hierdie twee geboue staan en het reeds in beginsel besluit dat hulle gesloop moet word. Die Stigting is tans besig om met die stadsraad te onderhandel om hierdie twee geboue te bewaar.



Die Sammy Marksgebou in Pretoria met die Kynochgebou aan die regterkant



Die Kynochgebou in Kerkstraat-Oos, Pretoria – die oudste bestaande gebou in dié stad.

# Die verhaal van Pelgrimsrust en van sy goud

- T. Hennings, Kurator Pelgrimsrustmuseum

Die verhaal van goud, wat tot 1971 die lewensbron van Pelgrimsrust was, strek tot in die vroeë geologiese tydperke. Waar die Pelgrimsrustvallei vandag is, was daar vroeër 'n plato met vertikale riwwe waarin dikwels klonte goud voorgekom het. Hierdie riwwe staan as leierriwwe bekend. Aan natuurlike verwerking ontbloom, het die leierriwwe mettertyd gedisintegreer en die goud wat swaarder as grond is, het in die rivier binne die vallei neerslag gevind. In die hoë koppe rondom Pelgrimsrust bestaan daar vandag nog sulke leierriwwe. Hier kom ook rifgoud voor wat in horisontale lae loop.

'n Eeu van intensiewe ontginning wat in 1873 begin het, het in 1971 aan 'n einde gekom. Die mynbase het in daardie jaar die mynbedrywighede gestaak en met 'n tweejaar-program van opruiming begin. Terselfdertyd het die roubeklag vir die dorpie wat tot spookdorp gedoem was, begin.

## Pelgrimsrust 1971

'n Opname van mnr. H.J. Moolman wat navorsing doen oor die argitektoniese aspekte van Pelgrimsrust, toon dat daar teen 1971 nog 'n 150 strukture staande was. Hierdie strukture was al wat oorgebly het van die wonings van sowat 1 500 mense in 1915. In die omgewing van die hoofstraat alleen het die woningverlies sowat 50 strukture beloop. Vir 'n opelugmuseum soos Pelgrimsrust is die argitektuur natuurlik die belangrikste bate. Die woningsuiterlike bepaal nie alleen wat binne-in aangetref sal word nie, maar dit wys ook terug op die verlede en op die heersende sosiale en maatskaplike omstandighede van daardie tyd. Die ewolusie van wonings kan ook gevolg word aan die hand van die ontwikkelingsfases van argitektuur — aldus mnr. Moolman. Na 1971 het Pelgrimsrust se inwonerstal gekrimp tot 120 en tans is nog net 80 huise oor. Die reduksiewerke ten weste van die dorp is in 'n toestand van ernstige verval. In die sinkgeboue wat aan hewige erosie van swaelsuur onderhevig was, was daar 'n rykdom van allerlei masjinerie wat



## DIE DELWERYE, PELGRIMSRUST


'n Foto uit die vroegste dae net na die ontdekking van goud in 1873. Interessant hier is die aanwesigheid van twee kapsteilwoningen ongeveer in lyn met die Kiepersolboom (net regs van die middel).

vanaf die vroegste tye vir goudontginning gebruik is. Dit was op hierdie stadium dat Rand Mine Properties, die toenmalige eienaars van Pelgrimsrust, die dorpie en 15 hektaar grond aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie aangebied het vir 'n bedrag van R375 000. Dit was drie keer laer as die geswore waardasie van die eiendom op daardie tydstip. Die kooptransaksie is in 1974 beklank. Hierdie selfde gesindheid is wéér op 15 Januarie 1980 deur Rand Mine Properties geopenbaar toe die stuk grond en die ou hidro-elektriese kragentrale, Belvedere, ook aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie geskenk is. Hierdie houding is deur Sy Edele die Administrateur, mnr. W. Cruywagen uitgewys en aangeprys. Sulke bewaringsdade toon besondere patriotisme en waardering vir die verlede. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het in 1979 daartoe oorgegaan om die res van die tuisplaas, Ponieskranz, 'n terrein van 1 200 hektare te koop. Op hierdie terrein is die grootste opelugmuseum in Suid-Afrika tans aan die ontwikkel.

## Verlede word hede


'n Voormalige kunstenaar van die Pelgrimsrustmuseum, mnr. J. Venter, het as plakkaatopskrif vir Pelgrimsrust die volgende woorde gekies: "In die verlede het alles om goud gedraai, vandag draai alles om die verlede". Hierdie woorde is 'n teken van die bewaringsbewuste tyd waarin ons leef. Die aaneengeskakelheid van die hede en verlede toon nie alleen die historiese bewussyn van ons volk nie maar ook die vlak van beskaafdheid waarheen hy neig. Want dit is per slot van rekening staatsgeld wat gebruik word om sodanige projekte te finansier. Dat owerhede op hul begroting 'n pos vir sulke werke kan uitsonder is groots, goed en gesond. Om die verlede en hede nou lewend en ongekunsteld bymekaar uit te bring is natuurlik 'n perd van 'n ander kleur.

Skrywer sal hierdie simbiose graag uitwys aan die hand van die geskiedenis self.



## DIE WAMAKERY

So belangrik as wat die motorhawe vandag is, so belangrik was die wamakery in die 19de eeu. In Pelgrimsrust was daar uiteindelik vier sulke wamakers. Hulle het terselfdertyd ook as hoefsmede opgetree.



#### **DIE DELWERYE, DIE LEWE OP DIE DELWERYE**

*Hier sien mens kleinsgate in 'n gevorderde stadium van bewerking. Water stort oor die rand. Die vore het soms ook etlike myle gestrek. Die eerste polisieman is eers in 1896 in Pelgrimsrust aangestel. Op die voorgrond (links) sien ons die gang van die gereg volgens die Wet van die Sterkere.*

#### **Die Oos-Transvaalse oopstelling, 1845**

Toe Thomas Baines in 1875 by Pelgrimsrust aangedoen het, het hy aan die Peach Tree-spruit die ruïnes van 'n ou Voortrekkersopstal gevind. Teen die voetheuwels van die Shebaberg bokant Batamyn, aan die linderouer van Peach Tree-spruit, is daar oorblyfsels van so 'n baie ou woning gevind. Hierdie woning herinner aan dié van die Trekker De Villiers wat hom in 1847 op die plaas Ledouphine gevestig het. Hy het hom in 'n klipwoning, wat vandag nog staan langs die ou pad na Delgoabaai, gevestig. Sulke ou strukture tesame met die plaasname soos byvoorbeeld Ponieskranz, Driekop, Waterhoutboom, Grootfontein en In de Diepte wys terug op daardie pioniers wat die wêreld kom tem het. Dit verrai ook effektiwe inbesitname soos wat dit deur geen ander Europeërs in Afrika gedoen is nie.


Die Voortrekkers onder kommandant-generaal Hendrik Potgieter het ook vanuit Ohrigstad 'n weg na die see, na Delagoabaai gebaan. In 1860 was daar natuurlik al 'n Boere-pad na die huidige Pelgrimsrust-terrein. Langs hierdie ou weë in die Oos-Transvaal tref mens gedenktekens aan byvoorbeeld 'n klip met 'n bronsplaat waarop 'n hond op uitgebeeld is, "Jock of the Bushveld".

Dit is hoogs waarskynlik dat Struben, wat ook 'n prospekteerder was en wat die plaas Ponieskranz besit het, ook van die bestaan van goud in dié geweste geweet het. In die vroeë jare van die lewe van die Suid-Afrikaanse Republiek was die aanwesigheid van goud 'n vertroulike saak en is dit nooit buite verband met die vryheid van die geweste gesien nie, trouens onoordeelkundige rugbaarmaking van dié edelmetaal was 'n halsmisdaad!

die lewe van die Suid-Afrikaanse Republiek was die aanwesigheid van goud 'n vertroulike saak en is dit nooit buite verband met die vryheid van die geweste gesien nie, trouens onoordeelkundige rugbaarmaking van dié edelmetaal was 'n halsmisdaad!

#### **Die oopstelling van die Pelgrimsrustse goudvelde, 1893**

Legende wil dit hê dat die spoelgoud in die Blyderivier deur ene Alec Patterson ontdek is. Dit was laat in 1873 toe die goudvelde deur ene William Trafford by die goudkommissaris te Mac Mac gerapporteer is. Hierna het dit wêreldkundig geword en het duisende fortuinsoekers,



#### **DIE MIDDELKAMP, PELGRIMSRUST**

*Die delwersnederstelling het by die aanvang bestaan uit 'n boonste-, middelste-, en onderste-kamp. Hierdie foto toon die middelste kamp waar later die dorp soos ons dit vandag ken, ontwikkel het.*

hoofsaaklik uitlanders, na die terrein gestroom. Die bloeitydperk van die delwerye was vanaf 1874 tot 1875. Fenomenale vondse is toentertyd gemaak. Alois Nellmapius het 'n klont van 123 onse gevind, die Breda-klont het 214 onse geweeg en die een wat deur Liley en sy medewerkers gevind is, 119 onse.

Die museum het gedurende September 1978 by twee ou kleimgate begin met die ontwikkeling van 'n delwery-museum. Die doel was om die delwery-pionier se lewe weer te gee en om terselfdertyd ook die ou ontginningmetodes van goud te demonstreer.

Op die terrein staan daar nou die nie-permanente tente wat deur die vroegste delwers gebruik is, grashutte en modderhuise, kookskerms en krale en moet daar nog kapstylhuise ook opgerig word. Hierdie lewe was die van die essensiële, tog het dit 'n romantiese karakter wat jou dadelik aangryp.


Die goudontginning van vrygoud wat hier verrig word, word gedoen met die goudpan, die sluietrog en die wieg. Die beginsel berus op die soortgelyke gewig van goud teenoor




*Die ou trein en treinspoor. Let op die sierlike pale waaraan die elektriese drade verbind is. Baie van die pale bestaan vandag nog.*

ander stowwe en daarom as alles saam gewas word met water sal goud uiteindelik agterbly. So suksesvol is hierdie afdeling dat dit nou nog verder uitgebrei word.

Die delftydperk was werklik romanties en vol allerlei geharde karakters. Die wel en weë kan nagespoor word in koerante van daardie tyd onder andere die Gold News waarvan die eerste uitgawe reeds op 3 Januarie 1874 verskyn het. 'n Maand later verskyn The Gold Fields Mercury met M.P. Phelan as redakteur terwyl die Pilgrims and Sabie News mettertyd deur mnr. McNally uitgegee is. Die ou drukkerij met stukke uit die oorspronklike drukkerij word tans ingerig. Die museum gebruik die gebou ook om sy eie druk-, afrol- en bindwerk in te doen ten einde nie afbreuk te doen aan die atmosfeer van "lewe" wat oral in die dorp, as opelugmuseum, heers nie.



Die Belvedere-kragentrale, kort na sy aanleg in 1911.



'n Baie vroeë foto van die sentrale reduksiewerke wat kort na die vorming van die Transvaal Gold Mining Estates in 1896 gebou is. Vandag is feitlik al hierdie geboue weer gerestoureer.

## Die Maatskappyetydperk 1881-1973

Hierdie fase word ook weerspieël in die woning wat tans deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie besit en gerestoureer word. Dit was naamlik die era van die semi-permanente sink-en-houthuise en ander strukture soos byvoorbeeld die dorpsaal. Die rede vir die voorlopigheid van hierdie wonings, (die voorafvervaardigde wonings van die 19e eeu), lê in die feit dat die Transvaal Gold Exploration and Rand Company die tuisplaas Ponieskranz besit het en niemand kon grond bekom deur dit te huur nie. Nadat die grond dan gehuur is, is tydelike wonings opgerig, gereed om afgebreek te word as daar mettertyd geen voornemende koper gevind kon word nie.

Van hierdie vroeë wonings en persele van besighede en ander openbare geboue bestaan vandag nog waarvan sommige op 'n kaart van 1884 aangedui word. Hieronder is die European Hotel, vandag 'n anneks van die Royal Hotel wat deur Openbare Oorde bedryf word, die Anglikaanse kerk en Steckoll se winkel en apteek.

Hoewel die Royal Hotel deur Openbare Oorde bedryf word, word die aankope van meubels en bykomstige versiering soos gordyne, prente en skilderye deur vakkundiges van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens verrig. Ook die vakansiehuise, waar besoekers tuisgaan, word deur museumvakkundiges gemeubileer. Hierdie aspek verleen 'n historiese korrekte beeld en gee 'n eerstehandse ervaring van 'n vergange tyd wat uniek is.

Die sinkwoningen van Pelgrimsrust kan as Victoriaans beskou word, trouens die dorp, soos hy vandag daaruit sien, het 'n sterk Victoriaanse atmosfeer soos wat 'n mens sou verwag dat dit in 'n pioniersmilieu sou manifesteer. Die gees moes behoue bly. Gevolglik is met wyse insig dus besluit dat die aspekte soos die ou stofpaaie behoue moes bly. Maar stofpaaie sonder stof! Vandag is feitlik al die paaie van beton met 'n growwe oppervlak. Hierdie beton word as dit nat is met grond van daardie spesifieke terrein bestryk en neem dan daardie kleur aan.

Feitlik al die huise in die hoofstraat is reeds gerestoureer. Waar moontlik is ou besighede in hulle ou plek hervestig soos byvoorbeeld die poskantoor. Die bank verskuif ook eersdaags na die perseel waar dit in 1894 aangetref is.


Langs die Bankhuis, (soos dit in Pelgrimsrusttaal bekend is) is die wonings wat dr. Seccombe in 1913 daar opgerig het. Die is tans as 'n huismuseum uit die periode 1880-1915 ingerig. Binnekort sal 'n winkelmuseum ook ge-open word wat behalwe 'n outydse uitstalling ook museumaandenkings te koop sal aanbied.

## Die periode 1880-1915

Die Advieskomitee wat die Transvaalse Provinsiale Administrasie van raad bedien, het dit goedgedink om die periode 1880-1915 uit te sonder en dat die museum, in sy ontwikkeling hierdie as terminale datums beskou. Voorlopig is hierdie voldoende. In 1975 is 'n gedeelte van die hoofstraat van Pelgrimsrust voorlopig deur die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede verklaar. Die aankoop van die hele Ponieskranz, die tuisplaas van Pelgrimsrust, was toe reeds ter sprake.

Na die Anglo-Boereoorlog is geboue van steen meer dikwels gebou. Geboue soos die hospitaal en Alanglade, die herehuis waarin die mynbestuurder mnr. Barry gewoon het, is ook in 1915 gebou. Die gebou wat die Belvedere-kragentrale huisves, is reeds in 1910 begin. Al drie hierdie geboue is argitektonies van belang — veral Alanglade.

'n Dogter van mnr. Barry, mev. B. Versfeld, beweer dat sir Herbert Baker 'n aandeel in die ontwerp van Alanglade gehad het. Daar word tans navorsing gedoen om vas te stel wie die argitek was van die pragtige gebou.



#### **DIE STAMPBATTERYE**

Die gebou het 12 batterye met vyf stampers elk. Dit is 'n baie ou proses van grondvystelling uit erts. 'n Voorbeeld van 'n stamper is op uitstalling te Pelgrimsrust.

Meubels word ook aangekoop om die woning te omskep in een van die voorste woningmuseums in die land. In hierdie woning kan oorgegaan word tot die opbou van 'n versameling van meubels van die periode-style van die twintigste eeu. Veral sal daar op die Art Nouveau- en Art Deco-style gekonsentreer word. Hierdeur sal nie alleen die woning gekomplimenteer word nie maar onnodige duplisering van style van reeds bestaande museums word daardeur ook uitgeskakel.

#### **Belvedere**

Die Belvedere-kragentrale is in 1910 opgerig onder die leiding van mnr. Elsdon Dew, 'n ingenieur van T.G.M.E. en ten tye van sy oprigting was dit die grootste hidro-elektriese kragentrale in die Suidelike Halfmond. Die koste verbonde aan die oprigting van die kragentrale was R248 000. Die gebou is in 1911 deur genl. Jan Smuts, toenmalige minister van mynweese, geopen.


Die vakkundiges van museumdiens is tans besig om te werk aan voorstelle met betrekking tot die oopstelling van die kragentrale as museum. Alle masjinerie, waaronder besondere fyn masjinerie wat deur die Duitse maatskappy Siemens ontwerp is, is nog intakt en in 'n puik toestand van bewaring.

#### **Die sentrale reduksiewerke**

Die sentrale reduksiewerke het in 1896 tot stand gekom nadat 'n groot aantal kleinere maatskappye saamgesmelt het. Alle gouddraende erts is daarna na hierdie gemeenskaplike verwerkingsoord gebring waar rugoud tot staafgoud verwerk is.

Die sentrale reduksiewerke is teen 'n baie skuins helling aan die oosewer van die Blyderivier gebou. Die omliggende myne se erts is per vragmotor en tremlyn na die reduksiewerke gebring. Die ontwerp van die spoorlyn, is deur ingenieur Werthemann onderneem en het £117 000 (ongeveer R234 000) gekos. Die sentrale reduksiewerke se geboue is na 1959 erg beskadig deur 'n swaelsuur-neerslag wat afkomstig was van 'n aanleg wat ten suide van die reduksiewerke gebou is. Hier is swaelsuur uit ysterpiriet vervaardig.

Die beleid ten opsigte van die reduksiewerke was van meet af dat dit veral die meganiese nalatenskap binne die geboue is wat van belang is. Geboue wat van sink vervaardig is, is ook nie so uniek in 'n fabriekopset nie.



#### **DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899 - 1902**

Die boere van Pelgrimsrust, gereed om na die Natalse front te vertrek. Die datum: Oktober-November 1899.


Hier is allerlei masjinerie wat lank reeds deur meer moderne apparaat vervang is maar daar word steeds op die gebied versamel. Die versameling berus op etlike duisende stukke wat almal teen roes en swaelsuur-besoedeling behandel moet word.

Sommige van die masjinerie in die versameling is uniek. Daar is byvoorbeeld 'n ou stoomenjinn, 'n Robey, waarvan sy nommer en jaartal (1903) aantoon dat hy, volgens die Britse internasionale register van stoomenjins, die tweede oudste van sy soort in die wêreld is.

Die reduksiewerke is nog nie ten volle gerestoureer nie; nogtans is die gebied twee jaar gelede vir die publiek oopgestel sodat hulle ook kan meemaak aan die totstandkomingsproses van so 'n projek.

#### **'n Mynmuseum**

Tans is daar op die Witwatersrand twee museums oopgestel waar die vertikale wyse van rufgoudontginning uitgebeeld word. Die Pelgrimsrust-museum beoog om in dieselfde rigting te werk behalwe dat die oopstelling van myngebiede uniek sal wees. Ten eerste was die tunnels waardeur erts uit die berge gehaal is horisontaal en nie vertikaal soos op die meeste ander goudvelde nie. Ten tweede het hier



#### **DIE HOEFSMID, REDUKSIEWERKE, PELGRIMSRUST**

Die hoefsmid te Pelgrimsrust is ten volle gerestoureer en die voorwerpe behandel. Die reduksie is vir die publiek oopgestel en 'n begeleide toer word daaglik onderneem.

oopgroefmyne voorgekom wat ook vir uitstallingsdoeleindes aangewend gaan word. Hierdie projek sal volstroom in 1981 en 1982 ontplooi word.

### Bykomende toekomsprojekte

Bykomende toekomsprojekte wat spesiale vermelding verdien is 'n vervoermuseum wat in die vooruitsig gestel word en sentrums waarin oriënteringsprogramme aangebied kan word vir 'n steeds groeiende besoekersgetal.

Daar sal veral aan opvoedingswerk besondere aandag gegee word; nie net ten opsigte van basiese oriënteringsprogramme vir besoekers nie, maar ook om die publiek se aandag op bewaring te vestig terwyl die stimulering van die opelugmuseum-gedagte as baie belangrik geag word.

Wandelpaaië word in die vooruitsig gestel terwyl die bewaring van natuurtuine, wat algemeen in die klowe van omliggende berge voorkom, ook beplan word.

'n Ou koringmeul gaan langs die Blyderivier opgerig word. 'n Wyse en motivering sal ook nog gevind moet word vir die bewaring van die T.G.M.E.-kampong.

### Openbare geriewe


Geleë op een van die nasionale toeriste-roetes word Pelgrimsrust se besoekerstal steeds meer. In 1977 was die getal reeds 113 000 per jaar terwyl meer as 5 000 skoolkinders die Pelgrimsrust Veldskool in 1980 besoek het. Vir besoekers wat wil oornag is daar hotelgeriewe asook vakansie-wonings beskikbaar. Die pasvoltooide karavaanpark bied ook behalwe staanplek, uitgebreide ontspanningsgeriewe aan.

### Die toekoms van Pelgrimsrust

Die enigste realistiese potensiaal van Pelgrimsrust se voortbestaan nadat die goudmynbedryf gestaak is, was die ontwikkeling tot 'n toeriste-sentrum.

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het hier 'n projek begin wat bereken was maar wat in baie opsigte tog eksperimenteel van aard is. Die verloop toon dat daar van die Pelgrimsrust Opelugmuseum nog veel groot dinge verwag kan word.

Hier is 'n bewys dat 'n owerheid 'n bewaringsaksie begin het wat op wetenskaplike grondslag berus en wat hom uiteindelik ook finansiële goed te staan kan kom. Dit maak die pad oop vir ander soortgelyke projekte wat tot die eer van die Suid-Afrikaanse volk sal strek.



*Die finale afhandeling van sake: In 1974 was onderhandelings tussen die Transvaalse Provinsiale Administrasie en Rand Mine Properties afgehandel. Hier vind die ondertekening van die koopkontrak plaas deur Sy Edele, die gewese administrateur mnr. S. van Niekerk. Langs hom sit mnr. John Mare, voormalige bestuurder van Rand Mines Properties.*



*Pelgrimsrust*

**The following interesting publications, postcards, etc. can be ordered from the Head-office of the Foundation, P.O. Box 1743, Pretoria 0001**

### BULLETIN

Nos 4 5 6 13 15 20 22 23 24 28 29 30 31 each R0,50

### RESTORICA

Nos 1 2 3 5 7 ..... each R1,50

Macrorie-Gentle Bishop of Natal by R.E. Gordon, E and E Gericke and J. Clark — soft cover ..... R1,00

Anglo-Boer War Tile Album, depicting 13 full colour plates (490 mm x 360 mm) with a brief history of most important battles ..... R1,50

Bockenhoufontein. Colour reprints (655 mm x 480 mm) of a painting by Gabriel de Jongh ..... R1,00

The Deputation. Engraving reprint (890 mm x 450 mm) of the wellknown painting by Van Wichgraf in 1903 of a Boer deputation visiting Paul Kruger ..... R2,50

Our Cape Gables by Trefois, Punt and Ploeger .. R3,00

Bewaring van ons Erfenis: The preservation of old buildings and historical remains ..... R2,50

Oud-Nederlandse Architektuur in Suid-Afrika by Clemens Trefois of Belgium. A scientific work in Dutch dealing with the origin of our Cape architecture ..... R3,50

Zes Eilanden in de Zon. Full colour photographs and text in English and Dutch dealing with our related architecture in the Dutch Antilles ..... R6,00

Culembergers Overzee. A review covering four centuries as a result of the restored Jan van Riebeeck-house. In Dutch. P.J.W. Beltjies ..... R2,50

Eerste Europeane in Transvaal — 1725 by W.H.J. Punt R3,50

Postcards. A series of 13 of the Foundation's properties each R0,15

Busts of Pres. Paul Kruger, Pres. M.T. Steyn, Gen. J.H. de la Rey and Gen. C.R. de Wet — 14 cm ..... R10,00

# Vanaf Januarie 1980 tot Augustus 1980 is die volgende deur die RNG as nasionale gedenkwaardighede geproklameer:

KAAPPROVINSIE	Goewermements-kennisgewingsnommer	Datum	Gazette Nr.
1. Die eiendom met die vyf setlaarshuisies daarop, geleë te Cross-straat 1, 3, 5, 7, en 9, in Artificers' Square, Grahamstad.	4	4.1.80	6800
2. Die Kaaps-Hollandse huis bekend as die "Glen", met vyf meter grond daaromheen, te Swellendam.	5	4.1.80	6800
3. Die historiese kalkoond met 25 meter grond daaromheen, geleë op die plaas Jacobus Kraal, in die distrik Malmesbury.	6	4.1.80	6800
4. Die eiendom met die historiese Operahuis daarop, te Port Elizabeth.	7	4.1.80	6800
5. Die Nederduits Gereformeerde Kerk te Springbok, tesame met ses meter grond aan die noorde-, suide- en westekante en drie meter aan die oostekant.	8	4.1.80	6800
6. Die eiendom met die ou Pastorie van die Gereformeerde Kerk daarop, te Piet Retiefstraat, Burgersdorp.	9	4.1.80	6800
7. Die eiendom met die sogenaamde Ou Adjunk-Landdros woning daarop, te Clanwilliam.	257	15.2.80	6848
8. Die historiese korbeelhut op die plaas bekend as Spring Farm in die distrik Grahamstad.	312	22.2.80	6861
9. Die eiendom met die sogenaamde Volstruispaleis daarop, geleë te Hoogstraat 146, Oudtshoorn.	314	22.2.80	6861
10. Die historiese kavallerie-barakke en stalle, te Peddie.	316	22.2.80	6861
11. Die Hexagon te Queenstown.	317	22.2.80	6861
12. Erf 56 en Erf 255, Kerkstraat, Tulbagh.	318	22.2.80	6861
13. Die Bainskloofpas-padreserwe vanaf die adelingsraadsgrens aan die Paarl-kant tot by die Darlingbrug aan die Ceres-kant.	319	22.2.80	6861
14. 'n Gedeelte van die eiendom bekend as Erf 586, met die Ou Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en -pastorie daarop, te Beaufort-Wes.	320	22.2.80	6801
15. Die historiese waterwiel geleë op die kanaal naby die pastorie van die N.G. Kerk, te Kakamas.	321	22.2.80	6801
16. Die eiendom met die N.G. Kerkgebou daarop, te Brandvlei.	322	22.2.80	6801
17. Die eiendom bekend as Chapel Ground, met die Metodistekerk-kompleks daarop, te Clumber.	361	29.2.80	6866
18. Die historiese St Paulus Anglikaanse Kerk, geleë te Kerkstraat, Rondebosch.	362	29.2.80	6866
19. Die twee historiese korbeelhutte op die plaas Glenfield, distrik Grahamstad.	363	29.2.80	6866
20. Die eiendom met die dubbelverdiepinggebou bekend as "Die Stem"-pastorie daarop, te Simonstad.	366	29.2.80	6866
21. Die historiese stoomlokomotief bekend as Clara, by die ingang van die O'Okiep Copper Company se museum, te Nababeep.	408	7.3.80	6783
22. Die eiendom met die gebou bekend as De Post Huys daarop, te Muizenberg.	409	7.3.80	6783
23. Die eiendom met die gebou bekend as Tower House daarop, geleë te Bathurststraat 10, Grahamstad.	410	7.3.80	6783
24. Die kerkgebou bekend as die "Chapel of St Mary and All the Angels", geleë by die Rhodes-universiteit, te Grahamstad.	411	7.3.80	6783
25. 'n Gedeelte van die oorspronklike Cuyler Manorplaas met die historiese woonhuis, asook die gastehuis, die koets- en waenhuis en die meulhuis daarop, te Uitenhage.	453	14.3.80	6879
26. Die Ou Stalle, ook bekend as die Waghuis, geleë te Oatlands, Simonstad.	454	14.3.80	6879



27. Die historiese Malherbehuis met een meter grond daaromheen, geleë op die plaas Kleinbosch, te Daljosafat.	455	14.3.80	6879
28. Die eiendom met die rotsformasie bekend as Die Letterklip daarop, naby Garies.	456	14.3.80	6879
29. Die eiendom met die huis bekend as Oatlands daarop, te Simonstad.	513	21.3.80	6891
30. Die historiese plaas bekend as Morgenster, geleë te Somerset-Wes.	709	11.4.80	6940
31. Die Ou Fokskantoor- en Magistraatshofgebou,, te Alexandraweg, King Williams's Town.	710	11.4.80	6940
32. Die historiese gedeeltes van die Queen's College te Queenstown, naamlik die oorspronklike hoofingang-gebou, die binnehof daarop, die biblioteek, die pakkamer en kruithuis, asook die drie oorspronklike klaskamers.	711	11.4.80	6940
33. Die Stadsaal in Macleanstraat, King William's Town.	713	11.4.80	6940
34. Die historiese Hugenotegedenk-gebou, geleë te Koningin Victoriastraat, Kaapstad.	714	11.4.80	6940
35. Die eiendom met die Sinagoge (voorheen die Wesleyaanse Skool) daarop, in Berkeleystraat, King Williams's Town.	715	11.4.80	6940
36. Die eiendom met die Victoria-drielsaal daarop, in Queenstraat, King William's Town.	716	11.4.80	6940
37. Die historiese brug bekend as die J.W. Sauerbrug, geleë oor die Kraairivier, naby Aliwal-Noord.	717	11.4.80	6940
38. Die gebied wat die historiese kern van die Morawiese Sendingstasie verteenwoordig, tesame met die geboue daarop, te Genadendal.	1056	30.5.80	7041
39. Die gebou bekend as die Graaff-Reinet Apteek, tesame met sy hele historiese inhoud, geleë te Caledonstraat 24, Graaff-Reinet.	1057	30.5.80	7041
40. Die historiese plaaskompleks bekend as Lombard's Post, te Bathurst.	1059	30.5.80	7041
41. Die eiendom met die sogenaamde Olive Schreiner-huis daarop, te Grundlingstraat 9, De Aar.	1698	22.8.80	7187
42. Die historiese peerbome op die sypaadjie in Donkinstraat, Beaufort-Wes.	1699	22.8.80	7187
43. Die kerkgebou bekend as Christ Church, Burgersdorp.	1700	22.8.80	7187
44. Die historiese Nagmaalsput, geleë op die perseel van Lewis Stores, te wete Erf 467, Malmesbury.	1701	22.8.80	7187
45. Die eiendom met die huis bekend as Molenvliet House daarop, geleë te Molenvlietstraat, Mowbray.	1703	22.8.80	7187
46. Die huis bekend as Welgelegen, tesame met tien meter grond daaromheen, te Rondebosch, Kaapstad.	1704	22.8.80	7187
47. Die ruïnes van die Jacobshuis, met 10 meter grond daaromheen, op die plaas De Kalk in die Afdeling Hopetown.	1705	22.8.80	7187
48. Die oorblywende gedeelte van die wynkelder geleë op die plaas Laborie, Paarl.	1706	22.8.80	7187
49. Die Victoriaanse Huis, geleë te Millstraat 94, Paarl.	1708	22.8.80	7187
50. Die historiese gebou bekend as Sutton House, tesame met vier meter omliggende grond, te Dale-Kollege, King William's Town.	1709	22.8.80	7187
51. Die sogenaamde Joodse Skuinshuis, geleë te Van Ryneveldstraat 44, Stellenbosch, tesame met 'n omringende gebied wat die historiese hoenderhokke insluit.	1711	22.8.80	7187

#### ORANJE-VRYSTAAT

1. Die eiendom met die Vrouemonument daarop, te Bloemfontein.	1714	22.8.80	1787
---	------	---------	------

#### TRANSVAAL

1. Die Ou Tronk te Amsterdam, in die distrik Ermelo.	256	15.2.80	6848
2. Die Ou Lutherse Kerkie te Kroondal, distrik Rustenburg.	364	29.2.80	6866
3. Die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou in Du Toitstraat, Pretoria.	452	14.3.80	6879
4. Die Austin Roberts-voëlreservaat in New Muckleneuk, Preoria.	712	11.4.80	6940
5. Die kalkoonde geleë op Gedeelte 4 van die plaas Grootgeluk 477 J.T., distrik Nelspruit.	1058	30.5.80	7041

6. Die eiendom met die historiese beesdip daarop, geleë op Gedeelte 1 van die plaas Uitgevonden 355, Registrasie Afdeling JP, distrik Lichtenburg.	1361	4.7.80	7111
7. Die eiendom bekend as die Landingsplek van die Voortrekker, geleë op die restant Gedeelte 91 van die plaas Koedoespoort 325 JR, Tvl.	1707	22.8.80	7187
8. Die Grootkerk, in Bosmanstraat, Pretoria, met een meter grond daaromheen.	1760	29.8.80	7199

### NATAL

1. Die eiendom met die Shree Ambalavanaar Alayam Tempel-kompleks daarop, te Cato Manor, Durban.	313	22.2.80	6861
2. Die ruïnes van die Marianne-kerk en die wal daaromheen, geleë op die plaas Doveton, in die distrik Winterton.	315	22.2.80	6861
3. Die eiendom met die historiese Drostdygebou en stalle daarop, te Paulpietersburg.	365	29.2.80	6866
4. Die eiendom met Fort Durnford, asook al die ander historiese strukture daarop, te Estcourt.	462	14.3.80	6879
5. Die Beachwood-mangliet moeras, te Durban.	1461	22.8.80	7131
6. Die historiese Stadsaal-gebou, te Greytown.	1702	22.8.80	7187
7. Die Ou Hofgebou, geleë te Victoria Embankment 151, Durban.	1710	22.8.80	1787
8. Die eiendomme met die twee Indiër-winkels daarop, in Retiefstraat, Weenen,	1712	22.8.80	1787
9. Die eiendom met die geologiese formasie daarop, in Corinthiaweg, Reedbank, Durban.			

## Begin van restourasie van Wesfasade van Kerkplein

- Kobie Richards in Beeld, 29 September 1980

Die eerste treetjie vir die bewaring van die Wesfasade van Kerkplein is verlede week gegee, toe die Posterye met die eerste fase van die herbouing en herstel van die bestaande geboue aan Kerkplein tussen Kerkstraat en Vermeulensstraat begin het. Die geboue lê merendeels in Paleislaan oorkant die Paleis van Justisie en langs Kirknesslaan.

Die kontrak is vroeër vandeemaand aan 'n kontrakteur toegestaan om te begin met die sloop van minderwaardige dele van die agterkant van die ou Nasionale Bank en Munt van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Ou Mutualgebou daarnaas.

Die kontrak van 'n bietjie meer as R1 miljoen, sluit ook die uitgrawings vir 'n nuwe sorteergebou vir pakkette aan die agterkant van die gebou in, sê mnr. Leonardo Smit, direkteur van geboue van die Posterye. Hierdie werk sal in Oktober 1981 voltooi wees.

Die tweede fase — dit wil sê die oprigting van die pakkettegebou — sal eers oor 'n jaar begin wanneer die eerste fase voltooi is. Tenders sal dan gevra word. Die gebou sal deur die oues versteek word en sal net twee verdiepings hoog wees.

Die derde fase sluit in die algehele opknapping en herstel na

hulle oorspronklike glorie van die bestaande ou poskantoor-gebou, die Nasionale Bankgebou, Muntgebou en Ou Mutualgebou.


Na verwagting sal die projek sowat R8,1 miljoen kos en sal dit einde 1985 voltooi wees. 'n Maatskappy van Pretoria stel alle planne op. Ná voltooiing sal die ruimte in die geboue deur die poskantoor benut word.

Aanvanklik wou die Posterye die hele wesfasade afbreek, en 'n splinternuwe gebou of geboue in die plek daarvan oprig. Die koste daaraan verbonde was egter te hoog, en daar is besluit om die bestaande geboue op te knap.

Die hoeksteen van die Nasionale Bankgebou is op 6 Julie 1892 deur president Paul Kruger gelê. Binne die steen is kopieë van die Staats Courant, stelle munte en handtekening van werkers van die bank. Voor 1892 was daar 'n groentewinkel op die perseel en skuins daaragter, die Hotel Kimberley en die stadsaal.

Later is die Munt aangebou wat vandag bekend staan as die bygebou. Vandag nog is die mooi ysterhek 'n bekende baken op die plein.


Van 1925 tot 1938 was die ou bankgebou die hoofkantoor van Barclays Bank in Suid-Afrika.



'n SKETSPLAN van die ou poskantoor (links), die ou Nasionale Bankgebou en bygeboue (onder meer die ou Munt) en oorkant Kirknesslaan, die Ou Mutualgebou. Heel regs is 'n deel van die nuwe pakkettegebou. Die gebou sal egter nie van Kerkplein af sigbaar wees nie. Dié pakkettegebou sal ook nie agter die fasades van die bestaande geboue uitsteek nie. Agter kan 'n heelwat ouer bestaande poskantoorgebou gesien word.

## Nuwe Plantasie Paarl: Familieplaas van die Bosmans

- Gwen en Gawie Fagan



### GESKIEDENIS VAN DIE NUWE PLANTASIE

*geboort, onwonderlike voor Zienigheit van de  
godt mijnne goedertienheit daar digt by, waar een  
sleer goet stukke land onbrent omme morgespoet, die  
voor mij onwaarsdig, van de font vloet, het geselsch.  
en overvloedig schein, volgens het gein, bij de  
handeling 17 v. 26 dat stukke land overloet, die voor  
mij in eijgendom, en door de goetjustigheit, van  
den wel Edel heer, gonvernour en Raadt, al hier  
vint het gemeenten met kaarten erfbrief, daer  
van in eijgendom gegent, daer ik van flonde, a*

*Uittreksel uit brief van Hermanus Bosman 1754*

Die verhaal van hierdie ou plaas begin op die 6de Junie 1717 toe twee morg grond in die Drakenstein aan die "krankebezoeker" Hermanus Bosman vergun is; In hierdie oorspronklike erfbrief word die naam aangegee an Nieuwe Plantage.<sup>1</sup>

Hermanus Bosman is op 20 Januarie 1706 deur die Oos-Indiese Kompanje, in die veeleisende pos van sieketrooster, op hul skip die *Schellenberg* na Batavia uitgestuur. Sy vader, Lambertus, van Aurik afkomstig, en sy moeder, Maria Franz van Amsterdam, het toe nog geleef en gewoon in Amsterdam. Blykbaar het Hermanus hom goed van sy taak gekwyd, want hy word weer vanaf Batavia na die Kaap de Goede Hoop as sieketrooster op *De Overryp* teruggestuur. Met sy aankoms in die Kaap het Hermanus reeds 'n weersin in die ruwe skeepslewe ontwikkel en hy vra dus toestemming om hier te mag aanbly.<sup>2</sup>

Aangesien daar by die Kaapstad- en Stellenboschgemeentes reeds krankebesoekers was, is Hermanus na Drakenstein gestuur waar daar in 1691 onder die Franse predikant, ds. Simond, 'n derde Kaapse gemeente gestig is. Met sy aankoms in Drakenstein op 3 Julie 1707 as gesaghebber en opsigter oor al die kerk-werk, vind hy dat geen woonhuis vir hom of vir 'n predikant bestaan nie en dat daar slegs 'n klein modderkerkie is wat deur ds. Simond op sy plaas Bethlehem gebou was. Ds. le Boucq, wat 'n paar manade voor Hermanus as predikant by Drakenstein aangestel was, het juis vanweë dié tekortkomings geweier om die pos daar te aanvaar, sodat die Drakensteingemeente maar tevrede moes

wees met vier besoeke per jaar wanneer die dominee uitkom om die sakrament te bedien. Gevolglik was dit Hermanus se plig om op Sondag die preek voor te lees in Hollands terwyl die Franse onderwyser, Paul Roux, verantwoordelik was om die preek in Frans voor te lees. Nadat ds. le Boucq in 1708 die land verlaat het, moes die twee voorlesers vir die volgende vyf jaar alleen verantwoordelikheid aanvaar vir die sieleheil van hulle gemeenskap.

Aangesien daar geen huis vir Hermanus was by Drakenstein nie, het hy tuisgegaan by die Hugenoot, Abraham de Villiers<sup>3</sup> — seker die invloedrykste burger in die gemeenskap. Die sieketrooster het benewens sy kerkpligte ook vir die De Villiers-kindere skoolgehou, en voor 'n jaar verloop het, met die oudste dogter, Elisabeth, getrou.<sup>4</sup>

Teen 1713 was die Drakenstein-kerkie erg bouvallig en aangesien die gemeente toe 200 lede sterk was, rig Hermanus Bosman met nog 'n diaken 'n ernstige versoek aan die Politieke Raad dat 'n nuwe kerk vir hulle gebou word.<sup>5</sup> Maar teen 1717 is dieselfde kerkie nog in gebruik en toe reeds in so 'n treurige toestand, dat dit afgebreek is. Gelukkig kry die gemeente in dieselfde jaar toestemming vir die bou van 'n nuwe kerk, en nadat vyf morg vir dié doel langs die predikantshuis uitgemeent is, het Hermanus Bosman begin met die bouwerk volgens die plan van die baastimmerman Huspot. Op 1 Augustus 1717 het hy die eerste pik in die grond geslaan,<sup>6</sup> en die eerste stene van die fondament is die volgende dag gelê, alhoewel die offisiële hoeksteenlegging eers later op die 6de September plaasgevind het.

Dié eerste kerkie was gebou op dieselfde stuk grond waarop die strooidakkerk in die Paarl vandag staan,<sup>7</sup> en aangesien Hermanus vermoedelik nog by sy skoonvader op die plaas Lekkerwyn in die Groot-Drakenstein vallei gewoon het, was 'n woonplek nader aan die kerk vir hom nou noodsaaklik. Gevolglik doen hy aansoek om 'n stukkie grond naby die kerk en kom sodoende in besit van Nieuwe Plantage. Later is 'n leenplaas teen geringe huurgeld deur die Goewerneur aan hom gegee vir saai en vir weiveld vir sy skape en beeste.<sup>8</sup> Kort hierna bou Hermanus, met behulp van sy skoonvader, 'n huis op Nieuwe Plantage en daarna lê hy groentetuine, wingerd en vrugteboorde aan. Volgens 'n brief wat hy in 1754 aan sy suster in Holland geskryf het, het hy toe nog in dieselfde huis gewoon.

Op 14 Augustus 1769, drie weke na Hermanus se dood, is 'n inventaris van die huis, asook die ander geboue op die werf gemaak.<sup>9</sup> In die inventaris, nou nog geliasseer in die Argief, word al die los goedere in die verskeie vertrekke van die huis, kelder en waenhuis beskryf. Van die beskrywing weet

ons dat die huis bestaan het uit 'n voorhuis, twee kamers aan die linkerhand, een aan die regterkant, 'n agterkamer en 'n kombuis — dus duidelik 'n T-vormige plan. 'n Pakhuisie (of dispens) word genoem, asook 'n slawehuis, bakhuis, winkel, 'n perdestal, 'n waenhuis en 'n wynkelder. Die name en geboorteland van Hermanus se dertien slawe word ook hier aangeteken, maar daar is geen melding van 'n slawekerkie nie. Indien daar wel so 'n kerkie bestaan het, sou dit miskien nie genoem word tensy daar los goedere in gestoor was nie. Die geboue wat in die inventaris beskryf word, kom tot so 'n mate ooreen met die huidige T-vormige huis, die pakhuisie wat vroeg in die eeu gesloop is, die kelder, perdestal en gebou waar die slawe-bakhuis en -winkel nog tot onlangs ingerig was, dat daar met redelike sekerheid aanvaar kan word dat die huidige werf-kompleks uit Hermanus se dae dateer, en dus sekerlik van die oudste plaaswerwe in die Paarl is.

In 1748 het Hermanus 'n versoek gerig aan die Politieke Raad om te vra dat hy weens hoë ouderdom en swakheid, van sy pos ontslaan mag word en dat sy seun Abraham as sieketrooster in sy plek aangestel mag word.<sup>10</sup> Die versoek is goedgekeur en Hermanus beskryf daarna aan sy suster in Amsterdam hoe gelukkig hy op sy oudag op sy plaas woon. Twee ongetroude dogters en drie seuns het by hom in sy huis gewoon om vir hulle ouers te sorg. In 'n boekie, geskryf deur sy dogter Elisabeth,<sup>11</sup> word Hermanus se laaste dae sorgvuldig beskryf en hierdeur leer die leser die ou sieketrooster as 'n diep godsdienstige en vrome man ken. Dat hy begaan was oor sy slawe se welvaart blyk uit 'n klousule in sy testament waarin versoek word dat sy slawe nooit aan iemand anders as sy eie seuns verkoop mag word nie.

Volgens die testament wat op 8 Maart 1719 in die Kaap opgestel is,<sup>12</sup> het Hermanus en Elisabeth vir Nieuwe Plantagie aan hulle oudste seun, Abraham, bemaak vir 'n bedrag van 4 000 gulden in vier gelyke paaieimente betaalbaar, en so kom dit dan ook dat Abraham op 10 Oktober 1770 oordrag ontvang, ongeveer 'n jaar na sy vader se dood.<sup>13</sup> Alhoewel Abraham twee jaar na sy aanstelling as sieketrooster in 1748 ontslaan en ook van burgerlike pligte verskoon is, weens swakheid en gedurige siekte, sou hy nog negentig jaar oud word. Hy het nooit getrou nie en waarskynlik het sy broer Isaak se seun, Hermanus Lambertus, reeds vroeg vir sy oom op Nieuwe Plantagie kom help boer. In 1785, toe Abraham nege-en-sestig jaar oud was, het hy sy plaas bemaak aan Hermanus Lambertus vir 6 000 gulden in drie paaieimente, op voorwaarde dat hy sy oom versorg en toelaat om tot die einde van sy dae by



Die slawehuis, bakhuis en winkel met stal in die agtergrond.

hom te bly woon op die plaas.<sup>14</sup> Abraham het 'n jaar voor sy dood sy boeke, almal met 'n godsdienstige strekking dok aan sy nefie bemaak.<sup>15</sup> Dit was nogal 'n lang lys (miskien het hy nog sommige van sy vader ge-erf) en Abraham sê by die inventaris van die boeke dat hy darem nie almal gelees het nie! Nogtans was hy, soos sy vader, innig godsdienstig soos uit verskeie briewe blyk. Uit een brief geskryf aan die sendeling J.J. van Zulch, gee hy te kenne dat hy belangstel in en die werk van die Hernhutters bevorder.<sup>16</sup> In sy testament toon hy dieselfde besorgdheid oor sy slawe as sy vader, en versoek dat sy slawe wat belydenis van die christelike geloof gedoen het, nooit verkoop mag word nie; verder maak hy geldelike voorsorg vir sy slaaf August en ook vir sy "oude en getrouwe slaaf genaamd October van Malabar".<sup>17</sup>

Hermanus Lambertus het oordrag van Nieuwe Plantagie ontvang in 1796, tien jaar voor ou Abraham se dood.<sup>18</sup> Hy word in ou dokumente beskryf as 'n "trader and winegrower"<sup>19</sup> en het blykbaar sy togryers, J.T. Baartman, D.A. Roussouw en J. Krige gereeld die binneland ingestuur om met vee te handel. Vandag nog is daar op die plaaswerf 'n kraal met baie hoë klipmure en 'n skaapwagter-huisie met venster wat uitkyk oor die kraal. Hierdie kraal in sigself is 'n interessante herinnering aan die tydperk toe vee-handel 'n goeie bron van inkomste was.

Wat verkeerd geloop het met Hermanus Lambertus se transaksies, weet ons nie, maar in 1858 word hy insolvent verklaar en alhoewel drie verskeie vendusies gehou is van gereedskap en van sy tweede plaas Zandvliet wat hy op skuld gekoop het, kom hy nooit weer volkome op die been nie. In 1864 met die opmaak van sy tweede boedelrekening kla die trustees dat sy boekhou nie van die beste is nie en veral dat daar geen boek gehou is van sy kontant-transaksies nie.<sup>20</sup> In 'n assuransie wat Hermanus gedurende die tydperk op Nieuwe Plantagie geneem het, word 'n woonhuis, kelder, stal en "diensbodens"-gebou weer eens beskryf (slawe was toe reeds vrygestel). Daar word ook genoem dat die geboue van klei, kalk en steen gebou is onder "stroo daken" met behoorlike brandsolders, buitetrappe en van "elkanderen en andere gebouwen afgezonderd staande".<sup>21</sup> Volgens 'n inventaris van Hermanus Lambertus se huisraad geneem in 1848 is die huis op Nieuwe Plantagie nog T-vormig maar die kamer aan die regterkant is nou in twee verdeel.

Alhoewel Hermanus Lambertus op 26 Maart 1830 Nieuwe Plantagie oorgedra het op die naam van sy seun, Izaak Johannes, wat getroud was met Susanna Wilhelmina Krige<sup>22</sup> blyk dit dat vader en seun daarna tog beide op Nieuwe Plantagie gewoon en geboer het.<sup>23</sup> Die plaas was teen hierdie tyd ook reeds baie groter, want afgesien van die oorspronklike 2 morg uitgif aan die eerste Hermanus, het Abraham in 1792 nog 11 morg 146 vk. Roede in erfpag ontvang; Hermanus Lambertus het in 1804 20 morg 581 vk. Roede in erfpag ontvang en in 1817 4 morg 176 vk. Roede in ewigdurende erfpag; en Izaak Johannes het in 1862 ook 125 vk. vt. grond in erfpag bygekry.<sup>24</sup> Op die vroegste foto van Nieuwe Plantagie<sup>25</sup> is daar 'n tweede kelder en groep buitegeboue links van die ou werf, en die vermoede is dat hierdie geboue Izaak se boerdery gehuisves het.<sup>26</sup> Vandag staan daar van hierdie oorspronklike drie geboue nog net een, terwyl die res reeds gesloop is.

Veertig jaar nadat Izaak oordrag gekry het, word die familieplaas op 21 Januarie 1871 aan sy seun Jan Daniël oorgedra.<sup>27</sup> Jan Daniël het blykbaar die huis se oorspronklike deure en vensters vervang met die "French windows" wat vandag nog te sien is, en verder het hy veranderings aan die voorgewel gemaak en die huidige letters daarop aangebring H.L.B. AD 1707; J.D.B. AD



*Klein-Plantasie teen die laat-neëntiende eeu.*


1876.<sup>28</sup> Aangesien die eerste eienaar net H.B. was en die huis nie voor 1715 gebou kon word nie, is hierdie letters natuurlik foutief, en Jan Daniël se voorletters en datum daarby herinner ons dat dit hy is wat die voorkoms van Hermanus se oorspronklike huis uitgewis het. Hy het ook die binneplan van die huis verander sodat daar nou in plaas van 'n voorkamer, 'n smal gangetjie agter die voordeur geskep is — dit was natuurlik so in die nuutste Victoriaanse mode.<sup>29</sup> Moontlik het Prins Alfred se besoek in 1860 aan Nieuwe Plantasie die nuwe modegier ook aangehelp! In 1896, na Jan Daniël se dood, is die plaas oorgedra aan sy vrou<sup>30</sup> Catherina Sophia Bosman en ses jaar later na haar dood, erf haar seuns, volgens die weduwee se testament<sup>31</sup> die eiendom. Die vier Bosman seuns was Izaak Johannes, Willem Izaak Louw, Jan Daniël en Hendrik Gerhard, maar

dit is Jan Daniël wat daarna alleen op 9 Julie 1898 transport ontvang.

Na Jan Daniël se dood op die 19de April, 1929 is Nieuwe Plantasie vir die eerste keer, na twee honderd en veertien jaar in besit van die Bosman-familie, uit die familie verkoop.<sup>32</sup> Gelukkig het die nuwe eienaar, Albertus Johannes François du Toit, en sy vrou na hom, waardering gehad vir die ou werf en daar is baie min aan die buitegeboue verander. Nadat die huis in 1953 afgebrand het, het hulle die grasdak herbou en die huis weer opgeknop. Aan die huis self is verskeie aanpassings gemaak: 'n "pergola" en "lobby" by 'n nuwe sy-ingang, nuwe binne-gange, slaap- en badkamers aan die noordekant en twee vuurherde in die voorkamers. Hulle het ook 'n veranda by die voordeur aangebring en die een muur van die voor-gangetjie verwyder.


In 1974 is die Du Toit-familie daarvan in kennis gestel dat hulle eiendom onteien word vir die bou van 'n moderne skool, maar dié plan is gelukkig nie deurgevoer nie en die plaas is onlangs deur die Administrasie weer aan 'n private eienaar verkoop.

Gedagtig aan die belangrikheid van hierdie ou familieplaas waar agt geslagte van een van ons mees gesiene Afrikaanse families gewoon het, wil ons voorstel dat al die geboue op die werf soos gebou deur die sieketrooster Hermanus Bosman, gerestoureer en vir die nageslag as 'n nasionale monument behou word. Net so belangrik is die slawekerkie, wat volgens ons mening gebou is deur die sieketrooster se kleinseun en wat 'n waardevolle voorbeeld is van ons boerebevolking se evangelisasie-bedrywigheid teen die einde van die agtiende eeu.




*Nuwe-Plantasie teen ongeveer 1890*


Dit word algemeen aanvaar dat die sieketrooster Hermanus Bosman hierdie kerkie in 1737 gebou het en dat dit vir die godsdiensoerrig van sy slawe gebruik is. Die vroegste bron van hierdie inligting is gevind in 'n artikel deur ds. H.D.A. du Toit geskryf vir die Kerkbode van 2 April 1852. Sorgvuldige navorsing in alle beskikbare oorspronklike Bosman-dokumente kon egter die bewering nie bevestig nie,<sup>1</sup> en aangesien die boudatum van belang is by bepaling van die materiaal wat vir die restourasie van veral die dakkonstruksie benodig word, was dit noodsaaklik om meer duidelikheid oor dié onderwerp te probeer kry. Volgens 'n inventaris geneem van Hermanus se besittings na sy dood in 1769,<sup>2</sup> weet ons dat hy aan die einde van sy lewe dertien slawe besit het — skaars genoeg om die bou van 'n afsonderlike kerkie te regverdig. In daardie jare was daar in iedere geval in die Paarl-kerk self sitplekke vir slawe,<sup>3</sup> en is dit waarskynlik dat die sieketrooster se slawe, wat net langs die kerk gewoon het, van dié voorreg gebruik sou maak.



Gerestoureerde Slawekerkie



Slawehuis, Bakhuis en Winkiel



Soos dit oorspronklik gelyk het


Gedurende Hermanus se leeftyd was daar op die platteland 'n algemene ongeërgdheid teenoor godsdiensoerrig van slawe, terwyl die doop van slawe, veral geensins gewild was nie. Gedoopte slawe mag nie verkoop word nie en sodoende het hulle hul waarde verloor.<sup>4</sup>

Volgens verskeie vroeë reisigers het die meeste koloniste hulle diensmense met verantwoordelikheid en op humanitêre wyse versorg, maar die idee van geordende openbare godsdiensoerrig van slawe en heidene het eers in 1786 posgevat met die koms in die Kaap van die jong predikant Helperus van Lier.<sup>5</sup> 'n Groepie belangstellendes het saam met Van Lier 'n vriendekring gevorm en hulle beywer eers met bekering van slawe in die Kaap self, en daarna het hul werksaamhede tot die platteland uitgekring. In 1792 het die Morawiese sendelinge, wat in 1737 sonder sukses by Baviaanspoort 'n sendingstasie onder die Hottentotte probeer stig het,<sup>6</sup> hulle werk daar hervat, dié keer met groot sukses.<sup>7</sup> Hulle voorbeeld het ander om hulle in die platteland beïnvloed en die sendinggedagte nog verder aangewakker.

In 1796 het J.J. van Zulch, een van Van Lier se sendelingvriende, begin met sy evangelisasiewerk in die Wagenmakersvallei<sup>8</sup>, en in Roodezand het ds. M.C. Vos ten spyte van kwaai teenstand van sy gemeente, ook ywerig die godsdiensoerrig van "alle kreature" aangemoedig.<sup>9</sup> Hy het selfs 'n handboekie opgestel met behulp waarvan eienaars hulle eie diensmense kon beywer. In 1799 het die eerste sendelinge van die London Missionary Society in die Kaap aangekom en in dieselfde jaar is die Zuid Afrikaanse Zendinggenootschap gevorm met later ook takke in die platteland.

By Nuwe Plantasie het die ywerige sendinggees klaarblyklik ook indruk gemaak en ons lees in 'n brief wat J.J. van Zulch in 1799 skryf aan Abraham Bosman<sup>10</sup> dat Abraham self ook, onder die invloed van die Hernhutters, besig is met evangelisasiewerk. In daardie jaar het ou Abraham se nefie, Hermanus Lambertus Bosman, reeds al by hom op Nuwe Plantasie gewoon<sup>11</sup> en tussen die twee van hulle het hulle 'n hele aantal slawe besit.<sup>12</sup> Vir ons klink dit ook dan baie meer waarskynlik dat Hermanus Lambertus die slawekerkie vir sy oom gebou het. As afgetrede sieketrooster en wydbelese en innig godsdienstige man, was ou Abraham by uitstek uiters bekwaam vir sy sendingtaak.<sup>13</sup> Die boudatum van die kerkie skyn dus êrens in die laaste dekade van die agtiende eeu te wees.

In de Zuid Afrikaan van 30 November 1841 word hierdie vermoede bevestig deur 'n artikel geskryf deur eerw. F.N. van Niekerk. Hy sê: "Daar, zoo ver my bekend is, vroeger geene openbare godsdienst voor slaven en andere heidene gehoude is, kwam in het jaar 1796, uit de Kaapstad, met



Plan van Kraal & Skaapwagterhuisie

der woon onder ons, nu wy een de Heer J.J. van Zulk, geboortig van Holland, en die, als een discipel van den Wel Eerw. Heer van Lier ... om godsdienstig onderwys aan de Heidenen te geven”.

Later in 1813 sou ’n groepie sendingvriende in die Paarl ’n ruimer kerkie of liewer sendinggestig bou vir die godsdiensoonderrig van slawe<sup>14</sup> en heidene, en dié Gesticht, tesame met Abraham se slawekerkie, staan albei vandag nog as baken van die geweldige sendingywer wat die begin van die negentiende eeu oor die platteland posgevat het.

#### Verwysings

1. Old Stellenbosch Freeholds, Vol. II, p. 158, 6 Junie 1717.
2. Kerkargief: Bosman stukke. Brief deur H. Bosman aan sy suster geskryf 1753.
3. Abraham de V., Franse Hugenoot, arriveer Kaap in 1689 saam met sy twee broers Jacques en Pierre. Boer op sy plaas Lekkerwyn in Groot-Drakenstein.
4. Uit die huwelik is gebore vier dogter en ses seuns, Isaak, sy sesde kind getroud met Susanna de Villiers is op 1 Desember 1777 die eiendom Welgelegen by Bottelary toegestaan en hier het die tweede Bosman-familieplaas tot stand gekom.
5. Versoekskrif aan die Politieke Raad gedateer 2 Maart 1713.
6. Volgens sy eie brief van 1753.
7. Kwartmillenium Gedenkboek Paarl-gemeente, p. 25.
8. Volgens sy brief van 1753.
9. Kaapse Argief: Stellenbosch 18/31.
10. Leibbrandt, H.C.V.: Precies of the Archives, Requesten en Memorien, p. 79.
11. Kerkargief Kaapstad: By die Bosman dokumente is die boekie in haar eie handskrif — later gedruk.
12. Kaapse Argief, MOOC 6/1, p. 63.
13. Aktekantoor, T 4327, 10 Januarie 1770.
14. Kaapse Argief, MOOC 7/1/53, p. 13.
15. Kaapse Argief, MOOC 7/1/68, no. 7.
16. Kerkargief, Kaapstad: Bosman stukke. Die brief is gedateer 13 September 1799.
17. By Hermanus Lambertus se opgaaf van slawe in 1816 sien ons vir August, 65 jaar oud, nog altyd woonagtig op Nieuwe Plantagie. Hy is eers in 1827 dood.

18. Aktekantoor: Die transportdatum waarop Abraham oordrag aan Hermanus Lambertus gee is nie aangedui nie. Volgens die Bosman-familieboek, p. 26, was dit 1796.
19. Kaapse Argief: MOIB 2/870.
20. Kaapse Argief: MOIB 3/21120.
21. Kaapse Argief: MOIB 2/870, gedateer 9 Augustus 1848.
22. Aktekantoor, T 3493 op 26 Maart 1830.
23. ’n Opname is in 1834 van hulle slawe gemaak asook valuasies vir uitbetaling by hulle vrystelling.
24. Aktekantoor, T 3493 op 26 Maart 1830.
25. In “Die Bosmans van Suid-Afrika” verskyn die foto.
26. In die slawevaluasie-register van 1834 word genoem dat beide Isaak en sy vader op Nuwe Plantasie woon.
27. Aktekantoor, T 130 op 21 Januarie 1871.
28. Die Bosmans van Suid-Afrika.
29. Die een muur van die gangetjie is verwyder in 1929 met die Du Toit-veranderings (sien plan op bl. 27).
30. Aktekantoor, T 8646, op 16 Desember 1896.
31. Aktekantoor, T 5642, op 9 Julie 1898.
32. Aktekantoor, T 3796, op 19 April 1929.

by “Geskieiedenis van die Slawekerkie”

1. Verwys na die Bibliografie op bl. 23.
2. Kaapse Argief: Stellenbosch 18/30.
3. Prof. D.J. Kotzé: Die Burger, 1969. “Interessante Verhaal van Ou Kerk opgediep”.
4. Hierdie ordonnansie is later op 10 April 1770 in Batavia passeer en was ook in die Kaap van krag. Dit het presies die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat oorspronklik daarmee beoog was. Insteeds van ’n seën het dit ’n stremmende invloed op die godsdienstige ontwikkeling van die slawe gehad.
5. Hierdie jong predikant het na die Kaap emigreer vir sy gesondheid. Hy is ongelukkig ’n paar jaar na sy aankoms hier oorlede, maar sy godsdiensoewer is voortgesit deur die groepie vriende wat toe na sy dood sy boodskap versprei het.
6. Die eerste Morawiese sendeling, George Schmidt, is na ses jaar se sendingwerk in 1742 teruggestuur na Holland.
7. Die drie sendelinge wat in 1792 by George Schmidt se ou sendingstasie aangekom het, Hendrik Marsveld, Daniël Schwum en Christiaan Kühnel, het nog een van Schmidt se bekeerlinge ’n ou Hottentotvrou, Lena, daar gekry.
8. Van Zulch was een van Van Lier se dissipels.
9. In sy biografie “Merkwaardig Verhaal” vertel M.C. Vos van die konsternasie wat ontstaan het onder sy gemeentedele toe hy van die kansel afkondig dat hy ook vir die slawe en heidene godsdiensoonderrig beplan.
10. Die brief gedateer 13 September 1799, is geliasseer by die Bosman-dokumente by die Kaapse Kerkargief.
11. Volgens Abraham se testament van 7 Januarie 1785 (Kaapse Argief MOOC 7/1/53) het Hermanus Lambertus die plaas geërf op voorwaarde dat Abraham lewenslang daar mag woon.
12. In ’n opname wat gemaak is van Hermanus Lambertus se slawe vir die slaweregister vanaf 1816 (Kaapse Argief, Slawe-sake, 6/82) besit hy 20 en in 1803 besit Abraham nog 6 slawe van sy eie. (Opgaafrolle, Kaapse Argief, J 228).
13. Kaapse Argief MOOC 7/1/68. Hier word ’n inventaris van Abraham Bosman se menige godsdienstige boeke aan sy nefie oorgedra terwyl Abraham se briewe straal van innige godsdiensoewer. Ook sy testament getuig van meegevoel en deernis vir sy slawe: Slawe wat belydenis van die Christelike geloof gedoen het, mag nooit verkoop word nie, en vir sy slaaf August van die Kaap is spesiale geldelike voorsorg gemaak. In ’n latere kodsil word ook 500 riksdaalders opsygesit vir sy “oude en getroue slaaf genaam October van Malabaar”.
14. Die grond vir dié gebou is geskenk deur een van die vriende, J.H. Baard. Die eerste godsdiensoefeninge het hier na die voltooiing van die kerk in 1814 begin. In 1819 is die gebou oorgeneem deur die Paarlse Sendinggenootskap en later is die gemeente bekend as die Zionsgemeente.

# A Sandstone Architect of Oudtshoorn

**John Thomas Cooper (1832-1909)**  
**Stonemason-Builder-Architect**

*I.J. Ferreira, C.P. Nel Museum, Oudtshoorn*



*Johan Thomas Cooper*

During the period 1858 to 1861 a total of 3832 immigrants were recruited in England, Scotland and Ireland under the protection of the Cape Town Immigration Board and brought out to the Cape Colony to alleviate the shortage of skilled workers.<sup>1</sup>

One of these men who came out was the stonemason, John Thomas Cooper, born 3rd December 1832 in Nottingham, England. He set foot ashore at Cape Town on 17th of June 1859 where he practised his trade as stonemason for one year.<sup>2</sup>

## **To Oudtshoorn**

### **The Building of the New Dutch Reformed Church in Oudtshoorn**

On 17th September 1860 the Building Committee of the Dutch Reformed Church in Oudtshoorn accepted the design plans of George Wallis (Snr.) for the erection of the new sandstone church in the neo-Gothic style.<sup>3</sup> Mr Joseph Blake was appointed Clerk of Works and John Thomas Cooper as foreman of the stonemasons.

Work at the Church was abandoned on 5th October 1863 consequent to an argument between the Building Committee and the Architect.<sup>4</sup>

# JOHN COOPER

(LATE COOPER & ROGERS.)

**BUILDER, MONUMENTAL MASON, etc.,**  
**OUTDSHOORN.**

Estimates for all kinds of  
Buildings, and Monumental  
designs on application.

*Advertisement*


## **Supervision by Cooper**

In 1865 the work at the church was resumed under the supervision of John T. Cooper. In December 1865, work came to a halt due to lack of finances as Oudtshoorn district was in the grip of a severe drought. In 1875 the new Building Committee decided to obtain the services of master builder and architect Otto Hager of Cape Town. A proposal by John Cooper to the Building Committee in September 1876 to let five stonemasons and a sawyer come from England to speed up the work was accepted. The local sandstone was of such high quality that even the decorative flower designs could be carved out of it. (Municipal Grounds-Cango Cave road.) For his good services he received a formal note of thanks from the Building Committee at the inauguration of the Church on the 7th June 1879.<sup>6</sup>


## **Cooper as architect**

After the completion of the Dutch Reformed Church, John Cooper established his own monumental works and building firm. At this stage there was no recognised architect in Oudtshoorn and John Cooper started to design plans for buildings and alterations. In 1892 he entered into partnership with Mr. Jas Rogers but this arrangement only lasted a year before it was dissolved in June 1893.<sup>7</sup> In 1895 Mr C.J. Allen, a qualified architect came to Oudtshoorn to compete with Mr. Cooper and J. Rogers.<sup>8</sup>





*Stonemasons working on the Dutch Reformed Church, 1875*



*Plan designed by J.T. Cooper for the Dutch Reformed Church Offices*



*The Courant Office*

**The Old Barclays Bank 1895-1968**

In 1895 the D.R.C. Council accepted the design plans of J.T. Cooper (Snr.) and invited tenders for the erection of the Church Offices at the corner of Church- and High Street (present Barclays Bank.)<sup>8</sup> This double-storey building was a fine example of classical Victorian architecture with wooden balconies, cast-iron mouldings, pillars and tile


decorated cast-iron fire-places. The building was erected by J.T. Cooper (Jnr.) of local sandstone at a cost of £3 190,00.<sup>9</sup> The building was demolished in 1968 for the erection of the new Barclays Bank Building designed by Simpson and Bridgeman, a local architect firm. Some of the original sandstone slabs were re-used in the walls of the new building.

**The Oudtshoorn Courant Office 1892**


The Oudtshoorn Courant was established by the Pocock brothers, John and Henry, in 1879.<sup>10</sup> In 1892 they decided to erect a new building for their printing press. The building was designed by John T. Cooper in the Country Georgian style. John T. Cooper (Jnr.) did the masonry and Thomas Brown the carpentry work.<sup>11</sup> The building was demolished in 1957 to make way for the present Post Office.

**The "C.J.V." Hall, Dutch Reformed Church**

At the beginning of 1894 the committee of the "C.J.V." (Christelyke Jongeliede Vereeniging) of the Dutch Reformed Church accepted the design plans by John T. Cooper for the erection of a hall on the plot next to the Dutch Reformed Church. The building was erected in 1894 by the Rogers Brothers of Oudtshoorn at a cost of £1 180 ls 3d.



*The "C.J.V." Hall*



*Aerial view of Dutch Reformed Church*

1. The D.C.R. Church
2. The "C.J.V." Hall
3. New Barclays Bank
4. Cottage of C.P. Nel-Museum Town House

## Summary

John Thomas Cooper married Elizabeth Gulley of Stawonarket, England. They had one son John T. Jnr. who was born in 1867 in Oudtshoorn.<sup>13</sup> Mr Cooper was a keen cricketer and one of the founders of the Oudtshoorn Cricket Club in 1862. In the 1880s and 1890s John Cooper was a member of the Municipal Council of Oudtshoorn.<sup>14</sup> After his death on 19th October 1909 his son took over his business. He died on 10th August 1915.<sup>14</sup>

## Acknowledgements

The following persons and bodies provided assistance for which I am most grateful. Mrs. E.M. Neethling, Curatrix C.P. Nel — Museum, Mr. A. de Wet, Miss M. Hann, Mrs. D. Snyman, H. Oosthuizen and the Cape Department of Nature and Environmental Conservation.

## FOOTNOTES

1. A. Appel: Die Distrik Oudtshoorn tot die Tagtigerjare van die 19de eeu — 'n Sosio-Historiese Studie, D. Phil.-tesis, U.P.E., December 1979, pp. 283.

2. Oudtshoorn Courant 5/10/1909 and tombstone Old English Grave yard, Bath Street.
3. A. Appel: Ligbaken aan die Grobbelaarsrivier, Die N.G. Gemeente van Oudtshoorn 1853-1978, pp. 39-41.
4. A. Appel: Ligbaken: Account Book D.R. Church - Oudtshoorn, Namelist stonemasons 1860-1862.
5. A. Appel, Ligbaken, p. 43.
6. Oudtshoorn Courant 5/10/1909 Obituary J.T. Cooper (Snr.)
7. Oudtshoorn Courant 25/5/1893.
8. Oudtshoorn Courant 1/7/1895.
9. The original building plans of the Church Chambers 1895. C.P. Nel-Museum. See index design building plans and Architects.
10. First edition of the Oudtshoorn Courant 28/5/1879.
11. Copy of building contract and Oudtshoorn Courant 25/6/1891.
12. A. Appel: Ligbaken aan Grobbelaarsrivier. Die N.G. Gemeente van Oudtshoorn 1853-1978, p. 56; Oudtshoorn Courant 4/10/1894.
13. Oudtshoorn Courant 4/11/1907.
14. Oudtshoorn Courant 10/10/1909.
15. Oudtshoorn Courant 12/8/1915.

## Building Technique at the Cape in 1770

Extract from C.G. Ekeberg: *East India Journey 1770-71*, Stockholm 1773. *Translated and edited by J. Rudner, senior professional officer of the National Monuments Council*

The ship **Finland**, of the Swedish East Indian Company, on its way to the East anchored in Simon's Bay on 1 June 1770. Captain Ekeberg, describing the Cape Peninsula, had this to say about the building materials and techniques used by the inhabitants of the little Simon's Town settlement:

"There is no shortage of building material here. A couple of yards below the top soil you find the sand mixed with the tough clay, which is dug up during dry weather. The water which collects in the excavated hollows makes the clay so soft and manageable that it can easily be prepared and cut into bricks with a spade. The bricks are then stacked to dry on a sand floor in the shape of a brick kiln and are finally fired with a pile of dry heath, grass and bushes. The slaves are also used to help in the building work. They bring lime [**shells**] from Patience Bay [**Smitswinkel Bay**] behind Simonsberg. However, the timber needed for the roof structure and interior work is not so easily available because of the shortage of forests. The Company, therefore, arranges that its shps from Java, Ceylon and other Indian places bring beams and planks for its own local need. The inhabitants may also purchase these, but they are expensive enough.

I must not omit describing their economic and fine-looking roofing material [**thatch**] which should also be useful at home [**in Sweden**], although the method of using it is said to be almost the same in Scania [**the southernmost province of Sweden**]. For thatch they use a kind of *Juncus* [**rushes**] or reeds [**Restionaceae**]. [**Thunberg reported that in 1772 the reed *Chondropetalum tectorum* was**

**in common use in the Cape for thatching**]. It is a yard and a half long, thick as coarse straw, with its brown buds [**actually diminutive flowers**] very similar to our kind, and as soft and pliable. It grows in big tufts on the sandy plains and in moist places below the mountains. It is cut and brought in small bundles.

After the roof rafters have been erected and the thatching battens fixed half a yard apart, the bundles, which have been evened against a butting board, are stitched and tied along the eaves with a string of old cord threaded on a large needle. From the eaves loosened bundles are laid out upwards, row above row, covering each other except for half an inch. They are then stitched to the batten and to a cane or thick stick, one per row, laid on top to protect the reeds from breaking. For this same reason the reeds are also first wetted. When the roof ridge has been reached with the smooth and evenly thick covering, the thatch is bent over it from both sides, the ends fastened by stitching and the whole thatched ridge painted over with white-wash half a yard down on each side.

Such roofs, which in the town [**Cape Town**] cover the church, the townhouse, as well as other houses, can survive without any major repairs for a full seventy years of rain, hail, storms, heat of the sun, and blasting of sand without leaking, in spite of not being made thicker than 7-8 inches. I must say that the unthreshed straw without ears, which is used by us [**in Sweden**], does not last as well. If it was further tied on in the same manner [**as in the Cape**] one would save three-quarters of the straw of the usual quality, as well as avoiding many sources of trouble by using old cord, which makes smaller holes for the rain to penetrate and is also very much stronger than the withe [**used in Sweden**]. The roofs would be more beautiful, lighter and more durable".

# Kersefontein

- Wenda Melck

**“Thursday 14/5/1829** — I was informed this morning that soon after I went to bed last night, a hippopotamus had been heard on the bank of the river near the house, but this is not an uncommon occurrence, and they have sometimes been known to approach the dwelling-house very closely, although it is 200 yards from the river. It is said that there are only 4 old hippopotami and 2 young ones now in the river; these are not allowed to be destroyed, and if any person were detected shooting at them, he would incur a fine of 500 rix-dollars. They appear to live entirely upon grass and flowers at the bottom and on the banks of the river; they sometimes come out of the water to bask in the sun, and upon one occasion a party of ladies who were gathering flowers near the river bank, and of which Mr Melck’s sister happened to be one, were greatly alarmed by their terrible noise.”

The favourite haunt of the hippos was Kersefontein, the Melck farm, and the above extract comes from the journal of the explorer James Holman who, afflicted with blindness at the age of twenty-five and invalided out of the Royal Navy, had decided to travel: it was during his journey through the Cape of Good Hope in the year 1829, that he visited Kersefontein, where he spent two days.

The property originally leased to Johannes Kruiwagen, an heemraad and one-time contractor for meat to the Dutch East India Company in 1730, came into his possession on the 20th November 1744.

But the story of Kersefontein or Karse Fontein as it was then known and named after the wild cherry bushes that grow profusely on certain parts of the farm, is largely the history of the Melck family, whose senior member has always had the name ‘Martin’.

Joining the Dutch East India Company as a soldier, Martin Melck, who was born in Memel in East Prussia, arrived at the Cape in 1746. For a year after his arrival Melck worked in the town that nestled at the foot of Table Mountain. An industrious and ambitious man, he left the services of the Company and four years later he was entered on the Burger roll — which entitled him to the ownership of property. By this time he had saved enough to buy two farms in the Stellenbosch district, Watergang and Aan’t Pad and by his marriage two years later in 1752 to the widow Giebelaar of Elsenburg, now an Agricultural College, Melck became the owner of Elsenburg and nearby Mulders Valley.

In 1770 Melck owned eight farms and it was in this year on August 13th, that he purchased Kersefontein, described as ‘a zeker veepest’ in the original grant of sixty morgen of freehold land, granted by Governor Hendrik Swellengrebel to Johannes Kruiwagen and mentioned earlier.

Kersefontein lies strung out along the Berg River, several kilometers north of the town of Hopefield at the confluence of three distinct agricultural regions — a coalescence of three different types of farming land: that of the granary of the Cape, the Swartland, that of the so-called white Karroo of the Piketberg area and that of the Sandveld which stretches west and north from the Hopefield-Saldanha district.

It says much for the foresight of the original Melck who, over two centuries ago chose to stake his claim to this particular stretch of the Berg River where more than

anywhere along its course, it spreads itself during the winter and early spring months to naturally flood-irrigate and fertilise thousands of hectares of precious vleiground.

In all, Kersefontein hugs 24 kilometers of the Berg River and the old farmhouse is picturesquely situated on the north bank of the river. Neither the first Martin Melck nor the second of that name ever lived at Kersefontein and it was only in 1808 that Martin Melck the third came into possession of the farm, when it became his home: his grandfather used this outlying property as a grazing farm and only paid periodic visits to inspect the stock.

It is necessary at this juncture to refer back to the sale of Kersefontein to Martin Melck by the widow Kruiwagen in 1770. In those days, when a man was married in community of property (as was the general custom) there was no transfer of property from one estate to that of the other because the estate was a joint one. No inventory was made of Kruiwagen’s estate either; as he died first and the widow sold the property (it did not come from a deceased estate), it has therefore not proved possible to discover what buildings were on Kersefontein at the time of transfer. Buildings there must have been as Kruiwagen had taken part in forays against the Bushmen who were then troubling the country around Piketberg, a score of kilometers away from the farm, and it is presumed therefore, that there must have been a dwelling of sorts on the property. In the instance of a wife pre-deceasing her husband, however, an inventory in this case appears to have been made; in fact when Melck’s wife died in 1776, in her inventory a house is seen to be listed consisting of three rooms and a kitchen.

In a sketch that is divided into two parts and done in 1778 by Colonel R.J. Gordon, soldier explorer and founder of the South African merino sheep industry and later Commander of the Cape garrison in 1780, a three-roomed house flanked by several buildings in the top sketch can clearly be seen facing west. In the bottom sketch the same dwelling and building but drawn from the east side, shows what must have been the kitchen with a bakoond (baking oven) projecting from the back of it. This house is seen to be T-shaped in design.

It is interesting to note that when the present owner Martin Melck VII, while making major restorations and alterations to the house in 1953, came across a semi-circular shape on the back wall of what was once the kitchen; this had been made with narrow bricks and outlined what must have been an opening to an oven.

The existence of the sketch bears out the information to be found in the inventories of both Melck and his wife.

The original front door of this building has been identified as the door of an outbuilding existing today — obviously moved there during the nineteenth century when the house was altered and the position of the front door was changed. A copy of the sketch, the original of which is in the Gordon Collection in the Ryksmuseum, Amsterdam, was sent to the present owner in the nineteen-sixties.

From the inventory of the deceased estate of Martin Melck I in 1781, it is apparent that Kersefontein was well supplied with outbuildings when his grandson made it his home. These are to be seen in Gordon’s sketch.

From all accounts this grandson was an industrious and

hardworking man and on his death in 1855, he left not only Kersefontein but two other farms, Doornfontein and Weglopersheuvel which were transferred to his only son Melck IV in 1869.

Thirteen children were born to this fourth generation of Martin Melcks which no doubt necessitated further additions having to be made to the old building, when a passage, running the length of the existing rooms, joined them to a new south-facing wing and north-facing section, which increased the size of the house to its present considerable proportions. A large diningroom and additional drawingroom comprised the southerly extension giving the house a new south-facing frontage.

The north-facing additions consisted of a kitchen, sittingroom, smaller diningroom, stoep, outside pantries and beyond them three rooms used as bedrooms which now form a self-contained cottage, altered and restored by the present owner.

It was during this period that Kersefontein became well known for its breeding of horses which was carried on with considerable success. An oil painting made in 1840 of a thoroughbred horse imported from England, which hangs in the diningroom, is a reminder of the stud founded by Martin Melck III and made famous by his son.

There are now comparatively few homes, owing to considerable transfer of property, that have remained continuously under the same ownership even for a century; homes in which heirloom furniture is typical of the fashions of past centuries and in which glass and china have come down in use to the present day. Such historic homes are chiefly to be found on the old Western Province farms, handed down from father to son for generations.

The farmhouse at Kersefontein houses a unique collection of Cape heirlooms — unique because it contains examples of eighteenth-, nineteenth and twentieth century furniture. Contained in it also, are a number of examples of the art of the old Cape silversmiths, some interesting glass, Georgian silver and old china.

Perhaps some of the most interesting pieces, from the historical point of view, are some brass chandeliers and an alms dish also of brass, dating from 1780 and given by the

first Melck owner of this farm to the Lutheran Church in Strand Street in Cape Town. In the early part of this century a sister of Kersefontein's owner discovered some matching wall-brackets in a loft at the Moravian Mission at Mamre which she gave to her brother, who had some affixed to the wall of the diningroom and the rest made into a central fitting; these gifts of the first owner of the farm, to his Church, thus returned to his descendants' homestead.

In the sittingroom there is a large armoire or 'kas' in French Baroque design, a wedding gift given to the bride of the third Martin Melck in 1812 by her father Dirk Gysberg van Reenen. This armoire is supposed to have been made by family slaves, and has the date 1812, inlaid between the inlaid initials of husband and wife: a finely carved urn with swags surmounts the pediment of this armoire and the double key surround has the initials of a later silversmith, Lawrence Twentyman, concealed in the false keyhole on the left-hand side.

In this same room hangs a softly coloured silken embroidery of an urn of flowers worked in 1829 by the bride of 1812, Anna Jacoba Melck.

To be found in the house also, are examples of the work of the silversmiths, Christiaan Ackerman, Daniel Heinrich Schmidt and J.C. Lotter. An egg-shaped trinket box made by Isaac Wolfe, noted for his repoussé work and reminiscent of the eighteenth century French Easter eggs on which Fabergé modelled his early Easter eggs for the Czar, stands on a table in the sittingroom.

The mahogany diningtable of generous proportions, the sideboard of the same wood, the pedestal tables in the sittingroom with their bulbous pedestals, the candelabra and covered entree dishes all belong to the mid-nineteenth century.

Another metal much used at the Cape for domestic utensils — for pans and preserving pots, for wine measures and brandy-stills, for kettles and pots, was copper. It was often lined with tin. At Kersefontein there are several specimens of these glowing cooking utensils among which is a large copper preserving pan used to this day; copper and china jelly moulds, Cape tart pans which, as so many of these utensils did, stand on tall wrought-iron legs, for in those days



*Kersefontein. Note the date on the gable - 1770*  
Photo: Die Burger

a meal was prepared on a number of small heaps of coals on the open hearth, over each of which stood some long-legged utensil.

The daily china in use on the farm in the eighteenth and early nineteenth century was blue Nankin and that with the clearest whitest ground was most esteemed. This was succeeded by willow-pattern now displayed with blue delft plates as wall-plaques.

Two intriguing articles in the house are two rare glass goblets — in fact they may not have been duplicated, for David Heller in his 'V.O.C. Search' wrote to European and American Museums for illustrations of every known specimen.

The small goblet has the inscription: 'T' Welvaaren van de Ostindische Compagnie' — The Welfare of the East India Company — while that on the larger goblet reads: 'Vivat de Vriende op de Cap de Goede Hoop' — Long live the Friends at the Cape of Good Hope — Vivat was often used in Dutch toasts. On this goblet also is engraved a fort situated on a promontory: a representative of the S.A. Public Library considered that it bore some slight resemblance to the Fort Malacca or might even be a fanciful representation of the Castle at the Cape after the style of early, amusingly inaccurate French maps. Wherever this battlemented fortress with palms sprouting out of rocks may be, it and the ships sailing on the crystal epitomise the romance of the eighteenth century and the trade with the East.

It is over one hundred and eleven years ago that the last hippopotamus in the Berg River was shot by Melck IV using a Joe Manton gun, given to his father by the Governor of the Cape at the time, the Earl of Caledon: this gun hangs today against the 56 centimetre wall of the original centre passage. This member of the family was a member of the Legislative Assembly, whose last surviving daughter died only a few

years ago. The hippopotamus had to be shot as it had attacked and killed the owner's valet or lyfjong. Melck shot it reluctantly as the great animal knew him and as he crossed the river by boat the hippo would surface and then submerge.

Today the Berg River is spanned by a high bridge which replaced a pontoon that was used for many years as a means of conveying man and vehicle from one side of the river to the other.

Further down the river where winter floods spread over large areas of vleiland, is a wildbird sanctuary where hundreds of different varieties of birds nest and hatch their young in the tall reeds safely surrounded by deep waters: this magnificent bird colony is carefully guarded by the present owner.

Nearly two hundred and fifty years have passed since Kersfontein was leased to its first owner — years of gusty South Easters and hot summers with the cry of the Fish Eagle. Wild winter storms when in the month of August, 'die woeste weste winde waai' splitting asunder the shallow-rooted Rooikrantze; to be replaced by a quieter season of brilliant coloured wild flowers spread over veld and fallow land.

Passing over other facets of compelling interest which illumine this remarkable farm built over two centuries by a remarkable family, it would be interesting to conclude with an extract from James Holman's Journal written on Friday the 15/5/1829 describing his departure from Kersfontein ...

"My horses had been previously forwarded to the point of separation; I was therefore obliged to tear myself from the fascinations which I already felt to be so powerful, and mounting my steed, after a hasty farewell, rode away to indulge that anomalous mixture of sweet and bitter thoughts to which my 2 days sojourn had given birth."

---

## Prins Albert

Oskar Prozesky

*Prins Albert se wit huisies knipoog in die son  
of slaap vas agter hortjies in hulself gekeer.  
Net hier en daar gaap een se dubbeldeur waar  
twee ou tannies op 'n stoepie sit onder die  
yster kantwerk van 'n grênd verênda.*

*Kaap-Hollands eindig hier, en hier begin Karoo;  
selfs Georgians kon plek-plek wortelskiet  
langs die leivore op die ruim watererwe  
Net: hier kan niemand kaalkop in die somersoer kom staan;  
nou dra die huise kepse of Victoriaanse kuwee.*

*Die gewels is hier nederiger gebou uit eerbied vir  
die Swartberg wat die dorp verduerg.*

*Selfs die Kerktoring (neo-Goties) is beskeie,  
grootvaderlik gestreng, maar eie.*

*Stap jy met Kerkstraat op, kan jy jou nog verbeel  
die plek se naam is Kweekvallei en die ou meul is nog heel.*

# Laerskool Daljosaphat

S. Theron

Hierdie skool was ook bekend as die Skool van die Onderdal. Die gebou waarin die skool gehuisves was, is in 1855 voltooi en op 31 Mei van daardie jaar ingewy. In die gebed by hierdie geleentheid het die Eerwaarde Hirmet onder meer gebid: "Laat deze plaats of huis tot in lengte van dagen een huis des gebeds voor U zyn en een gezegende kweekskool voor de jeug". In der waarheid was dit ook die strekking van die oproep tot die gemeenskap deur die reeds bestaande "Skool Directie" vir die bou van die skool: "En daar het wenselyk zyn om ook een godsdienstige gestig onder ons gaande te houden, zoo zal men het skool gebou zoo groot moeten oprichten dat het zelve ten allen tyden gerieflik zyn zal tot eene oefeningshuis voor alle klasgen onder ons zonder onderscheid, gerig voor onze protestansche leer".

Die bogenoemde oproep is onderteken op 7 Oktober 1854 deur D.P. du Toit, vermoedelik die vader van ds. S.J. du Toit. Die stuk is ook onderteken deur 'n twaalfstal here wat hulle as "Bouwmeesters" verbind het tot die voltooiing van die gebou. Onder hulle was drie Hugo's, vyf Du Toit's, drie Malherbe's, een Du Plessis en een Perold. Die onmiddellike voorgeslag van baanbrekers wat later ook die voortou sou neem in die stryd om die vestiging van Afrikaans as ons taal. Die terrein vir die skoolgebou is geskenk deur die heer C.H. Hendriks wat getroud was met 'n Du Toit-dogter en op Schoongezicht in een van die huise gewoon het. Hierdie terrein grens aan die plase Roggeland, Non Parielle en Goede Rust. Op Non Parielle het Jan Gysbert Hugo en op Roggeland sy seun, Francois Jacobus, tydens die stigting van die skool gewoon. Francois Jacobus Hugo (P.Sn), 'n kleinseun van Jan Gysbert, is op Goede Rust in 1849 gebore en het later op dié plaas geboer. Al drie hierdie here het 'n groot rol in die ontstaan en voortbestaan van die skool gespeel. Jan Gysbert was die voorsitter van die eerste "Skool Directie" wat op 10 Mei 1847 gestig is en sy seun, Francois Jacobus, was blykbaar 'n gebore leier en staatmaker. Hy het meestal as voorsitter by publieke vergadering in verband met die skool opgetree. Francois Jacobus (P.Sn) het vir twintig jaar as sekretaris van die "Skool Directie" opgetree tot sy dood in 1902.

Ander staatmakers van die skool was die Du Toit's soos D.P. du Toit, D.F. du Toit, E.S. du Toit en die Malherbe's soos P.J. Malherbe, vermoedelik die grootvader van dr. D.F. Malherbe.

Die skool wat op 31 Mei 1855 in die nog bestaande gebou geopen is, was egter nie die eerste skool in die Dal nie. Die eerste "Directie" vir 'n skool is reeds op 10 Mei 1847 gekies en het bestaan uit Jan G. Hugo, Gidion J. Hugo, Giliam F. du Toit en David P. du Toit. Die notuleboeke van die Direksie en later die skoolkomitee van die skool, is bewaar en bevat die notules vanaf 10 Mei 1847 totdat die skool in Desember 1968 gesluit is.

Die eerste notules van die "Skool Directie" tot omstreeks einde 1855 is in die pragtige handskrif van D.P. du Toit (die vader van ds. S.J. du Toit). Op 9 Augustus 1847 is 'n skool met 38 leerlinge geopen in die woning van die heer C.H. Hendriks wat van hom teen £1 per maand gehuur is ook as woning vir die onderwyser. Skoolbanke is laat maak by die heer A. Reitz.

Die eerste onderwyser, mnr. J. Melvill is gehuur teen 'n

salaris van £15 per jaar vir drie jaar. Daar is dadelik om 'n toelaag by die "Gouvernement" aansoek gedoen en 100 riksdalder is aan die skool toegestaan. Die onderwyser het blykbaar nie baie welslae behaal nie, veral nie met die onderrig van Engels nie. Hy s gevra om meer aandag aan sy skool te gee en om die aandklasse vir Bruin leerlinge te staak. Die getalle het gedaal en in April 1849 is die skool gesluit. Die skool is egter weer op 20 November 1851 met 35 leerlinge geopen. Die onderwyser was toe die heer **M. Enigele**. Na 'n geskil tussen die onderwyser en die heer G.J. du Toit is die skool in Februarie 1853 gesluit. Hierna is 'n private skool by G.J. du Toit en later by D.P. du Toit deur die heer B. Smith aan die gang gehou.

'n Inskrywing in die notule van 19 Januarie 1855 lees soos volg: "Hebben wy, D.P. du Toit en P.J. Malherbe, de heer J.R. Innis gesproken te Klein Drakenstein, by welke gelegenheid hy voor onze skool salaris heeft toegekend £30 voor bovert die 20 kinderen blanken en nog een toelaag voor de gekleure voor de 10 £10 voor 20 £20 voor 30 £25 dat geleerd sal worden".


(J.R. Innis was toe Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap. Klasse vir Bruin leerlinge is blykbaar in die aand gehou. Dit is nie duidelik waar hierdie klasse gehou is nie, maar toe daar later onstigtelikhede plaasgevind het, is hierdie klasse gestaak. Wat van belang is, is dat daar toe reeds aan die onderrig van Bruin mense in die Dal aandag gegee is.)

Die staatsondersteunde skool is toe op 1 Maart 1855 gehuisves in die woning van E.S. du Toit totdat die nuwe skoolgebou op 31 Mei 1855 ingewy is. Die eerste onderwyser in hierdie skool was die heer **B. Smith**. Hy is op 1 Mei 1860 opgevolg deur die heer **T.W.F. Roth** teen 'n salaris van £80 per jaar. Sy salaris is in Mei 1861 tot £60 per jaar verminder. Hy het ook nie lank aangebly nie en die volgende onderwyser was die heer **J.J. le Roux**. Hy was 'n seun van die Paarl en was met sy aanstelling 19 jaar oud. Hy is begrawe in die Hugo-Kerkhof in Daljosaphat en was die grootvader van moederskant van mnr. Fanie Theron wat in 1974 as Direkteur van Onderwys van Kaapland afgetree het. Die onderwyser se salaris het gewissel van £65 tot £83 per jaar. In 1869 is hy met Johanna Alida Hugo, 'n dogter van Francois Jacobus Hugo, een van die stigters van die skool en die eienaar van Roggeland, getroud. Sy oudste dogter, Hester, is later in 1892 as assistent by die skool aangestel. Sy het die dame, mej. Malherbe, wat die eerste assistente was, opgevolg. Die salaris aan die pos verbonde was toe maar £36 per jaar.

Ontwikkelings gedurende die tydperk waarin die heer Le Roux die onderwyser was, is dat boekpryse aan belowende leerlinge ingestel is. Die skooldireksie het ook die skoolvakansies vasgestel. As hierdie skoolkalender vandag sou aangekondig word, kan 'n mens vir jou nie naastenby indink oor die storm wat dit sou ontketen by onderwysers, ouers, vakansie-oorde en ander nie. Hier volg dit: skoolvakansie in April — 10 dae, in Julie — 2 weke, in September — 10 dae en in Desember — 2 weke.

Na 'n dienstyf van 10 jaar is die heer Le Roux in 1872 opgevolg deur die heer **D.F. du Toit**. Hy was die bekende taalstryder.

'n Interessante mededeling uit die notule van 'n openbare



*Die plaas op Roggeland wat grens aan dié grond waarop die skool gebou is. Op hierdie plaas het Francois Jacobus Hugo en later sy seun, Jacob, geboer.*

vergadering van 27 November 1875 is die volgende: “Met 17 teen 13 stemmen voor Wellington werd besloten de skool te stellen onder toezicht en begunstiging van het Paarlse Gymnasium. Daar dit besluit echter groote onvergenoegdheid en wanorde veroorzaakte werd het terug getrokken en besloten de skool onder toezicht van die Wellingtonse Leeraar te stellen”. Die Wellingtonse leraar, ds. A. Murray, is ook in September 1876 versoek om as inspekteur van die skool op te tree.

In 1878 bedank die heer Du Toit, alhoewel sy salaris tot £100 per jaar verhoog is. Die skool sluit van April tot Julie 1878 vermoedelik omdat geen onderwyser beskikbaar was nie. Daarna word ’n dame, mej. **Debora Joubert**, tot 1882 teen ’n salaris wat wissel tussen £50 en £75 per jaar, aangestel. Die Direksie het heelwat kritiek ontvang omdat ’n dame aangestel is. Sy word opgevolg deur **S.G. du Toit** wat op sy beurt in Februarie 1884 deur **G.F. Malan** opgevolg word.

Hierna in 1887 is een van die beste en gewildste skoolhoofde van die Dal aangestel, naamlik die heer F.G. Euvrard. Hy is as wewenaar in 1889 getroud met Hester E. Hugo wat ’n dogter was van Jan Gysbert wat op Non Parielle geboer het. Sy het “Uncle Fred”, soos mnr. Euvrard later bekend was, oorleef en is in 1963, twee maande voor haar honderdste verjaarsdag, op Wellington oorlede. Sy dogter, Maxie, was jare lank op Wellington onderwyseres en woon tans op Somerset-Wes.

In 1894 is die heer C.J. Ackerman aangestel. By die skool en onderwyserwoning is vir die bedrag van £299-15-3 aangebou. Die skooleigendom is nou oorgedra aan die onderwystrustees bestaande uit die Superintendent-Generaal van Onderwys, ’n lid van die skoolkomitee en ’n predikant van die N.G. Kerk. Omdat ds. Van de Wall hierdie eer nie wou aanvaar nie, het ds. A. Murray van Wellington een van die trustees geword. Die gebou behoort vermoedelik nog aan die Provinsiale Administrasie en sou uitstekend kon dien as ’n plaasskoolmuseum.

Die Skoolhoof is toegelaat om “Boarders” in te neem waarvoor hy “£30 per hoof zal chargeeren”.

P. Hugo neem in 1898 vir ses maande as skoolhoof waar waarna mnr. J.F. Marais vanaf Augustus 1898 tot 1905 as hoof optree. Hy gaan studeer verder as predikant en is die vader van die welbekende musiekdosent en komponis, S. le Roux Marais. Die tweede vrou van ds. Marais was Hester le Roux wat hy as assistent by die Onderdal-skool ontmoet het. Hy word opgevolg deur mnr. F.C. Euvrard wat nou vir sy tweede termyn tot 1912 as skoolhoof diens doen. In 1905

word skoolrade in Kaapland ingestel en elke staatsondersteunde skool moet nou sy eie skoolkomitee kies. Die skool van die Onderdal ressorteer onder die skoolraad van Wellington. Die eerste skoolkomitee vir die skool word op 25 Julie 1906 gekies. Dit bestaan uit die here Jacob Hugo, Joachim de Villiers, Joël Hugo, Gideon Hugo (Lang Gideon) en Jacob Cilliers.

Jacob Hugo word as voorsitter gekies en Joël Hugo as sekretaris. Van oom Jacob (Roggeland) word vertel dat hy die hele Psalm- en Gesangboek van buite geken het en elke lied daarin kon insit. Oom Joël (Rust-en-Werk) was ’n welbekende ouderling van die N.G. Kerk, Wellington.

Die vyftigjarige bestaan van die skool is op 7 Junie 1905 feestelik herdenk en beide ds. Albertyn en ds. Andrew Murray van Wellington het by hierdie geleentheid opgetree asook twee oud-skoolhoofde, die here J.J. le Roux en sy skoonseun, ds. J.F. Marais, ’n oud-leerling, ds. F.S. du Toit, het ook aan die program deelgeneem.


In 1912 het mnr. Euvrard as skoolhoof bedank en is opgevolg deur mnr. J. Maritz. Die salaris van die hoof was darem nou al £160 en dié van sy assistente £100 per jaar. In 1918 word mnr. Euvrard opgevolg deur mnr. J.F. Krogh en in 1919 word mnr. S.F. du Toit aangestel. Hy dien die skool vir 26 jaar tot Desember 1945 toe hy met pensioen uit die diens tree. Hy woon tans nog in Aristeia, ’n huis vir bejaardes op Durbanville. Baie persone wat hom in die jare voor 1930 geken het, onthou seker nog sy Model T-ford met sy koperbeslag om die verkoeler.

Hierna het die maerjare van die skool begin kom. Die getalle het begin daal weens kleiner gesinne en ouers wat die Dal verlaat. Ook het die aantrekkingskrag van die groter skole in die Paarl teen die Dal begin tel. Veral ’n vervoerdiens na die Paarl vir sekondêre leerlinge was die ondergang van die skool. Dit het ook moeilik gegaan om onderwyserposte te vul.

Die 100-jarige bestaan van die skool is gevier op 31 Mei 1955. Volgens die notule het ds. J.G. van Jaarsveld, voorsitter van die Skoolraad, mnr. J.C. van der Westhuizen, inspekteur van Onderwys, dr. J.G. Meiring, superintendent-generaal van Onderwys, mnr. S.F. du Toit, oud-skoolhoof en mnr. Joël Hugo (88 jaar oud), een van die oudste leerlinge van die skool, by die geleentheid opgetree.

Uiteindelik is die skool as ’n een-onderwyser skool aan die einde van 1968 gesluit.

Teleurstelling en weemoed word vertolk deur die laaste inskrywing in die Notuleboek van die skool: “Dit is met innige spyt dat sommige ouer bewoners van Daljosaphat die verwickelinge moes gadeslaan en so die tradisie van bymekaarkom in die skoolsaal vir Godsdiensoefening moes



*Skoolgebou van die Laerskool Daljosaphat met woonhuis langs.*

sien verdwyn vir 'n alles loswordende lewenstyd”.

Dit was geteken deur F.J. Hugo, seker een van die laaste Hugo's wat nog in die Dal gewoon het. Na die beste van my wete is daar nie meer een van die nageslag van die standvastige, Gods- en volkserigte Hugo's, Du Toit's en Malherbe's in Daljosaphat nie. Wel is daar die goedversorgde familie-kerkhof van die Hugo's te Non Parielle en van die Du Toit's en ander te Kleinbosch om te dien as 'n herinnering aan 'n ereskuld wat betaal moet word. Dan is daar die pragtige historiese huise wat hulle bewoon het. Sommige hiervan het in gevaar gestaan om te verdwyn. Dit sal egter nou gerestoureer word. Die Hugenate-Gedenkskool wat in 1881 in die Bodal gestig is, is nie gerestoureer nie. Die skoolgebou en onderwyserswoning van die Laerskool Daljosaphat is nog in 'n redelike goeie toestand en dit word vertrou dat dit vir die nageslag bewaar sal word.

Hierdie skool was werklik behalwe 'n opvoedingsentrum ook 'n kerk- en kultuursentrum. Alhoewel die notule van die “Skool Directie” eers in 1936 in Afrikaans gehou word, het die ouers van die skool reeds in 1920 besluit dat hulle aan

Afrikaans bo Nederlands as medium van onderrig voorkeur gee.

Dit is opmerklik dat daar gedurende die eerste vyftig jaar van die skool se bestaan ook leerlinge uit ander plekke soos Vredenburg, Piketberg, Kaapstad, Tulbagh, Richmond, Sutherland, Ceres, Malmesbury en selfs die Oranje-Vrystaat by die skool ingeskrywe is. Tot ongeveer 1918 het die omvang van die skoolstanderds gestrek vanaf beginners tot st. VII. Daarna was st. VI die hoogste standaard totdat dit st. V in 1953 geword het.

'n Pragtige nuwe Afrikaanse Bybel is in 1955 tydens die 100-jarige fees deur adv. A.M. Sadie aan die skool geskenk. Hiermee het hy seker die dank oorgedra van al die oud-leerlinge vir die christelike nasionale opvoeding wat hulle by die skool ontvang het.

Aan die baanbrekers van Daljosaphat wat ware aristokrate en volhardende strydery was, kom toe die eer van 'n dankbare nageslag. Dit sal veral bewys kan word indien die kultuurgoedere en pragtige skeppinge wat hulle vir ons nagelaat het ook vir ons nageslag bewaar word.

## Survey of Buildings in Paarl

The Simon van der Stel Foundation and the Monuments' Council have realised that no organised effort at preservation is possible without a full and descriptive list of old buildings. Mr John Rennie, a Cape Town architect, was commissioned to organise a survey of the buildings of central Cape Town. The results were published in “The Buildings of Central Cape Town 1978”. The success of the survey led to other areas being considered for a similar investigation.

Paarl is an excellent choice as there is a great variety of style and even though many of the buildings have undergone great changes since 1900, a wealth of beauty and interest lies undiscovered behind the altered facades.

Under the able and enthusiastic leadership of Len Raymond, the Survey Committee was established in February 1980. Sanlam very generously donated R2 500 towards the Survey's expenses. Most of the members only have a love for and an interest in old buildings to qualify them for the task — and they are all voluntary workers. They will tackle all the groundwork of the survey by completing special data sheets. These have been designed to act as a checklist so that all the important aspects of the building will be described. The completed forms are examined by a team of experts which includes Gawie Fagan, Dirk Visser and John Rennie.

Mill and Orange Streets, where old buildings are concentrated, were selected for a “dummy run”. The group formed teams and their first completed forms were analysed by John Rennie. He visited the buildings with the investigating teams and pointed out important aspects of the building which were relevant to the survey.

It soon became apparent that terminology and various descriptive terms would have to be standardised. A newsletter was circulated and it could almost be regarded as a “surveyor's handbook”. A layman's dictionary of useful architectural terms is also being compiled.

A detailed map of Paarl was divided into numbered

sections. A group co-ordinator allocates specific blocks in these sections to teams within the group. Most of the members of the Survey Committee feel that they do not have the confidence to record buildings singly to start off with.

The co-ordinator liaises with Len Raymond who assists the panel of experts with their analysis of the data sheets. So far, the survey has been completed in two of the numbered sections and all the buildings in the Main Street up to Lady Grey Street have been surveyed.

After only two months of work, an old house of immense interest to the Simon van der Stel Foundation and the Monuments' Council was discovered. The first national monument of the scheme, 127 Main Street, is in the process of being proclaimed and is hopefully the first of many. While the buildings are being surveyed, the interest of the public is being kindled. Numerous articles have been written for the local newspaper, keeping the residents informed of the survey's progress and encouraging interest in the history of the town and its preservation. The response has been excellent. A sympathetic editor has stimulated the growing awareness with strong editorial support.

The group has been addressed by John Rennie, who illustrated his talk on his findings during the survey of the buildings of central Cape Town with slides. An excellent and enlightening talk on Victorian architecture was given by Mrs. Desirée Picton-Seymour. She also showed slides of examples of this style of architecture. Len Raymond has organised group visits to houses of particular beauty and importance and the hospitable home owners were not in the least put out by “large” invasion of their privacy.

This is the first time that a non-professional group has undertaken the challenge of categorising buildings. Their success may pave the way for the preservation of similar inventories elsewhere, so that preservation becomes a way of life and not just a specialised interest.



# Die Kleinkerkkuns van Knysna

*Johanna de Villiers*

Die hoofstraat van Knysna kan die stroom vakansievoertuie in die hoogsomer kwalik dra. Mense wat omgee moes vanjaar juis weer in magtelose frustrasie toekyk hoe twee van die klompie pragtige, groot en gesonde eikebome wat nog oorgebly het om grasie te verleen aan 'n andersins nie buitengewoon opwindende straat nie, platgekap word om vir die motorryer meer plek te maak. Die reisiger wat gevoelig is vir atmosfeer kan gelukkig uit die bedrywige straat een mooi herinnering van rus en wyding meeneem — 'n ruim groen grasperk omring met 'n lae klipmuur en ylerig met hoë denne en platane begroei. Daar, beskeie onder die bome, sien jy eers 'n klein ou gryskerkie, en dan, hoër op teen die effens skuinste, 'n groter “klein” kerk — albei van gekapte klip en onmiskenbaar Engels met daardie kenmerkende stil waardigheid.

Die Suid-Kaaplandse tak van die Stigting Simon van der Stel, onder die geesdriftige voorsitterskap van mev. Edith Neethling, kuratrise van die C.P. Nel-museum op Oudtshoorn, het Knysna gekies as die eerste bymekaarkomplek vir 1980. Dit was veral die intieme “kleinkerkargitektuur” — as die benaming veroorloof is — en die interessante geskiedenis wat aan die geboue verbonde is, wat aandag geniet het met mev. M. Parks, kuratrise van die klein Millwood-museum van Knysna, as simpatieke en goedonderlegde gids.

Vir wie enigsins met die geskiedenis van die Suid-Kaap bekend is, is dit nie 'n verrassing dat die naam van die legendariese George Rex ook regstreeks en onregstreeks aan die verskillende kerke verbind word nie. Nadat hy in 1804 in Knysna kom woon het, het hy mettertyd 25 000 acre grond in die distrik bekom. By sy dood in 1839 is die grond verkoop. In die koopbrief van Melkhoutkraal, dié deel van sy grond waarop die grootste deel van Knysna gebou is, is dit as voorwaarde gestel dat 'n morg van hierdie grond vir 'n kerk opsygesit word. 'n Sekere kolonel J. Sutherland was die koper van hierdie grond en na sy dood het sy seun die morg op die naam van die Biskop van Kaapstad oorgeplaas vir gebruik deur die Anglikaanse Kerk.

George Rex, self geen besondere “kerkman” nie, wou nogtans in sy lewe graag sien dat hierdie “voorpos” 'n eie kerkgebou het waar gereelde dienste gehou word. Maar die ideaal sou eers sestien jaar ná sy dood verwesenlik word. Die Kerk in Engeland het teen 1847 gewetensaanmanings begin kry oor die herdelose siele in die uithoeke van die Ryk. Die jaar daarna is verskillende biskoppe ingehuldig, onder hulle Robert Gray, die eerste biskop van Kaapstad en baanbreker van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika. Sy vrou, Sophia, was 'n begaafde tekenares en het verskillende kerke in haar man se bisdom ontwerp in die neo-gotiese styl. Kort na die Biskop se aankoms in Kaapstad het 'n afvaardiging van Knysna hom gaan spreek en op 24 Augustus het hy op die eerste van sy reise na dié gebied vertrek. Op 14 September het hy Knysna bereik en die volgende dag het hy 'n vergadering gelei waarop die kwessie van 'n kerk en predikant bespreek is. Die dag daarop kon hy in die toe reeds bestaande skool 'n erediens lei wat tot sy dankbaarheid, so meld hy in sy dagboek, deur 130 siele bygewoon is.

Daar is met geesdrif oorgegaan tot die formele stigting van 'n gemeente. In April 1849 het John, tweede seun van George Rex, die hoeksteen van die kerkgebou gelê. Toe biskop Gray meer as 'n jaar later weer op Knysna kom, was hy teleurgesteld met die stadige vordering. Geesdrif was aan die taan en fondse so te sê uitgeput. Die gemeenskap was trouens allesbehalwe welgestel. Hy oorreed ses welaf gemeentelide om die geld voor te skiet. 3 Oktober 1855 was 'n gedenkwaardige dag want oplaas is George Rex se wens vervul en is die St. George-kerk plegtig ingewy tydens die Biskop se derde besoek.

Die kerk, het biskop Gray aangeteken, is 'n versierde gebou, 'n nabootsing van 'n baie ou kerk in Engeland. Ongelukkig het hy nagelaat om te sê watter kerk en tot vandag toe weet niemand nie.

Die gekapte klip waarvan dit gebou is, het met verloop van tyd sleg verweer. Die mure was vir 'n groot deel van ou puin en modder gebou. Die oorspronklike idee was om hierdie kerkie te gebruik as die koor van 'n uiteindelijke, veel groter kerk en beoog wat met die oog hierop in westelike muur gebou is, kan vandag nog duidelik onderskei word.

Mettertyd het die kerkie te klein geword vir die gemeente en toe is aan die westekant aangebou met songedroogde stene. Die nuwe deel het ook 'n sinkdak gekry wat lelik afgesteek het by die Walliese leiklip van die oorspronklike gebou. Teen ongeveer 1920 is besluit om voort te gaan met die bou van die skip van die kerk volgens die eerste plan. Toe die mure al plek-plek by die ses voet was, is 'n argitek geraadpleeg en sy uitspraak was dat dit om estetiese en praktiese redes ondoenlik en onmoontlik sou wees om twee sulke geboue saam te voeg. Daar is dus besluit om 'n nuwe en groter kerk te bou en in September 1926 is die hoeksteen van die St. George-kerk gelê wat in April 1937 amptelik ingewy is. Dit is die gebou skuins agter die klein kerkie. In 1955, met die eeufees van die eerste kerk, het stemme opgegaan vir sy restaurasie. Die nodige geld is ingesamel, veral as gevolg van die bydrae van mnr. J. Rex Metelerkamp. Soos die geluk dit wou hê, kon genoeg Walliese teëls gevind word van 'n ander gebou wat juis toe op die dorp afgebreek is vir die herstel van die dak. Die belangrikste deel van die restaurasiewerk was om die gedeelte wat aan die westekant aangebou is, af te breek en so die kerk tot sy oorspronklike vorm en grootte te herstel. Ten einde die westelike muur te versterk wat vroeër ineengestort het vanweë die swak boumateriaal wat in daardie gedeelte gebruik is, was dit nodig om 'n klein ingangsportaal aan te bou wat ook sonder afbreuk aan die geheelbeeld gedoen kon word. Die probleem was om die regte klip te kry. Na heelwat soek is dit in die Oudtshoorn-distrik gevind asook 'n klipkapper wat die werk verstaan het.

Die mooi ou kerkie is ná restaurasie as 'n kultuur-historiese museum vir Knysna oorweeg maar nie doelmatig bevind nie. Dit is nogtans in 1966 tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer.

Die nuwe, groter kerk op die akker van John Rex is gebou van donkerbruin klip uit 'n steengroef in 'n heuwel net bokant die kerk. Dit is met sorg en kundigheid bewerk deur 'n plaaslike bruinman, mnr. J. Meyer. Miskien was hierdie

die laaste klipgebou wat in Knysna opgerig is. Wat 'n besoek aan hierdie kerk die moeite werd maak, is dat dit geheel en al met stinkhout uit die omliggende woude — vandag die duurste hout ter wêreld — gemeubileer is. Die paneelwerk van die sanctuarium is gemaak van die kort kante van die banke uit die klein kerkie. Die houtsnijwerk van die stinkhoutpreekstoel met die Tudorroos as hoofmotief is veral besonder opvallend. Vir die koorhek is ook stinkhout gebruik wat in 'n buitengewoon sierlike ontwerp uitgesny is in 'n motief wat weer die Skotse distel suggereer. Daar is 28 stinkhoutbanke met 8 sitplekke elk, sodat ook die “groter” kerk steeds heel beskeie van formaat is maar tog bevredigend is in die balans en harmonie van sy verhoudinge.

### Die juweel van Belvidere

Aan die voet van die lang hoogte as die Knysna-meer van Kaapstad se kant af genader word, is daar 'n padwyser wat na Brenton-on-Sea beduie. Kort nadat die draai onder die brug voltooi is, is daar 'n bordjie wat Belvidere aandui. Indien die reisiger die fraaiste miniatuur-kerkie in die Normandiese styl van die elfde en twaalfde eeue wil sien dan moet hy hier indraai en gaan kyk na die Holy Trinity Church van Belvidere. Net die lieflike ligging, so verdroomd aan die groen oewer van die meer en omring deur bejaarde eikereuse, maak 'n besoek aan die grys ou kerkie al die moeite werd. Die reisiger kan sy tyd ook al verspeel deur net rond te luiertussen die grante van lede van die waardige ou Engelse en Skotse baanbrekerfamilies van hierdie deel van Outeniqualand soos hulle daar rondom hul kerkie ter ruste gelê is in dié idilliese omgewing.

Die geskiedenis koppel die naam Johan Rex onvermydelik ook aan Belvidere. Kaptein Thomas Henry Duthy, 'n Skotse Hooglander van die Twee- en-sewentigste Regiment het in 1830, twee jaar na sy aankoms in die Kaap, 'n jagtog te perd na Knysna onderneem. Nie net die skilderagtige omgewing nie, maar ook Caroline, die dogter van John Rex, het hom so betower dat hy op 12 Februarie 1833 in die militêre barakke in Kaapstad in die huwelik met haar bevestig is. Daarna koop hy die landgoed, Belvidere, van sy skoonvader wat die oorspronklike plaas, Uitzicht, van 'n sekere Barnard bekom het, en die egpaartjie vestig hulle daar.

Kaptein Duthy, 'n man met 'n vrome agtergrond — hy het byvoorbeeld 'n broer in Engeland gehad wat predikant was — besluit om 'n plek van aanbidding op te rig vir hom, sy familie, vriende en bediendes. Hy en Caroline kies saam met biskop Gray die plek waar die gebou moes staan.

Sophia Gray het natuurlik dadelik sterk belang gestel en het 'n argiteksplan (van Butterfield) uit Engeland laat kom. Eerwaarde Duthy, die Kaptein se broer, het 'n aansienlike bydrae tot die boukoste in Engeland gekollekteer. Die agbare Henry Barrington (twaalfde van die vyftien seuns van die vyfde burggraaf Barrington en onder meer 'n kannunik van die katedraal van Durham) was ook een van die belangrike baanbrekers van hierdie streek en het heelwat van die plaaslike stinkhout en geelhout vir die kerk geskenk. Gelukkig is daar 'n afsetting sandsteen op die landgoed

gevind. Drie Skotse steenhouders het die sandsteen gegrawe, gebeitel en met sleg en osse na die bouterrein karwei. Die drie Skotte was afkomstig van 'n immigranteskip en hul name verdien vermelding: Alexander Bern en Colin en Alexander Lawrence. Om die groot klip waaruit die preekstoel gekap is, een wat hulle met goeie rede “die monster” genoem het, aan te sleep, was 'n Herculestaak. Die hele preekstoel, uitsonderd die parapet, is uit die enkele steen gekap.

Met die klok wat in Engeland gegiet was, was daar teenspoed. Dit is met 'n boot vervoer wat in die standmeer kon opvaar en toe die klok afgelaai is, het dit in die water geval. Vir etlike maande lank het dit op die bodem van die meer gelê voordat dit gevind en op sy plek in die nis bokant die voordeur gehang is. Die 3 000 leiteëls vir die dak, ook uit Engeland afkomstig is, so staan dit opgeteken in die annale van die klein vaartuigies wat destyds by Belvidere anker gegooi het, in Julie 1849 van die Apone afgelaai.

Net een dag ná Knysna se St. George-kerk, is die Holy Trinity-kerk van Belvidere deur biskop Gray toegewy.

Die vensters vertel die legende van 'n familiekerk. In die suidelike muur is 'n gedenkvenster gewy aan George Duthy en sy broer Alfred. Die middelste venster aan die westekant dra die Britse koninklike wapen en dié van die bisdom van Kaapstad terwyl die familiewapens van die Duthy's en die agbare H. Barrington weerskante daarvan verskyn.

Die fraai klein roosvenster is deur C.S. Groves in Engeland gemaak van stukkie kleurglas afkomstig van gebombardeerde kerke.

Die kerkie is gedrenk in die tradisie van die Duthy-familie — 'n tradisie wat tot in die moderne tyd voortgesit word. Die laaste regstreekse afstammeling wat die landgoed in die naam van die Duthy's besit het, was die botanis, mej. A.V. Duthy, geliefd onder Stellenbosse studente aan wie sy die vak doseer het. 'n Dogter van C.S. Groves wat die roosvenster gemaak het, het die helder kleurvenster waarin ons veldblomme sierlik ingewerk is, ter nagedagtenis aan wyle dr. Duthy ontwerp. Maar ook aan 'n lewenslange vriendin van dr. Duthy, mej. Annie Armstrong, onderwyseres aan Belvidere se gemengde skooltjie, is 'n venster gewy. Dié besondere klein kerk het 'n atmosfeer van intieme wyding — soos van 'n persoonlike gebed — en veral as die lief en leed van die gemeentetjie van die inskripsies op die gedenkstone teen die mure gelees word, laat dit die leser nie onbewoë nie. So byvoorbeeld staan daar dat Hamilton Duthy, kleinseun van die stigter, op 28 September 1900 in die ouderdom van 23 jaar op 'n plaas Welverdiend in die Transvaal aan oorlogswonde beswyk het; dat majoor Peter Metelerkamp van die Suid-Afrikaanse Lugmag op 13 Desember 1942 in die ouderdom van 24 jaar oor die Middellandse See verdwyn het en dat sy jonger broer, Alexander ook 'n vlieënier op 13 November 1944 in die ouderdom van 23 jaar oor die Westelike Alpe vermis is. Met die toekoms van die ou-wêreldse-Engelse Belvidere-landgoed tans enigsins in die weegskaal, is dit 'n groot gerusstelling om te weet dat die kerkie, 'n klein juweel uit die Engelse erfskat van Suid-Afrika as nasionale gedenkwaardigheid vir die nageslag beveilig is.

# C.P. Nel Museum-Townhouse, Oudtshoorn

*Edith M. Neethling*

The Board of Trustees of the C.P. Nel Museum was very fortunate that permission was granted by the Executive Committee to acquire the dwelling of the late Mrs. Rose Van Niekerk.

The property consists of two buildings. The ground had been granted in April 1879 to Mr. O'Finn who established a little shop. This whole area was soon developed into little stone cottages with shutters, as townhouses surrounding the new Dutch Reformed Church which was inaugurated in 1879. The Museum's little cottage went through various stages of uses and development. The last owner divided this little dwelling into a smithy and Mr. Polson's family lived in the rest of the house. From Mr. Polson, a rich cattle breeder, Mr. J.H.J. le Roux from Bakenskraal purchased the property. Mr. le Roux commissioned the well-known architect, Charles Bullock, to design a luxurious house in the fashion of the time. This fashion was Art Nouveau, à la Oudtshoorn. It was 1907 and eclecticism was the vogue of the time. The term "Jugendstil" originating from the title of the magazine "Jugend" (Youth) published in München commencing 1896, was used in Germany and Austria, for the style which was called in France, England and other countries "L'art Nouveau", or New Art, 1900 style. It was romantic, naturalistic resurgence, essentially decorative and, in consequence, seen best in interior decoration, industrial art and fashion. The influence from Europe on the architecture of Oudtshoorn is irrefutable. With the extremely profitable ostrich feather market there was a close communication with Europe through commerce.

The feather barons' mansions and public buildings (banks, schools, churches) gave to Oudtshoorn its particular atmosphere. But some of the finest ostrich mansions were on the farms.

The 1900 style from Europe was adapted to the availability of building materials and the hot climate of Oudtshoorn. Corrugated iron was one of the materials differing from that of Europe. For the roofing in South Africa in climates that ranged to extremes, this material was ideal, and so started the British Colonial style, ranging from India right to South Africa. Stoeps and verandahs, also a distinguishing colonial feature on buildings, are very suitable to hot climatic circumstances, and give a difference of appearance to their European counterparts.

These characteristics and hewn sandstone from Oudtshoorn are apparent in our "Townhouse" which was in a sad state of repair because it stood empty for two years after a long illness of the last owner of the dwelling.

The funds of the Museum were at a low ebb and so the staff very courageously offered to do the work themselves. If one speaks of the "staff" of the C.P. Nel Museum, they were twelve at that time in 1979. The Curatrix took it upon herself to do the planning and supervision. Mr. S.P. Saayman, a very handy assistant offered to do the work with the help of Mr. Jansen, the handyman. The members of the Board offered their help wherever needed. As I write this I still shiver in what I have let myself into. It reminds me of the saying "fools rush in where angels fear to tread". Fortunately our small team was far too eager on the project

to think of proverbs.

On June 18th, 1979 work commenced. As Mr. Saayman was designated to the Townhouse the rest of the assistants had to take his terms. Fortunately he still did his weekend duty at the C.P. Nel Museum. Mrs. van Niekerk, a daughter of Mr. le Roux, was a keen collector of antiques. After her heirs removed all the furniture and decorations we realised the state of repair of the house. At the back of the house is a very large verandah which Mrs van Niekerk had further enlarged and enclosed in order to create an outkitchen, a flower arranging room and her private dressing room. All of it had to be removed. In the middle of the property a servantsroom had been erected out of at some stage two lavatories. Various walls of corrugated iron divided the property into various little courtyards of no description. Our chairman, Dr. M.A.S. Grundlingh, and myself were very disenchanted two people after a thorough investigation. But light always shines again. The Municipal officials took pity on us and helped to demolish all these additions. A third toilet was installed into one of the storerooms of the O'Finn cottage. The boundary was walled in and white-washed. The grounds had to be soaked for some time in order to level it. Terraces have been built, in keeping with the style of the house and its time.

The enclosed verandahs were white-washed by the last owner. The question arose whether to sandblast or not. Eventually I had to decide not, on account of the softness of the cut sandstone. So our versatile Mr. Saayman mixed an earth colour paint with cement which came nearest to the original colour of the stone. The inside became a nightmare to both Mr. Saayman and myself. Old wallpaper had been painted. A five-litre tin of nails removed from the walls which once held ornaments. This meant holes in the walls which had to be repaired. While the house stood empty, rats nested in there. The Municipal pest control official settled that problem. But harm had been done on the cornices and the mouldings of the entrance hall, the lounge and the dining room. Mr. Saayman painstakingly repaired the damage with plaster of paris, making new moulds as he went on. As far as we could afford to, we papered the rooms in keeping with the architecture of the house. Fortunately wallpaper is very much in favour today and the range wide, so there at least we suffered no difficulties. The entire house from ceiling downwards was either painted or papered. The size of the house is 305,25 square metres and the endless stoeps 140,45 square metres. The red paint and polish of the stoep had to be chipped off and repainted. We were scared to polish the stoep which would have become slippery for our visitors and a great risk to the Board of Trustees. The roof was painted with many a little drama.

If one considers that experienced people tackled the job and had so many hazards, I shiver to think of jobs done by people in ignorance.

One piece of restoration proved to be a fallacy. The dado in the diningroom had to be painted as it was white, which is not in keeping with the style. We have chosen the green colour of the tiles in the fireplace. With today's oil paint being very shiny, we could have ended up with a "green"



Front elevation of the Townhouse, Oudsthoorn. This is a typical example of "Ostrich Boom Architecture," 1900-1914.

elephant. Fortunately someone with experience gave us the right advice and this green dado will eventually become matt. Just give us time. Considering the size of restoration, this small error can be well afforded and absorbed in the costs.

Talking about costs, no labour included, it came to R5 000. So far we have only discussed the work, but what about its styl, appearance, its looks, its interior and furnishing? When the Board bought the property I made a great decision and promised that I would not rob the existing Museum, but regard the domestic Museum as a new entity of our complex. Another decision was taken between our Technician, Mr P. Westraad, and myself. No piece of furniture would go into this house unless it had been fully restored. Many a great word said in jest. The Board was very grateful to the Department of Nature and Environmental Conservation for making funds available in order to purchase some furniture on a 50% subsidy basis. But let me tell you what the house really looks like. The iron and fretwork used, came to South Africa as balast in the days of half-steam, half-sailing ships. This material has been put to use in Oudsthoorn in exuberance. Verandah poles, spandrels and railings grace our house as well as many others. Fire grates and tiles, as well as black kitchen ranges, were all imported, mostly from the foundry of MacFarlane as advertised in his popular catalogue.

The ceilings and cornices in our Townhouse are not pressed steel as in most parts of the country, but embossed papier-maché. These plaster ceilings are inclined to give trouble after seventy years. Harsh climatic conditions of extremes have exacted their toll. Highly glazed tiles in fireplaces and coloured glass in brass frames characterise our Townhouse. The patterns are in the fashion of Art Nouveau. A dado in the hall, drawingroom and diningroom was a "must", often also in the endless passages of the building. They were highly decorative in pattern and painted in rather dull dark colours.


In our case we left the dado of the entrance hall white, as the last owner had converted it. For no other reason, except to keep the entrance as light and friendly as possible. A counter in yellow wood has been constructed by Mr. Westraad and an old very ornamental mirror has been restored and installed above the counter. A photograph of the Le Roux family, the first occupants of this dwelling, is also in the hall. Off the hall is the drawingroom, with its original fireplace lampfittings and wall to wall Wilton carpeting dating back

to 1909. The furniture was purchased and the porcelain ornaments and bric-a-brac came from the Museum's collection. The curtains are cotton lace, which proved quite a problem to acquire. The sash windows also have sash shutters with a compartment in the wall underneath.


The original blinds with inset lace are still hanging since 1909. Here another team effort occurred when the ladies assistants decided the lace had to be washed and restored. What a painstaking job this was. Eventually done, a local upholsterer stitched the inset back into place. One has to remember all the time museum work at the C.P. Nel Museum had to continue and the Board of Trustees were very outspoken in their gratitude to the staff's enthusiasm and hard work. In between of course, leaves had to be taken and some of the staff members fell ill.

But everybody contributed in her or his way towards the end result. When a fireplace had to be restored, Mr. Andre de Wet, member of the Board managed to acquire some copperplate. His wife, a native from these parts, suggested painting the kitchen's dado dark brown and the top lighter brown, the way she remembered the well-to-do homes of the period. The result is a beautiful kitchen which still lacks a range.

The other side of the hall is the main bedroom also papered as is the diningroom and possesses a brass bed, fitted with lace bedspread and lace pillows. A mahogany bedroom suite has already caused the remark whether the visitors could not



In the drawing room one is struck by this remarkable ceiling of papier-maché.



The stained glass of the front door. The windows are set in brass.

book in for bed and breakfast, and this is exactly what we envisaged — the lived-in look. Our Custodian, Mrs. F. de Jager, takes great pride to fill the vases in each room with fresh cut flowers.

From the hall lead two doors with highly glazed coloured glass into the diningroom and another passage. The diningroom is furnished but still lacks oak dining chairs. But we are sure eventually this addition will also come. Old silver is on display here.

The pantry proves very picturesque in its old-time beauty. The original built-in cupboards are adorned with oilcloth cut-runners — all from 1909. It used to be the housewife's place of work. The original bathroom has an ornamental tub with painted art nouveau patterns. The washbasin is iron fretwork and very ornamental with glazed tiles.

The smallest bedroom has been converted into an office. As bedrooms in domestic museums are rather boring to the public, except if a celebrity of great fame has slept in such a room, we try to stick to two bedrooms of different character. The second bedroom has the original wallpaper of 1909 and a beautiful black iron and brass ornamented double bed. The furniture is yellowwood but the style dates back to 1906.

Mrs. van Niekerk's original bedroom has been converted into a very male-looking study, with information on the house and its original occupants for the visitor to read. Smoking utensils are displayed in a museum display cabinet, all locked. The extra large easy-chairs, decanters and nice ashtrays create a very cosy room. As the carpet is also original like the one in the drawingroom, we have put felt underneath in order to help to carry the traffic. This room has curtains over twenty years in use and they stood a wash comfortably. It goes to show if good quality material is used, it pays in the long run. Special care has been taken to eliminate ultra violet light from the interior in order to safeguard the collection.

The entire undertaking of restoration has taken nine months, which can be regarded as a record. This includes the laying out of the garden. On March 31st 1980, during the Annual General Meeting of the C.P. Nel Museum, our outgoing Director of Nature and Environmental Conservation, Dr. Douglas Hey, in company of his successor, Mr. W.O. Morsbach, opened the house to the public. It was a great day when the first visitors viewed the house. Some

thought it was given to us with all the contents of Mrs. van Niekerk. Well, they have been disappointed.

Through the kind co-operation of the Administration, the Municipality and the Board of Trustees of the C.P. Nel Museum, this property was purchased for R30 000 and as already mentioned, the restoration and purchase of furniture added another R5 000.

Dr Picton-Seymour describes this house as follows: "Quite the most lavishly decorated town residence is the Le Roux House in High Street. Standing on a corner site, the small front garden is guarded by a stone wall set with Art Nouveau iron railings. The corner of the house consists of a circular tower, topped by deep ironwork above the fish-scale tiles of the conical curved roof. The base of the cone rests on a collar of ironwork with a motif of classical honeysuckle. Then below the corrugated iron roof the circular verandah fans out, and is supported upon cast-iron with railings; this verandah continues around much of the house and forms a delicate portico over the front steps. The walls are of the ochre stone of Oudtshoorn and the steep but interestingly-shaped roof is of corrugated iron. Like small dormer windows, circular cast-iron ventilators look out from the lofts, and the roof is crested and spiked with iron lacework. The roof shape denotes the interesting shapes of the rooms beneath, especially that with the section below the circular tower; the ornate ceilings follow these odd contours in a delightful manner." The house was designed by Charles Bullock in 1909 for J.H.J. le Roux, a cattle breeder of Bakenskraal, as "tuishuis" as it is situated near the Dutch Reformed Church. His daughter, Mrs. Rose van Niekerk, acquired the house after her husband's death and moved from the farm to settle in town. Mrs. van Niekerk was a great collector of antiques for which this house provided an ideal backdrop.

Another heritage of South Africa has been saved. On February 22nd 1980 our Townhouse was proclaimed a National Monument. Oudtshoorn is rightly proud of this achievement.

#### Sources

Reginald G. Haggart: A dictionary of Art Terms. Oldbourne Press. London, 1962.

D. Picton-Seymour: Victorian Buildings in South Africa. A.A. Balkema. 1977.

---

"It has been most truly said ... that these old buildings do not belong to us only; that they have belonged to our forefathers and they will belong to our descendants unless we play them false. They are not in any sense our property, to do as we like with. We are only trustees for those who come after us."

— William Morris in *Address to the Society for the protection of Ancient Buildings 1899.*

---

"Old buildings record the architectural and social history of our civilisation and should be seen as a heritage we hold in trust for future generations."

# Geskiedenis van Rynse sendingwerk in Worcester

*C.H. de Wit, vakkundige beampte en historikus, Worcestermuseum*

Die Rynse Sendinggenootskap het in 1828 in die Rynse provinsie in Duitsland ontstaan uit die samesmelting van vier verenigings in die dorpe Elberfeld, Wesel, Cologne en Barmen wat hulle beywer het vir die opleiding en uitstuur van sendelinge na nie-christelike nasies. Barmen sou later die hoofkwartier word van hierdie sendinggenootskap. Besonder goeie samewerking het skynbaar tussen die sendinggenootskappe in verskeie lande bestaan, want toe die nuus dat John Philip van die Londense Sendinggenootskap met 'n groep sendelinge, waaronder drie lede van die Paryse Sendinggenootskap, na Suid-Afrika sou vertrek die ore van die L.S.G. bereik, is dadelik aan Philip gevra om ook vier sendelinge van die R.S.G. onder sy beskerming na Suid-Afrika te neem. Daaroor was Philip verheug en in Oktober 1829 arriveer die vier Duitse sendelinge, Von Wienand, Leipoldt, Zahn en Lückhoff saam met die res van die geselskap in Kaapstad. Lückhoff en Zahn is dadelik deur die plaaslike sendinggenootskappe van Stellenbosch en Tulbagh onderskeidelik genader waar hulle hul dan ook gevestig het. Von Wienand en Leipoldt het egter verder noordwes getrek en die sendingstasies Wupperthal, waar Leipoldt sou werk en Ebenezer naby die mond van die Olifantsrivier aangelê waar Von Wienand hom gevestig het.

Op Tulbagh het Zahn egter as hulpleraar vir eerwaarde Arrie Vos opgetree wat na Zahn se aankoms verantwoordelik was vir geestelike werk onder die inwoners van die dorp terwyl Zahn die omliggende distrik sou bearbei. Hierdie taak het hy op 1 Januarie 1830 begin en ook Worcester en sy omgewing was onder die buitewyke wat hy met vrag bearbei het. Zahn is deur die gemeenskap van Worcester met ope arms ontvang en die plaas Tweefontein van Jacobus du Toit was vir Zahn as 't ware 'n tweede tuiste. Onder Zahn se leiding is dan ook 'n Hulpsendinggenootskap gestig met Jacobus du Toit, W. de Wet, Jan H. Meiring, Jacobus de Wet (W-seun) en B.J.G. de la Bat op die Worcester Sendingdireksie. So ywerig was die vereniging oor die sendingaksie dat 'n persoonlike brief aan die Rynse direkteure in Barmen gerig is waarin gevra is dat Worcester 'n onafhanklike gemeente word met Zahn as sendeling.<sup>1</sup> Die direkteure van die R.S.G. in Duitsland het egter besluit dat Zahn op Tulbagh moet bly, maar dat eerwaarde Terlinden na Worcester-gemeente sou kom wat in 1831 onafhanklik geword het van die Tulbagh Zendinggenootskap.


Op 16 Februarie 1832 is Terlinden in die Worcesterse sendinggemeente ontvang waar hy deur ds. Sutherland bevestig is.<sup>2</sup> Hierdie bevestiging het in die N.G. "Gesticht" plaasgevind wat ook deur die moederkerk aan die sendinggemeente beskikbaar gestel is tot tyd en wyl laasgenoemde 'n eie werkgebou sou hê. Dit is interessant om daarop te let dat sendingwerk op daardie tydstip in die verskillende distrikte onder die beskerming en leiding van plaaslike sendinggenootskappe gestaan het wat geïnisiër is deur die plaaslike N.G. moedergemeentes alhoewel noue kontak gehou is en die werk gedoen is deur leraars van die R.S.G. Die sendingaksie is dus beheer deur 'n Sendingdireksie wat gewoonlik bestaan het uit lede van die N.G. kerkraad. Net soos Zahn het Terlinden ook spoedig die samewerking en welwillendheid van die Blankes van

Worcester verkry aangesien sendingwerk onder die talle ongekerstende slawe en ander Kleurlinge hulle na aan die hart gelê het. In die derde jaarverslag 1831-'32 word daar melding gemaak van 11 000 ongelowige siele in Worcester en omgewing.<sup>3</sup>


Op 6 April 1833 is 'n behoorlik gekonstitueerde vereniging, die Rhynsche Sendeling Genootskap van Worcester, gestig met eerwaarde Terlinden as predikant, Jan Meiring as sekretaris, Jacobus de Wet as assistent-sekretaris en J.B. de la Bat as tesourier. Die volgende direkteure is ook op die "Directie" verkies, naamlik dr. George Glaeser, Wouter de Wet, Wouter de Vos, Gabriel Hugo, J.P. Jordaan, J.D. Opperman, wat later deur Roelof van der Merwe vervang is, P.J. de Vos en D.J. de Wet. Hierdie bykomende direkteure sou die volgende wyke verteenwoordig: Worcester, Breede Rivier, Goudini, Voorste Bossieveld, Over Hex Rivier, Hex Rivier en Bokkeveld.

Deur bemiddeling van hierdie vereniging en met die siviele kommissaris van Worcester, P.J. Truter, as tussenganger, is deur die loop van 1833 verhoë tot die waarnemende goewerneur, sir Lowry Cole, gerig om grond binne die dorpsgebied aan die Sendinggenootskap toe te sê met die doel om 'n kerk en skool daarop te bou. Hierdie versoek is toegestaan en erwe 4 en 5 in blok K is aan die Genootskap gegee met die uitdruklike verstandhouding dat dit vir geen private doel nie maar slegs vir godsdienstige en opvoedkundige doeleindes gebruik mag word.<sup>4</sup> Erf nr. 4 (huidige nr. 1098) is die erf wat later deur eerw. Esselen aangekoop is en waarop die rooidak-verandapastorie in Adderleystraat is wat deur die huidige leraar, ds. Jekels, bewoon word. Hierdie erf was egter aansienlik kleiner as erf nr. 5 net langsaan asook erf nr. 6 wat die hoek van Adderley- en Hoogstraat is. Dit het die Sendinggenootskap op 4 September 1933 aansoek laat doen om eiendomsreg op erwe 5 en 6 in blok K in plaas van 4 en 5, wat aan hulle 'n veel groter stuk grond sou gee. Dit is op 2 Oktober van dieselfde jaar aan hulle toegestaan.<sup>5</sup>

Strassberger (p. 22) voer aan dat die eerste sendingkerk reeds op Januarie 1833 ingewy is, maar geen substantiewe getuïenis kon in beskikbare bronne hiervoor gevind word nie veral gesien in die lig van die feit dat onderhandelinge



*Die eerste pastorie langs die kerk (1840). Volgens Miemy is Louis Leipoldt hier gebore.*



*Hierdie gebou wat tans die openbare biblioteek huisves, en vroeër as skool gebruik is.*

tussen die Sendinggenootskap en die owerheid oor standplase eers in 1833 gefinaliseer is. Die oordrag van erwe 5 en 6 (vandag saamgevoeg as een erf no. 1104) aan die Sendinggenootskap, is eers op 1 Desember 1834 geregistreer.<sup>6</sup> Dit blyk dus dat die datum wat Heese (p. 122) aangee vir die hoeksteenlegging, naamlik 18 Januarie 1834, en 11 Mei van dieselfde jaar as die datum van inwyding, korrek is aangesien dit ook so opgeteken staan in 'n notule van die verrigtinge.<sup>7</sup>

Die hoeksteenlegging is waargeneem deur die siviele kommissaris, P.J. Truter, namens die Goewerneur. In die afwesigheid van eerw. Terlinden is die rede gevoer deur eerw. Zahn en 'n gebed gedoen deur ds. Sutherland. Wouter de Vos het as seremoniemeester opgetree. B. de Vries is aangestel om toesig te hou oor die bouery van die "Evangeliese kapel". Groot bydraes is gelewer deur Wouter de Wet, P.J. de Vos, Jacobus Jordaan, J.P. Jordaan, dr. George Glaeser, Pieter de Wet, Wouter de Vos, Jan Meiring, Dawid Naudé en P.G. de Wet. Volgens alle beskikbare getuies blyk dit dat hierdie kapel op die hoek van Adderley- en Hoogstraat die eerste geboutjie op die toegesegde plotte was en dus die oudste in die bestaande kompleks. "Werd voorgestel en besloten dat deze Godshuis in het hoek Erf nr. 6 met het front op het Kerkplein uitgaan".<sup>8</sup> Vandag huisves dit 'n kafee.

Terlinden het na die ingebruikneming van die kapel ook toestemming van die Direkteure verkry om die geboutjie as skool te gebruik waar Kleurlingkinders bedags en volwassenes saans onderrig is. Verlof is ook van die goewerneur, sir Benjamin D'Urban wat die bestuur in 1834 oorgeneem het, verkry dat die twee erwe as eiendom van die Sendinggenootskap geregistreer kon word sonder betaling van registrasiegelde. Die Sendinggenootskap het dus die twee erwe kosteloos verkry.

Dit was met groot ontsteltenis dat die Direkteure op 'n vergadering op 13 Junie 1835 van eerwaarde Terlinden verneem het dat die Rynse Sendinggenootskap besluit het om hom na Ebenhaezer te verplaas. Vertoë tot die R.S.G. in dié verband het niks gehelp nie en so hoog het die gevoelens geloop dat eerwaarde Terlinden op 'n vergadering op 20 November 1835 die Direkteure meegedeel het dat eerw. Külpmann, wat hom sou opvolg, nie sy weg oopsien om na Worcester te kom nie indien die Direkteure nie hulle besluit naamlik om Külpmann nie te ontvang nie, terugtrek nie. Dit was dus te verstane dat Külpmann sy werk met heelwat teenkanting in Januarie 1836 op Worcester aanvaar het. Daarby was sy gesondheid nie na wense nie. Heese maak melding van 'n eerwaarde Budler wat ook na Worcester gestuur is om Külpmann by te staan hoewel nêrens in die ou

notuleboek 'n melding daarvan gemaak word nie.


Die volgende prioriteit was 'n pastorie vir Külpmann en reeds in 1836 is besluit om sodanige pastorie te bou. Die geld vir die bou daarvan sou deur J. du Toit voorgesket word. Alhoewel Külpmann mettertyd aanvaar is as sendeling, wil dit tog voorkom of die sendingaksie op Worcester agteruit begin gaan het met die vertrek van Terlinden aan die einde van 1835. Lede van die Sendinggenootskap het bedank en finansiëel het die W.S.G. swaar gekry sodat in 1839 besluit is om die sendingaksie met alle vaste eiendomme onderhewig aan seker voorwaardes aan die Rynse Sendinggenootskap oor te dra. Die pastorie wat vandag in Adderleystraat langs die Kerk staan is dan ook eers in 1840 voltooi.

Wat betref die eerste gebou wat ná die kapel in diens geneem is vir onderwysdoeleindes bestaan daar groot twyfel. Strassberger voer aan (p. 27) dat tesame met die pastorie ook 'n skoolgebou in 1840 voltooi is. Heese (p. 122) maak egter melding van 'n nabygeleë woonhuis wat aangekoop is om as tydelike skool en pastorie te dien. Dit was alreeds in 1835. Dit kan nie met sekerheid gesê word waar die betrokke woonhuis was nie, maar dit is feitlik seker dat dit nie die latere gebou is wat omstreeks 1840 saam met die pastorie in Adderleystraat voltooi is en vandag 'n stoffeerdery huisves nie. Die vrystelling van die slawe en die gepaardgaande ontvreedenheid onder blanke boere asook die finansiële verliese, het die W.S.G. gedwing om die beheer aan die R.S.G. in 1839 oor te dra waarna daar ook meer geld en middele tot die sendinggemeentes se beskikking was. Dit verklaar die vermoë van die Worcesterse gemeente om teen 1840 beide 'n pastorie en skool te kan voltooi. Die eiendom is egter eers in 1841 in die naam van die R.S.G. geregistreer (Akte 20/1841).

Opsommende aantekeninge oor die Rynse Sendinggemeente op Worcester wat ongelukkig nie onderteken is (nie en sodoenie nie definitief geïdentifiseer kan word nie ( miskien eerwaarde Söhngé met die eeufees van die gemeente?) werp ook meer lig op die saak. Daar word byvoorbeeld daarop gewys dat Terlinden bygestaan is deur die dogter van eerwaarde Vos wat in haar eie huis onderrig aan vroue en kinders gegee het.

Is dit miskien die huis waarna Heese (p. 122) verwys? Drie dames, mejj. B. en S. Zuykermans en die weduwee W. de Wet het ook as onderwyseresse opgetree. Die bekende skrywer wys ook daarop dat Külpmann behalwe vir die bou van 'n pastorie en 'n skool, ook die kerk laat vergroot het. Dit laat onmiddellik weer twyfel ontstaan aangesien dit die vergroting moes beteken aan die eerste kerkie (waar vandag die kafee is) aangesien die groot kerk eers in 1852 ingewy is (volgens Heese, p. 123). Te veel feitlike waarde kan egter nie aan die opsommings van die destydse leraar geheg word nie (sy verwysing na die vergroting van die kerk laat die indruk ontstaan dat die groot kerk toe al bestaan het) aangesien dit baie oorsigtelik in periodes van 10 jaar gedoen is en sy inligting wat ongeveer in 1931 geskryf moes gewees het, op mondelinge gegewens moes berus.

Dit was vir die Worcesterse sendinggemeente 'n blye dag toe Terlinden in 1843 na Worcester terug verplaas is en hy moes aangenaam verras gewees het om by sy terugkeer 'n voltooide skool en pastorie aan te tref. Külpmann se gesondheid was swak en die meeste werk moes deur Terlinden gedoen word. Daarby was die samewerking tussen die twee nie na wense nie. In 1845 word Külpmann verplaas en word Terlinden bygestaan deur die jong Kolbe. Sedert oornam deur die R.S.G. groei die gemeente egter baie vinnig. (In die ongeïdentifiseerde opsommings word dit toegeskryf aan die feit dat 'n meteoriet naby die dorp op 'n berg neergestort het — vandaar die stroom bekeerlinge!) In 1848 word Esselen op Worcester aangestel nadat Terlinden



*Die Veranda-pastorie wat deur Esselen gekoop is. Het die Leipoldts miskien hier ingewoon tydens hulle verblyf in Worcester?*


weer eens verplaas word — dié keer na Stellenbosch. Esselen sou bygestaan word deur Nollan, aangesien Kolbe na drie jaar vertrek het. Ook Nollan sou egter net 'n kort rukkie bly waarna hy na Noord-Amerika vertrek het.

Onder Esselen se leiding sou die gemeente ongekende groei ondervind. 'n Groter kerk is spoedig nodig en op eie inisiatief en met die hulp van gemeentede en boere is bouwerk aan 'n nuwe kerk in 1851 begin sodat die nuwe kerk in 1852 ingewy kon word. Dit is die huidige kerk soos hy in Adderleystraat staan, behalwe dat die twee flanke in 1862 aangebou is om plek te maak vir 'n groeiende gemeentetal. Die klok is in 1859 geïnstalleer en in die Ruhr-gebied in Duitsland vervaardig. Esselen kon tevrede voel oor sy vordering in tien jaar, veral gesien in die lig van die opposisie van die Mohammedaanse geloof wat onder leiding van 'n sekere Abdol vinnig veld gewen het.


In 1866 bekom eerwaarde Esselen erf nr. 4 (deesdae erf nr. 1098) uit die bankrotboedel van C.J. du Plessis vir die bedrag van £55. Wanneer hy die huis daarop laat bou het (tans bewoon deur ds. Jekels) is nie seker nie, maar dat hy dit daar laat bou het, skynbaar met die oog op sy oudag, is seker, aangesien die transportakte (nr. 3184/1895) geen melding maak van enige geboue toe die eiendom in sy naam in 1866 geregistreer is nie. By sy afsterwe in 1893 is dit deur die gemeente vir £400 gekoop en in ontvangs geneem deur eerw. Eich in sy hoedanigheid as leraar. Die enigste voorwaarde was dat mev. Catharina Wilhelmina Esselen vruggebruik tot haar dood toe sou geniet. Hierdie gebou is teen daardie tyd reeds as 'n bykomende pastorie gebruik. Dit is opvallend dat Strassberger en Heese in baie gevalle verskil in soverre dit datums aangaan. Eersgenoemde sê byvoorbeeld dat eerw. C.F. Leipoldt in 1881 diens as hulpleraar aanvaar het, terwyl Heese 1880 aangee. Laasgenoemde moet as korrek aanvaar word aangesien die bekende digter C. Louis Leipoldt op 28.12.1880 op Worcester gebore is. Eerw. C.F. Leipoldt is deur sy broer J.G.C. Leipoldt opgevolg. Ook hier bestaan daar ernstige verskille tussen Strassberger en Heese. Heese voer aan dat C.F. Leipoldt tussen 1880-1884 op Worcester werksaam was en daarna deur sy broer opgevolg is in 1884 (p. 124). Strassberger gee Esselen se dood aan as 1892 (p. 31) in plaas van 28.06.1893 soos Heese en voer aan die hand van eersterangse bronne aan dat C.F. Leipoldt se broer Johan eers in 1891 op Worcester aangekom het.<sup>9</sup> Laasgenoemde moet as korrek aanvaar word aangesien Heese se uitspraak slegs die indruk wek dat J.G.C. Leipoldt in 1884 al op Worcester aangekom het. Dit word egter nie eksplisiet so gestel deur Heese nie. J.G.C. Leipoldt het dus vanaf 1891 Esselen bygestaan wat dan vermoedelik alleen in die bediening was vanaf 1884-1891. Vanaf Esselen se dood in



*Die hedendaagse kafee wat moontlik die oudste gedeelte van die kompleks teenoor die groot kerkgebou was. Die skrywer vermoed dat dit ook die eerste kerkgeboutjie was.*




*Binnekant van die kerk.*




*Een flank van die skoolgebou wat omstreeks 1840 saam met die eerste pastorie voltooi moes gewees het.*





Ingang tot die kerk.



- (a) Hoekgeboutjie (tans kafee)
- (b) Grasdakpastorie
- (c) Skoolgebou
- (d) Groot Kerk
- (e) Veranda-pastorie
- (f) Huidige Biblioteek (voorheen skool)
- (g) Pastorie

1893 moes J.G.C. Leipoldt vermoedelik weer alleen die werk behartig tot en met die aanvaarding van die hoofskap van die sendinggemeente deur eerw. Friedrich Eich op 7 April 1895. Vanaf 1908 sou eerw. Söhnge vir eerw. Eich bystaan tot en met laasgenoemde se aftrede in 1913. In 1913 is Söhnge na Saron en het eerw. Hartwig diens op Worcester oorgeneem tot in 1922 waarna Söhnge weer sou terugkeer tot 1941 toe die N.G. Sendingkerk die werk oorgeneem het. Die kernvraag wat egter opduik en veral met die oog op die 100-jarige herdenking van C. Louis Leipoldt se geboortedag, is, waar Leipoldt presies gebore is; in die eerste pastorie

langs die Kerk of in die veranda-pastorie net 'n paar treë laer af in Adderleystraat? Toe Esselen in 1848 op Worcester aankom was die pastorie langs die kerk reeds al voltooi en sou hy dit betrek het. Die indruk wat Heese laat (p. 124) dat C.F. Leipoldt die tweede pastorie in Hoogstraat betrek het is foutief aangesien die pastorie met die aankoms van Eich nog onvoltooid was.<sup>10</sup> Eich en sy familie kon nie die veranda-pastorie in 1895 betrek nie aangesien die weduwee Esselen dit bewoon het. Dit is ook onwaarskynlik dat Esselen die eerste pastorie in 1880 sou ontruim om plek te maak vir sy skoonseun, Louis Leipoldt, se vader. Alle getuies en omstandighede dui daarop dat die Leipoldts die veranda-pastorie sou betrek het waar Louis op 28 Desember 1880 gebore is. Dit kan egter nie sonder meer aanvaar word nie. Miény voer aan dat Leipoldt se ouers na hulle terugkeer uit Sumatra hulle intrek by die Esselens geneem het waar Louis dan ook gebore is. Dit dui weer op die eerste pastorie langs die kerk as sy geboortehuis. Ongelukkig is in hierdie geval ook geen spesifieke bronverwysing nie maar dit dui op 'n baie sterk moontlikheid veral as in gedagte gehou word dat die vrou in daardie dae voor haar bevalling by haar moeder gaan bly het tot na haar kind se geboorte. Buitendien was mev. Leipoldt se gesondheid nie na wense nie.<sup>11</sup> Daar kan ook nie met sekerheid gesê word dat die veranda-pastorie to al gebou was nie.

Bronliteratuur oor die onderwerp is uitermate skaars en die wat wel inligting bevat gaan mank aan baie gebreke, byvoorbeeld onvolledigheid, gebrekkige verwysings na geraadpleegde bronne, onnoukeurigheid, onduidelikheid, oorsigtelikheid, ensovoorts en blyk dit 'n onvermydelike noodsaaklikheid vir 'n in diepte navorsing te wees dat die argivale bronne in die Rynse Sendingargief te Barmen, Wupperthal geraadpleeg sal moet word.

*Enkele aanvullende aspekte in die bepaling van die tyd van oprigting van die sentrale Kerkgebou in die Rynse kompleks in vergelyking met die hoekgeboutjie wat moontlik die eerste kerkgebou kon wees.*

Die teorie dat die geboutjie op die hoek van Adderley- en Hoogstraat moontlik die eerste gebou was in die bestaande Rynse kompleks, en aldus die eerste kerkgebou, blyk van meer komplekse aard te wees soos tewens die geval is met die teenoorgestelde en meer populêre opvatting naamlik dat die huidige kerkgebou vanaf die begin daardie funksie vervul het. Om uitsluitel hieroor te kry is verkillende sekondêre bronne sowel as oorspronklike geskryfte geraadpleeg, maar nêrens kon 'n duidelike skriftelike aanduiding verkry word nie. Dit blyk dus dat uitsluitel verkry kan word slegs deur die logiese beredenering van bestaande feite en aan die hand daarvan die eliminerings van moontlikhede. Voordat dit moontlik is, is dit egter noodsaaklik om enkele bestaande en onbetwiste historiese feite uit te lig.

Notules van die ou Worcesterse Sendinggenootskap gee **Januarie 1834** as datum van hoeksteenlegging en Mei van dieselfde jaar as inwydingsdatum van die Evangeliese Kapel. Daar word ook gesê dat die kapel op die hoekerf (no. 6) gebou sou word sodat dit na Kerkplein front. Nie een van hierdie twee feite elimineer egter een van die twee geboue nie, aangesien die kafeegebou se opening oorspronklik aan die sykant was wat gefront het na die deel van Kerkplein wat vandag deur die munisipale geboue en Burgersentrum beset word.

Die volgende datum wat uitstaan, en waaroor daar nie twyfel hoef te bestaan nie, is 1840 toe die grasdakpastorie en die skoolgebou langsaan in Adderleystraat gebou is. Wat betref die kernprobleem naamlik watter gebou in die kompleks eerste gebou is, is hierdie feit slegs van sekondêre belang. Wat betref die volgende belangrike datum en waarin ook opgesluit lê die antwoord op bogenoemde

probleem, naamlik 1852, sê Strassberger (p. 28): "Baptized persons were now 156 and communicants 100, with the result that the church was becoming too small. In 1852 a new church could be dedicated." (Haar verwysing daarna berus op die 23ste jaarverslag, 1851-52). Heese sê: "Esselen se skool en kerk het so vinnig gegroei dat hy 'n baie groter kerk moes bou wat in 1852 ingewy is" (p. 123). Die vraag ontstaan nou of die Kerk vergroot is in 1852 en of 'n nuwe kerk gebou is. Verskeie direkte en indirekte leidrade wys op laasgenoemde:

1. As die hoeksteen van die groot kerk in Januarie 1834 gelê is, is dit onwaarskynlik dat voltooiing al teen Mei 1834 kon geskied selfs al word van die standpunt uitgegaan dat slegs die voorste of agterste helfte van die noord-suid gedeelte van die groot kerk gebou is en later in 1852 die ander helfte, aangesien die vergroting wat in 1851 al begin is eers in April 1852 ingewy is. Die hoekgeboutjie kon wel in enkele maande voltooi gewees het naamlik Januarie-Mei 1834.
  3. Samesprekings by die Kaapse Instituut van Argitekture met mnr. Dirk Visser, wat die kompleks al besoek het, het bogenoemde vermoedens versterk en ook van hom die mening ontlok dat die ligging van die hoekgeboutjie 'n aangewese verstrekpunt vir ontwikkeling was.
  4. Die skoolgebou wat in 1840 saam met die pastorie gebou is, is die gebou in Adderleystraat en nie die hoekgeboutjie nie aangesien dit hoogs onwaarskynlik is dat die skool in 'n beperkte ruimte tussen die kerk en die straat ingedruk sou word terwyl erf no. 5 nog heeltemal oopgelê het. Dat dié hoekgeboutjie wel as skool ook gebruik is, is egter seker.
  5. Die ligging van die groot kerk asook latere uitbreidings dui daarop dat dit aangepas moes word by die reeds bestaande afmetings van die hoekgebou.
  6. Beide Strassberger (wat klaarblyklik by die Rynse Argief in Duitsland navorsing gedoen het) en Heese laat ondubbelsinnig blyk dat 'n **nuwe** kerk gebou is.
  7. In die notuleboek van die Rynse Kerk verskyn 'n verwysing na die geskiedenis van die gemeente wat opgestel is tydens die dorp se eeufees, waarskynlik deur eerw. Hartwig: "Op de hoek van Adderley- en Hoogstraat, daar waar thans het gebou staat, waar onze kleinste skoolkinderen onderwezen worden, werd toen het gebou opgericht sodat het kerkje midden 1834 voltooid werd ... In deze eenvoudige evangelische kapel die men algemeen ook het oefeningshuis noemde, werd van toen af de openbare godsdienst alsook de dagschool voor kleine kinderen en mindergevorderden gehouden ..." (p. 17) En dan weer op p. 19: "De oude Kapel werd haast te klein. Zoo begon mnr. Esselen reeds in 1851 een nieuwe kerk te bouwen, namelyk die ondervleugel van onze kerk. Reeds in April 1852 werd de gebou voltooid, voorzien met eenen deftigen toren in welken 1855 onder groote plechtighede de 2 machtige klokken gehangen werden ..." <sup>12</sup>. (Heese gee 1859 aan as datum van ingebruikneming van die klok.)
- Wat die pastorie en skoolgebou in Adderleystraat betref, gee die skrywer sy herinnering as volg: "In 1840 ... richte mnr. Kulpman een woonhuis op: het middelstuk van de pastorie in Adderleystraat. Verder werd een school gebouwd daar waar thans de groote school staat ook in Adderleystraat." Ook word in 1840 "een kamer aan de Kapel gevoegd" (p. 18). Hierdie skool is skynbaar in 1858 vergroot tot sy huidige

vorm, want "die schare der kinderen in de gemeente werd zoo aangegroeid dat de school te klein werd. Zo bouwde mnr. Esselen ... de nieuwe grote school in Adderleystraat ..." (p. 19).

Dit blyk egter dat die Kapel soos hy in 1834 voltooi is, nie sy oorspronklike vorm behou het nie. Die skrywer wys daarop dat Esselen in 1890 "het oude 'oefeningshuis' had laten afbreken en het schoolgebouw voor onze kleinste kinderen doen oprichten" (p. 20). Of daar net verander is aan die gebou en of dit heeltemal afgebreek is, is nie duidelik nie. Laasgenoemde klink onwaarskynlik en dit kan aanvaar word dat dit eerder verbreek en verander is om meer prakties te wees vir onderwysdoeleindes. Op 'n foto wat om en by 1890 geneem is, is dit dan ook duidelik dat die geboutjie sy kapelvorm verloor het en aangepas is by die argitektoniese styl van die kerk.<sup>13</sup> Dit moes die verandering wees wat Esselen in 1890 aangebring het. Sedertdien is die gewels weereens verander tot hul huidige vorm.

Daar moet toegegee word dat die opsomming van die Rynse geskiedenis te Worcester wat skynbaar deur eerw. Hartwig in 1920 saamgestel is, nie 'n ooggetuie-verslag is nie en dat daar wel gebreke kan wees maar as die bron aan intensiewe interne en eksterne kritiek onderwerp word bestaan daar geen rede om dit nie as feitelik korrek te aanvaar nie. Positiewe kritiek en aanvullende inligting wat miskien tot ander interpretasies en afleidings kan lei, sal egter verwelkom word.

## Addendum

### Voetnote

1. Notuleboek Rynse Kerk. J. Meiring en W. de Wet — Rynse Sendinggenootskap, 7 November 1831.
2. In sy Gedenkboek van die N.G. Kerk op Worcester beweer J.A. Heese op p. 122 dat die insêning deur eerw. Zahn gedoen is. Volgens notules van daardie tyd het ds. Sutherland die bevestiging waargeneem. Dit kan aangeneem word dat beide leraars aanwesig was maar of dit twee afsonderlike rituele was, is nie seker nie.
3. E. Strassberger: The Rhenish Missionary Society in S.A. 1830-1950, p. 22.
4. Siviele Kommissaris — Sendinggenootskap, 26 Junie 1833 (Kopieë van briewe, p. 25).
5. *Ibid.*, p. 35.
6. Transportakte 20/1841.
7. Notuleboek, Rynse Kerk, p. 45.
8. *Ibid.*, p. 37.
9. E. Strassberger: The Rhenish Missionary Society in S.A. 1830-1950, p. 31.
10. F. Haak: 'n Lewenskets van Friedrich Eich, p. 91.
11. G.J. Mieny: Liepoldt in Londen, p. 2.
12. BL/74/10 (a) Notuleboek van Rynse Sendinggemeente, pp. 17-19.
13. Aanwins WM/76/31, Worcestermuseum.

# Historic farmhouse Zeekoegat

- Mrs. Imela Lunnon

Approaching along a tree-lined road and passing several very old buildings, one of which was a water-driven flour-mill in days gone by, mostly suffering advanced decay, one rounds a slight curve and is suddenly confronted by a proud relic of the earliest days, preceding even the birth of Riversdale, a solid-looking, thatched house of the Cape Dutch style with a curvaceous gable in the centre.

The house stands with its left-hand side against a grassy slope, its opposite end being well above ground level, while further down the slope stands a second thatched building looking almost equally old. As one approaches, however, the glory swiftly fades, leaving one stricken with dismay at the sight of weather damage and general decay. It is immediately obvious that the building is not occupied and that, despite the proud badge of the Monuments Commission, placed there in 1963, nothing is being done to preserve this historic example of a slave-built house of the 18th century.

Van Riebeeck established the Cape station in 1652 and in 1667 the demand for fresh meat, fruit and vegetables resulted in Hieronymus Cruse being sent on an exploratory expedition along the coastal plain eastwards from the Hottentots Holland mountains. He reached the site of today's Mossel Bay and returned with a valuable number of traded cattle, many of which were superior to those already grazing in the precincts of the Fort. After crossing the Duivenhoks River he followed a route closer to the present railway line than to the National Road, apparently crossing the Vette River at a shallow ford near the present Agricultural High School, Oakdale, then proceeding eastwards.

This route was taken by most of the subsequent travellers and became known as "Die Groot Wapad na die Ooste". Towards the end of the 17th century, many farmers were looking for better grazing and were allowed to cross the Hottentots Holland mountains to find pasturage along the coast for a nominal fee of 12 riksdalers. By 1717 their animals were grazing as far as the Breede River and ten years later were already established at five cattle posts in the present Riversdale district. Jurgen Potgieter had a camp at Plattekloof, Marthinus van Hade near Kruisrivier, and Philip du Preez at Palmiet River, while other places let for grazing were Assegaaibosch, in 1728, Welgevonden, in 1730, Holbak, in 1739, Elbertskraal in 1742 and Doornkraal and Zeekoegat in 1746.

By 1750 many families were permanently settled in what is today the Riversdale district, and the farm Zeekoegat had become a flourishing and well-known oasis on the road to the East. Local records do not indicate where the occupants of the farm lived until the historic building, with the date 1795 on the gable, was built, nor who was responsible for the majestic, 17-yard wide avenue of oaks stretching from the ford across the river up to the house, many of which can still be seen today. Until Riversdale was founded by the Church, the nearest town then being Swellendam, religious services, including Holy Communion, were held and people were married and children christened under these oaks. When the house was built, an organ was installed in one of the rooms, which was devoted to religious ceremonies. It is not known

any more which of the rooms it was although it could well have been room D on the plan.

It is a pity that the date was not inscribed upon the later house, which, although equally massive, is better finished and has ceilings of 30 cm hand-sawn planks, laid above massive yellow-wood beams of about 15 cm square section, the floor being similarly planked. The building is U-shaped with thatched roofing and magnificent gables.

In 1778 Governor van Plettenberg touched on at the farm when he ventured as far as the Keurbooms River and gave his name to the Bay there. Commissioner-General de Mist stayed over at the farm in 1803 and one of the party, Lichtenstein, recorded that they were accorded great hospitality and that 200 cows were milked daily and it was, probably, this large number of cows that caused the extraordinarily long building, known as Die Lang Huis, to be built, as the cows were brought indoors to be milked, unlike the common practice in those days of milking them in the open veld. The building was some 50 metres long and five wide. A 30 metre wide 'kraal' abutted against the east wall, where the original doorways have been bricked closed although without removal of the doorjambs, as was also the original double doorway at the northern end. Unfortunately for posterity's sake, appurtenances have been built onto both long faces and partitions erected inside, to form a dwelling-house, stable and garage.

In 1746 the farm was granted as a Cape Freehold to Jan Loos, ownership changing to Lodiwicus du Preez in 1805, who received a large quitrent addition in 1820. In 1836 the farm became the property of his father-in-law, Hillegert Müller, while for the last 100 years it has belonged to the Saayman family.

As the plan indicates, there was no passage in the house, one room giving access to the other, except for the end room, which was isolated. Three rooms, as well as the kitchen, had their own doors to the outside, although the door below the gable was later replaced by a casement window removed from the rear of the house. The kitchen (K) had a large fireplace in which an open fire burned, the pots being suspended above it on chains. Here, too, the ceiling consisted of 30 cm boards laid above the beams but there is no certainty that a serving hatch existed at that time. The stoep is 2 metre wide and had 60 cm walls at each end, with built-in benches, but these have disappeared with the passage of time while the present cement surface was laid by the present Mr B. Saayman although the stone steps down to the lower ground level still exist, together with the anything but flat guard wall.

The walls of all three buildings are 66 cm thick and the buildings were extremely massive and sturdy. The walls were built of clay, which was first well trodden by oxen, then dragged to the required position on ox-hides and built up layer upon layer to finally be smoothed to the present surface with spades. In the adjacent, newer house, part of a wall was taken out to provide a larger diningroom. During this operation a large chunk of clay, probably an ox-hide load, suddenly fell out of the wall and went right through the floor!

The hinges of the doors and windows were hand-forged iron,

while the original doors were of handhewn stinkwood, as can still be seen in the newer house.

The dividing wall between the kitchen and room (A) was, a long time ago, removed to provide a large apartment which was used as a school. It was, subsequently, replaced by Mr Saayman, hence the present serving-hatch.


In rooms (A) and (B) the original ceilings have been covered with modern ceilingboards, nailed under the beams. In room (C) however, the original ceiling can still be seen, consisting of saplings laid on top of the yellow-wood beams and covered with a thick layer of clay. In room (D) there is no ceiling, merely some hefty beams across and here one can see the massive, unplanned beams and purlins supporting the hatch. Here, too, it can be seen that the thick, clay walls were only built up to ceiling height, the gables being built of small bricks, 5 by 10 cm cross-section and baked remarkably hard. These were also used in the end walls of the stoep and for filling in the very wide doorway beneath the gable when the present window replaced the original door. Without access to the roof it is not possible to see whether the front gable is also so constructed, but its narrow width would seem so to indicate. The gable is of the "holbol" type, the decorative mouldings curving away from the edges, similar treatment having been accorded the guard wall beside the steps.

The floors of rooms (C) and (D) were some 3 m above the ground and the rear lower wall was pierced to take two doors. In these two windowless rooms the slaves were housed; according to Mr Saayman it was possible to enter or leave the rooms by two tunnel-like apertures beneath the stoep. Records indicate that there was also an unroofed, mud-walled building where the present cattle kraal is situated, and this also housed slaves, but has, long since, been totally eroded by the weather.

Mr Saayman says that, according to family legend, when the slaves returned from wood-gathering expeditions, the foremost slaves had already put down their loads when the rearmost ones were still rounding the slope of the hill. There must, therefore, at one time, have been a large number of slaves on the farm. He also mentioned that an architect came from George at one time and inspected the building, after which he estimated that it would cost some R36 000 to restore it to what it was originally. At current prices, it is considered a very conservative estimate. There is much modern plastering on the inside walls, as well as the planked floors and ceilings to be dealt with besides the damage to the outside walls. He used to apply mud plaster to the outer walls wherever they began to erode.

In order to restore the building to its original state, the window beneath the gable should be replaced by a similar door to the original; the roof would require so much attention that it would be more economical to re-thatch it. Daunted by the amount of money it would take to restore the building and realising that it could never be raised in Riversdale, the Kultuurraad and various other bodies, interested but impecunious, find themselves powerless to save the building for posterity.

Meanwhile, there it stands, not yet 200 years old, its glory already faded and deteriorating further with every rain until, in the not too distant future, it reaches the point of no return, to be lost forever.



# History of Rhone

- Gwen and Gawie Fagan

My eie siening is, dat bewaring dit behels wat 'n trotse volk nie kan bekostig om verlore te laat gaan nie.

Dit sluit in:

- geskiedkundige gebeure in die verlede;
- kultuurskatte;
- taalskatte — manuskripte en boeke;
- konsskatte, maar ook geboue, strukture en terreine.

Alles waardeur 'n volk, die leefwyse, gewoontes en gebruike van sy voorvaders kan vasstel en bepaal, is bewaringswaardig.

U moet nou asseblief nie dink dat ek van elke tweede huis in elke dorp of stad, 'n museum of skuur as 'n nasionale monument wil verklaar nie. Daar is gevalle waar die bewaring van 'n geboue, of bewaring in die algemeen, nie in die pad van vooruitgang moet staan nie. 'n Mens moet altyd realisties wees. Daar is egter wél in die Vrystaat geboue en ander strukture wat so 'n intieme verbintenis met ons volkswording of -geskiedenis het dat hulle waardig is om te bewaar, en bewaar moet word.

Ek kan dink aan so baie ou geboue in Bloemfontein alleen wat onoordeelkundig gesloop is — om niks noemenswaardig in hulle plek op te rig nie — die beste voorbeeld is die Grandteater. 'n Pronkstuk — die teater met die beste akoestiek in die land — die mooiste teater in heel die Republiek van Suid-Afrika.

Ek sou graag wou sien dat die algemene publiek — soos nou in Pretoria met die Wesfasade, só bewaringsbewus word, dat hulle opstaan en sê: ons sal nie toelaat dat hierdie volksbesit afgebreek word nie. Dis ons trots — ons geskiedenis — en daaraan raak julle nie.

In vergelyking met ons stamlande in Europa het die Oranje-Vrystaat nie 'n baie lang geskiedenis nie. Ons kan nie spog met geboue wat in die 10de eeu — of voor Christus — gebou is nie, en daarom moet ons dubbel so versigtig wees, dat ons nie dié bietjie wat ons wél het, ook verlore laat gaan nie, en later uitvind dat ons werklik nie oorhet om vir dié wat na ons kom na te laat nie.

## Wie moet bewaar en vir wie?

"Elke beskaafde land is trots op die spore wat hy getrap het op sy ontwikkelingspad — en die sigbare spore van die kultuurerfenis is ons historiese geboue. Laat ons hulle dus sorgsaam bewaar en in stand hou vir die nageslag, want hulle is inderdaad die transportaktes van die land wat ons liefhet. Mag die geslagte wat kom ons nooit daarvan beskuldig dat ons ons eie voetspore doodgevee het nie!"

Hierdie woorde is gesprek deur 'n man wat wêreldberoemdheid verwerf het vir sy bewaringsbewustheid, wat nie alleenlik by woord gebly het nie, maar wat hy in **daad** omskep het — dr. Anton Rupert. Dr. Rupert is die man wat sekerlik in Suid-Afrika dié leidende figuur is wat bewaring aanbetref, en daarom, meneer die Voorsitter, kan en moet ek, en elke burger in die land, na hom luister as hy praat — en hy hét gepraat — hy het nie net alleen gepraat nie, hy het ook gedóén. Sy bewyse staan oral deur ons land versprei, behalwe die Vrystaat. Om terug te kom na die vraag — wie moet bewaar en vir wie?

Bewaring berus nie alleen by die staat nie.

1. Die sentrale regering doen reeds sy deel en verskaf fondse vir die doel. Ook deur die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede doen die sentrale regering sy deel. Die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede se werke is bekend, maar blykbaar, om een of ander onverklaarbare

rede is hulle aktiwiteite beperk tot die Kaapprovinsie waar hulle bykans 600 verklaarde gedenkwaardighede het met slegs 31 in die Oranje-Vrystaat. Ons sal moet kyk hierna. Is dit hulle skuld — of ons eie?

2. Die Provinsiale Administrasie doen sy deel, en is dus bewaringsbewus. Hierdie Raadsaal waarin ons tans vergader, trotse besitting van die Oranje-Vrystaat, is bewys daarvan — dit gaan stadig, maar geleidelik rig die ou Raadsaal sy kop weer trots op. Ek vertrou egter dat ons die werk sal voltooi, en daarby bedoel ek dat ons nie alleen buite om gaan restoureer nie maar ook die kelders van hierdie trotse besitting gaan terugbring na die oorspronklike. Min mense weet dat die een kelder 'n kroeg was, waarin die ou Volksraadslede lafenis kon verkry.

'n AGBARE LID: Sulke skelms!

MNR. BEZUIDENHOUT: Die toonbank en die rakke is nog in perfekte toestand — maar die gees het helaas verdwyn — so ook die versnaperinge. Tans word die kroegie as stoorkamer gebruik om ou gebreke banke en stoele in te berg. Verder staan 'n groot portret van dr. Ramsbottom, die eerste Administrateur van die Vrystaat en lid van Abraham Fischer se kabinet in 1907, daar in vergetelheid. Ons moet onthou dat dr. Ramsbottom saam met generaal Hertzog op kommando was as geneesheer gedurende die Anglo-Boereoorlog.

Meneer die Voorsitter, ek verwag nie noodwendig dat die "diens" van daardie tyd weer gelewer moet word nie — maar ek verwag dat die kroeg weer in ere herstel sal word — al sou mens slegs 'n moderne koeldrank daar kan geniet gedurende sittingstye. Met die oog daarop dat hierdie Raadsaal volgende jaar op een van die Republiek se vaste reeks posseëls sal pryk, voel ek dat ons dit aan die Raadsaal verskuldig is.

Meneer die Voorsitter, verder doen hierdie Administrasie 'n reuse-werk met die restourasie van die Ou Presidensie wat binnekort 'n trots van die Provinsie sal wees. Tog jammer dat die inwoners van die Vrystaat nie so entoesiasies is oor hierdie saak nie. Die betrokkenes sukkel hulle dood om meublement en ander bybehore te bekom om die Presidensie te meubileer soos dit was — maar van Jan Publiek kry hulle bitter min samewerking of bystand. Is die publiek oningelig? As dit die geval is, is dit die Provinsie se eie skuld! Hier kan die verskillende media van baie groot hulp wees.

Die behoud en restourasie van die Goewermentsgebou waarin die N.A.L.N. gevestig is, is ook 'n mylpaal. Die gebou vorm 'n intieme deel van die Vrystaatse geskiedenis en kan met reg aanspraak maak op restourasie.

'n Verdere aspek waar die Provinsie sy bydrae tot bewaring maak, is deur middel van die Museumdiens.

Ons kan dankbaar wees dat ons die dienste bekom het van 'n man soos professor Petrus Nienaber — ek wens soms dat ek sy energie en vuur het, want dan sou ek ook êrens gekom het in die wêreld. Ek wens verder dat ons aan hom onbeperkte fondse kon stel om sy dinge te doen — maar die ander sy van die saak is dat, indien dit so was, sou daar vir die nageslag niks oorgebly het wat hulle kon doen nie. Hy sou alles klaar gedoen het. Baie dankie, professor Nienaber, u het in 'n baie kort tydjie wondere verrig wat ander nie in twee leeftye sou kon tot stand bring nie.

Meneer die Voorsitter, die Provinsie spog met die N.A.L.N. — enig van sy soort — met sy Navorsingsentrum, sy musiek — en toneelmuseums en sy beeldetuin. Ons volk se kultuurskatte en voorwerpe word hier vir die nageslag bewaar. Ons spog met die Voortrekkermuseum op Winburg, met president M.T. Steyn se geboortehuis. Ons

staan nie terug vir Pietermaritzburg en Pretoria nie. Ons spog met Bethulie — die Pelissierhuis met sy temas uit die Sendingtydperk en die Anglo-Boereoorlog.

Soos Sy Edele in sy openingstoespraak reeds meegedeel het, spog die Vrystaat eersdaags met die Transgariëp-museum op Philippolis, (Adam Kok se wêreld), die Senator van Nickerkhuismuseum op Boshof, en temamuseums op Kroonstad en Ficksburg. Daar móét tog ander dorpe in die Vrystaat wees wat iets kan bied wat hulle eie is of uit hulle eie verlede is, wat hulle behoefte aan het om vir die nageslag te bewaar. Die fasiliteite is reeds daargestel deur die provinsiale owerheid. Kan die inisiatief dan nie van die dorpe self kom nie, of stel hulle so min belang in hulle herkoms en verlede? Daar is reeds so baie geskiedenis skatte wat verlore of vernietig is. Kom ons red die wat nog oorgebly het?

Ek doen 'n beroep op elke munisipaliteit in die Vrystaat om sy eie omgewing te fynkam, om vas te stel of daar enige geboue, struktuur, voorwerpe of stukke uit die verlede is, wat bewaringswaardig is.

Die Provinsie kan u nie help om 'n bewaringswaardigheid te bewaar as u nie self eens daarvan weet nie. Ontdek dit, rapporteer dit, en vra dan hulp. Die Provinsie help alleenlik mense (en dorpe) wat hulleself wil help. Die Provinsie sit nie opgeskeep met geld en loop nie rond en soek waar hulle kan help met 'n museum nie. Hierdie inisiatief moet van die dorpe kom anders weet ons nie eers daarvan nie.

Ek wil graag ook die agbare lid vir Zastron gelukwens dat hy sy hele kiesafdeling deurgegaan het. Hy weet presies wat daar is, hy weet wat hy wil hê en as ek daarvoor sou moes besluit meneer die voorsitter, sou ek ongetwyfeld vir hom baie goed gehelp het. Hy wat sy huiswerk ordentlik gedoen het moet die nodige fondse kry vir sy tema-museum op sy dorp.

MNR. SIMES, L.U.K.: Louis, jy het darem een man aan jou kant.

MNR. BEZUIDENHOUT: Meneer die Voorsitter, verder veels geluk aan die dorpe wat reeds iets hieromtrent gedoen het. Julle staan voor in die tou. Dorpe soos Stellenbosch en Potchefstroom behoort 'n aansporing te wees aan almal wat skoonheid kan waardeer.

Verder sal dit 'n stap vorentoe wees as die Uitvoerende Komitee dit sal oorweeg om 'n sentrale liggaam of raad daar te stel om 'n opname of lys te naam, en te hou, van alle bewaringswaardighede in die Provinsie. Hierdie inisiatief weer behoort van die provinsiale owerheid uit te gaan.

Die Nasionale Museum het die Eerste Raadsaal gerestoureer en kan met reg trots wees daarop. Verder is hulle besig om 'n Victoriaanse woning in Kellnerstraat 31 terug te bring na sy ou glorie — ons wens hulle sukses toe daarmee. Tog jammer dat die Bloemfonteinse publiek nie aktief daarby betrek kon word nie — dis nog nie te laat nie.

Twee instansies wat gewaardeerde bydrae maak tot bewaring is die Stigting Simon van der Stel en die Stigting Vrijstatia. Die Stigting Van der Stel se aktiwiteite is eintlik ook beperk tot alle ander provinsies, maar in die Vrystaat hoegenaamd niks. Hier lê die probleem ook by onself. 'n Klein groepie mense werk aktief vir die Stigting Simon van der Stel maar sy ledetal in die Vrystaat is nominaal in vergelyking met die ander provinsies. Stel ons mense nie belang nie, of is ons nét nie bewaringsbewus nie? Die Stigting Vrijstatia is 'n nuwe organisasie van begeesterde mense wat in die geskiedenis van die Vrystaat, en die bewaring van sy skatte belangstel. Ons vertrou dat deur hulle iets vermag sal word. Ook Vrijstatia soek lede en belangstellendes.

Die volgende groep wat ek graag wil behandel is 'n groep

wat ook aan Suid-Afrika behoort, en ironies genoeg behoort meeste van Suid-Afrika aan hulle. Dit is die nywerheidssektor. Dit is geen geheim dat die groot geld in ons land in hulle bankrekenings gesetel is nie. En, meneer die Voorsitter, ek misgun hulle dit nie want hulle werk ook daarvoor.

Wat ek wel beweer is dat met die uitsondering van die Rembrandtgroep, die nywerheidssektor nie sy plig doen in die bewaringswedloop nie. In Transvaal, waar meeste van die hoofkantore gesetel is — selfs ál die Afrikanersake wat in Bloemfontein ontstaan het se hoofkantore is tans aan die Rand waar die geld loop — in Transvaal word daar skynbaar deur hierdie sektor iets gedoen maar die Vrystaat bestaan skynbaar nie vir hulle nie.

Dit is waar dat 'n mens verder kom met 'n saak indien die hoofkantoor van die saak in die stad geleë is waar die behoefte ontstaan, maar takkantore sal eenvoudig harder moet praat dat hoofkantoor ook na hulle belange in die Vrystaat moet omsien, want ons is ook hulle belang. Die nywerheids- en banksektore is merendeel in die gunstige posisie dat hulle met sukses 'n gerestoureerde eiendom ekonomies kan aanwend en daardeur 'n dubbeldoel kan dien. Ek doen 'n beroep op hierdie sektore van ons sakewêreld om aktief bewaringsbewus te word.

Die ys in die Vrystaat is reeds gebreek. Die eiendom waar generaal J.B.M. Hertzog gewoon het (geleë in Goddardstraat), is so pas deur 'n nywerheid, wat voorlopig anoniem wil bly, aangekoop, en sodoende sal die eiendom vir die nageslag bewaar bly.

'n Ander eiendom in Bloemfontein met 'n kleurryke verlede is die eiendom te Elizabethstraat 40 waar tans 'n munisipale kliniek bedryf word. Die gebou is argitektonies baie mooi, en die boustyl verteenwoordig die laat-republikeinse tydperk. Dit is gebou in 1896 en is goed bewaar en feitlik onveranderd. Die eiendom is gebou deur meneer Charlie Fichardt, wat getroud was met die dogter van meneer Rose-

Innes, Bloemfontein se eerste burgemeester in 1880. Die geskiedenis deel mee dat lord Alfred Milner in 1898 daar tuisgegaan het, en dat president Paul Kruger in 1899 tydens die konferensie in Bloemfontein met rooigehulde oë op die stoep gesit het omdat hy besef het dat daar geen hoop vir sukses in die onderhandelinge is nie. In 1903 toe Chamberlain koloniale sekretaris word, het 'n afvaardiging van bittereinders, almal gewese Boere-kommandante, hom onder leiding van generaals Hertzog en De Wet gaan spreek in die Presidensie, maar voor die samesprekings het die kommandante eers in hierdie huis vergader en beraadslaag om beleid en optrede te bespreek. Sir Ettiene de Villiers het daardie huis jare lank bewoon.

Meneer die Voorsitter, as dit nie genoeg rede is om die eiendom te bewaar nie, wat is?

Meneer die Voorsitter, my pleidooi kom kortliks daarop neer dat:

1. die Vrystaatse publiek moet wakker word vóórdat ons niks meer het om te bewaar nie.
2. Die plaaslike besture hulle gebied moet fynkam op soek na iets uit die verlede wat gerestoureer of bewaar moet word.

Nie alleen sal hulle volksdiens doen nie maar dalk ook hulle soms kwynende dorpie 'n toeriste-aantreklikheid maak — tot hulle eie voordeel.

3. Dat die nywerheids- en sakesektore hulle deel moet doen en dr. Rupert se voorbeeld moet volg, en
4. dat die Provinsie op een of ander wyse, meer geordend aktief sal raak in die bewaringspoging, soos ek reeds uitgewys het. Ek tref nie graag vergelykings tussen my provinsie en ander nie — maar Pelgrimsrust, Graaff-Reinet en Tulbagh en ander mooi projekte in Transvaal, Kaap en Natal staan soos seer duime uit en laat my soms selfbewus voel.

Ek dank u.

## Bewaar Winburg se handelshuis

Hy sal alles in sy vermoë doen om te verhoed dat die historiese ou Handelshuis op Winsburg se markplein voor die stootskrapers beland, sê prof. P.J. Nienaber, voorsitter van die Bewaringsraad van die Stigting Simon van der Stel. Groot kommer heers onder inwoners van die dorp nadat dit bekend geword het dat bouplanne vir 'n nuwe kompleks vir die Sentraal-Westelike Koöperasie op die perseel van die Handelshuis reeds voltooi is en dat dit net 'n kwessie van tyd is vóórdat die Handelshuis gesloop word.

Verskeie inwoners pleit dat die gebou bewaar word, terwyl mnr. H.C. Craven, stadsklerk, sê hoewel hy nog nie amptelik kennis dra van moontlike sloping nie, twyfel hy of die stadsraad dit sal goedkeur.

Prof. Nienaber sê die aangeleentheid is reeds by die Raad

vir Nasionale Gedenkwaardigheid aangegee en hy hoop om die gebou eersdaags as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar te kry. "Dit sal 'n hartseer dag wees as die gebou gesloop moet word. Ek wil nie graag 'n herhaling hê van wat met Reinach se Winkel op Koffiefontein gebeur het nie." Een van die inwoners op Winburg wat pleit vir die behoud van die Handelshuis, is mnr. Pieter Kotzé (88), 'n afgetrede boer. "Julle moet keer dat die gebou nie heeltemal afgebreek word nie — dit is een van die enigste historiese geboue op die dorp wat onveranderd behoue gebly het." Hy sê die gebou is net ná 1900 opgerig en die fasade wat op die ou Markplein front, het deur al die jare onveranderd gebly. Agter die Handelshuis staan die ou perdestalle nog waar boere hul perde gelaat het as hulle die dorp besoek. Die gebou is binne afgewerk met houtplafonne wat ná al die jare se verwaarlosing nog nie hul prag verloor het nie.

*Die Volksblad, 26 November 1980*

# Bewaring betree 'n nuwe era in die OVS

- Deon Jooste



*Prof. P.J. Nienaber, voorsitter van die pasgestigte OVS-Bewaringsraad van die Stigting Simon van der Stel.*

Die omvang van die bedrywighede van die Stigting Simon van der Stel het onlangs aansienlik toegeneem in die Oranje-Vrystaat toe die OVS-Bewaringsraad tot stand gekom het.

Gedurende die afgelope paar maande is 'n aantal bewaringskomitees op verskeie dorpe in die OVS gestig. Dit was die resultaat van heelwat voorbereidingswerk wat veral deur prof. P.J. Nienaber gedoen is.

Mettertyd is daar geoordeel dat dit noodsaaklik geword het dat die aktiwiteite van die verskillende bewaringskomitees effektief gekoördineer moet word. Die resultaat was die stigting van 'n OVS-Bewaringsraad op 18 Augustus 1980 in Bloemfontein. Dit bestaan tans uit die volgende lede: prof. P.J. Nienaber (voorsitter), mnr. André Bezuidenhout L.P.R. (penningmeester), mnr. C.P.J. le Roux (ersekretaris) en mnr. Johan C. Loock wat ook 'n raadslid is van die R.N.G.

Die werkswyse van die Bewaringsraad is as volg.

Daar word voortgegaan met die stigting van bewaringskomitees in die verskillende Vrystaatse dorpe. Die verskillende komitees word oorspan deur die Bewaringsraad wat sy setel in Bloemfontein het en 'n selfstandige been vorm van die Stigting. Daar word gehoop om binnekort bewaringsrade ook in die ander provinsies te stig as onderafdelings van die Stigting.

Die verskillende bewaringskomitees, met die goedgeunstige samewerking van heelwat stadsrade het reeds veel vermag. Die eerste taak was om 'n lys op te stel van gedenktekens in elke Vrystaatse dorp. Daar is buitengewoon vinnig gewerk en hierdie lys is reeds voltooi. Daar word beoog om mettertyd 'n pragalbum van die Vrystaat se gedenktekens saam te stel en uit te gee. Die opsteller is mnr. C.J.P. le Roux. Saam met 'n beskrywing van die gedenktekens sal ook foto's gepubliseer word.

Die tweede en belangrikste taak van die Vrystaatse bewaringskomitees is om 'n lys op te stel van die bewaringswaardighede in hulle eie dorpe en distrikte. In elke dorp sal die bewaringskomitee die geskiedenis van die dorp en distrik bestudeer. Op hierdie wyse word onder meer ook 'n studie gemaak van geboue, dorpsgesigte, pleine, fasades, die omgewing, ens. Daarna word 'n register opgestel van die bewaringswaardighede, foto's word geneem, skyfies gemaak, onderhoude gevoer met kundige ouer persone en op band vasgelê, ens.

Hierdie kennis word eerstens oorgedra aan die plaaslike gemeenskap. So byvoorbeeld kan tydens kultuurraande van 'n verskeidenheid organisasies vertoon en vertel word van die kultuurbesittings van elke dorp soos byvoorbeeld historiese geboue (sommige miskien reeds gesloop), die kerke, stadsaal, landdroskantoor (dink aan die pragtige landdroskantore op Bethlehem, Parys en Ficksburg — op Ficksburg en Parys word hulle tans gebruik as tema-museums). Soms is ou tronke ook van historiese betekenis soos dié op Philippolis en Smithfield.

Die kennis moet egter nie net tot die dorp of distrik beperk word nie. Daarom sal elke bewaringskomitee ook volledige verslae aan die Bewaringsraad in Bloemfontein stuur. Uit hierdie verskillende verslae sal dan mettertyd 'n register kristalliseer wat 'n lys sal bevat van alle strukture in die OVS wat bewaringswaardig is. Terselfdertyd sal die Bewaringsraad ook hierdie register bestudeer en indien die geboue wat daarin beskryf word genoegsame argitektoniese en/of historiese waarde het, sal die betrokke gebou(e) onder die aandag van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in Kaapstad gebring word wat dan kan besluit of die bepaalde gebou as 'n historiese monument verklaar kan word en dus vir die nageslag bewaar word.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die onderskeie bewaringskomitees en die OVS-Bewaringsraad voortaan 'n sleutelrol kan speel om bewaring in die Vrystaat te bevorder en uit te brei.

# Die standbeeld van president Jan H. Brand

Aan die voorkant van die standbeeld teen die voetstuk, was 'n lourierkrans van brons wat onlangs spoorloos verdwyn het, waarskynlik diefstal. Die laakbare daad het weer eens die noodsaaklikheid om voortdurend bedag te wees op die skending van monumente en ander gedenktekens benadruk. Die skending van monumente van byvoorbeeld roemryke Afrikanerfigure soos pres. Jan Brand regverdig van owerheidsweë die strengste optrede.

President Brand is op 6 Desember 1823 in Kaapstad gebore en sterf op 14 Julie 1888 in Bloemfontein. Hy het in Londen as advokaat gekwalifiseer. Op 2 Februarie 1864 is hy in Bloemfontein, te midde van 'n dreigende Basoetogevaar, as staatspresident van die Oranje-Vrystaat ingehuldig. Hy is hierna drie maal as president herkies, in 1869, 1874 en in 1879. Hoofregter F.W. Reitz was sy opvolger in 1888.

Die standbeeld van pres. Brand is om 2.30 nm., Woensdagmiddag, 5 Julie 1893 deur pres. M.T. Steyn onthul. Volgens 'n besluit van 21 Augustus 1888 het die volksraad 'n kommissie aangestel, bestaande uit die sekretaris, Van Heytema, J.G. Fraser, A. Fischer en dr. Bo Kellner, met die opdrag om planne te beraam vir die oprigting van 'n standbeeld vir pres. J.H. Brand. Deur bemiddeling van die landdroste, raadslede en veldkornette, het die volk die bedrag van R2 200 geskenk. Die volksraad self het 'n bykomende bedrag van R4 000 beskikbaar gestel. Die geld is in die Nasionale Bank op vaste deposito gedeponeer.

Intussen is in Engeland, Frankryk, België, Nederland en Suid-Afrika advertensies geplaas en 'n prys uitgelooft vir die beste modelstandbeeld van die gewese president. Verskeie modelle is aangebied. Die keuse van die standbeeldkommissie het op die model van die heer Best van Amsterdam (Nederland) geval. Met behulp van adv. H.A.L. Hamelberg is met die heer Best 'n kontrak vir die maak van die standbeeld, wat 2 m hoog sou wees, aangegaan. J.G. Fraser, die voorsitter van die volksraad, het pres. M.T. Steyn gevra om die onthulling van die standbeeld waar te neem.

Pres. Steyn het Brand gelooft vir die opbouwende werk wat hy in die Vrystaat gedoen het. Deur sy wyse staatsmanskap het hy die Basoetovraagstuk opgelos en die oosgrens van die republiek vasgestel. Hy het sy volk deur die probleme van die diamantveldkwessie heen gelei en eindelijk 'n bevredigende ooreenkoms met die magtige Britse ryk aangegaan. Hy het hom vir die onafhanklikheid van die Vrystaatse sowel as die Transvaalse republiek beywer. Soos Willem van Oranje, Nederland van die Spaanse juk bevry het en George Washington die VSA se onafhanklikheid verseker het, so het Jan Hendrik Brand die Oranje-Vrystaat van Nie-Blanke oorheersing gered. Hy was 'n ware patriot en vader van sy volk.

Ten slotte het pres. Steyn aanbeveel dat die leuse "Alles zal recht komen" op die een sy van die monument aangebring word. Toesprake is hierna ook gelewer deur J.G. Fraser en Bo Kellner, die burgemeester van Bloemfontein. Lourierkrans van palmtakke is gelê deur hoofregter M. de Villiers en die burgemeester van Winburg. Die krans wat hoofregter De Villiers gelê het, het bestaan uit "laurel, oak and palm leaves". Dit is gelê namens die staatsdiens van die Republiek. Die Burgemeester van Winburg se krans het bestaan uit "everlasting". Van Hoytema, die sekretaris van die standbeeldkommissie het hierop die brief van waardering en dankbetuiging van lady J.S. Brand, die eggenote van pres.

Brand, voorgelees. Sy het nie die verrigtinge bygewoon nie, hoewel haar seuns en ander familie aanwesig was.

Die onthullingsereemonie het hierna ten einde geloop met die speel van "fraaie musiekstukke" deur die Artillerie Musiekkorps.

Die standbeeld is van gegote brons. As in aanmerking geneem word dat die standbeeld volgens 'n portret van pres. Brand gemaak is, is dit 'n pragtige stuk werk. Die beeld is ongeveer 2 m hoog en staan op 'n voetstuk van ongeveer 6 m hoog en 6 m in vierkant vervaardig uit gepoleerde Aberdeense graniet. Voor op die standbeeld is die woorde "J.H. Brand, staatspresident 1864-1888", met 'n blomkrans daaronder en aan die suidekant die woorde: "Van de Dankbare Natie", aan die noordekant: "Hy was de Vader des Lands" aangebring is. Agter is die wapen van die Oranje-Vrystaat. 'n Ysterhek is om die beeld heen opgerig. Die heer Stucki was die argitek en die heer Fernhead, 'n plaaslike kontrakteur, het die standbeeld opgerig.



Standbeeld van pres. Jan H. Brand in Maitlandstraat, Bloemfontein. Teen die voetstuk is die merke duidelik sigbaar van die lourierkrans wat gesteel is.



Lourierkrans van die standbeeld wat gesteel is.

Waar die standbeeld aan die bopunt van Maitlandstraat in Bloemfontein staan, is dit vir elke Afrikaner 'n inspirasie en 'n besienswaardigheid vir elke toeris.  
(Uit: The Friend, 7.7.1893)

#### Naskrif

Daar was groot vreugde toe die lourierkrans wat ongeveer 'n maand vermis was, Maandagoggend, 5 Mei op onverklaarbare wyse weer op sy plek voor aan die standbeeld gevind is. Die krans bestaan uit twee takke, die een is 'n tak met palmlare en die ander 'n tak met eikeblare. Die hele land was bekommerd. Navrae was aan die NALN gerig deur die Stigting Simon van der Stel en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Op die Museumkongres wat die laaste week van April op Pelgrimsrus gehou is, is by die Direkteur van NALN, prof. P.J. Nienaber ook navraag oor die aangeleentheid gedoen. Die land sal voorwaar bly wees om te verneem dat die lourierkrans terug is.

Die standbeeld van president Brand sal in die vervolg verlig wees, sodat dit nie meer so maklik vir vandaliste sal wees om dit te skend nie. Dit moes iemand gewees het wat geen begrip van die kultuurwaarde van die beeld gehad het, wat die alkeurenswaardige daad gepleeg het. Die standbeeld is immers van groot kultuurhistoriese en sentimentele waarde vir elke opregte Afrikaner.

## OVS-gebou in gevaar — gaan dit gesloop word?

Een van die bekendste geboue op Koffiefontein in die Vrystaat is Reinach se winkel. Die gebou loop tans gevaar om gesloop te word maar gelukkig geniet dit die aandag van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Reinach se winkel is in 1888 gebou. Die eerste eienaar was A. Goldring, wat die winkel in 1913 aan A. Raywid verkoop het. H. Reinach het die winkel sedert 1924 van Raywid gehuur en in 1951 by Raywid gekoop. Toe Reinach in 1972 besluit om uit die besigheid te tree, is die winkel gesluit. Die gebou is verkoop aan D. Badenhorst van Bloemfontein wat dit op sy beurt weer aan Sentraal Westelike Koöperasie (Mpy.) Bpk. verkoop het vir R6 000.

Volgens mnr. H. Reinach is die winkel vandag nog in 'n redelike goeie toestand. Die pilare voor die winkel wat die oorhang-dak steun, is van ingevoerde dennehout. Die hele gebou is onlangs herpleister en gereeld deur mnr. Reinach geverf. Die plafonne is van staal en die dak van sink is nog die oorspronklike. Die mure van die gebou is minstens 46 cm (18 dm) breed. Die vloeroppervlakte van die grond en eerste vloer wat uit sesduim breë dennehoutplanke bestaan, is minstens 16 vk. meter groot. Die vooraansig van die Reinachgebou, wat noordwes front, beskik oor mooi groot vensters in houtrame wat skuins inloop na die voordeur. Dit beskik ook oor dubbele swaaideure met 'n uiters interessante wenteltrap van gegote yster in die middel van die grondvloer wat na die eerste vloer lei. Die wenteltrap is baie geld werd.

Van buite vertoon die ou winkel ewe indrukwekkend. Behalwe die groot vensters slegs aan die voorkant van die gebou, op die grond- sowel as die eerste vloer, beskik die gebou oor drie pragtige gewels. Twee gewels front noordwes

met 'n groot gewel aan die oostekant. Elke gewel beskik oor 'n sementkop wat die geheel heeltemal oorspronklik en karaktervol laat vertoon.

Uit wat bo gesê is, blyk duidelik dat Reinach se winkel wat uit die laat negentiende eeu dateer, 'n imposante en stewige gebou is met 'n besondere styl en karakter. Die gebou toon sonder twyfel invloed van die Engelse en Kaaps-Hollandse boustyle. Dit is 'n gebou wat 'n besondere waardigheid aan Koffiefontein verleen, veral vanweë die feit dat dit in die sentrum van die dorp aan die plein geleë is. Dié feit alleen maak dit 'n waardevolle gebou, verteenwoordigend van sy tyd, en werd om vir die nageslag bewaar te word.



# Bethlehem — Voorloper in bewaring op die Vrystaatse platteland

- Deon Jooste

Wanneer oor bewaring gepraat word, word dikwels net gedink aan die groter sentra van ons land of die ouer dorpe soos Stellenbosch of Graaff-Reinet. So 'n mening berus op 'n wanopvatting want op die platteland word dikwels nie net argitektoniese juwele aangetref nie maar ook strukture wat ten nouste in verband staan met die verlede — of dit nou koloniaal of republikeins is.


Een so 'n plattelandse dorp wat 'n skat van bewarenswaardighede besit, is Bethlehem in die Oos-Vrystaat. Hierdie dorp is in 1864 gestig — dus tien jaar na die ondertekening van die Bloemfontein-konvensie Die wel en weë van die Modelrepubliek het dus nie by Bethlehem verbygegaan nie — trouens die geboue wat bewaar gebly het skep 'n interessante spieëlbeeld van die verlede van hierdie steeds-groeiende dorp.

Die oudste woning in die dorp is gebou op 'n erf wat oorspronklik aan 'n sekere mnr. W. Meets behoort het. Die boumateriaal was merendeels rooi ysterklip en die gebou is in die vroegste dae aangewend as 'n hotel, kantien en poskantoor.


Gedurende September 1860 het prins Alfred, seun van koningin Victoria, vir 'n paar dae in hierdie huis oorgebly terwyl hy saam met die Kaapse goewerneur, sir George Grey, na Natal op reis was. Ongelukkig is toegelaat dat die gebou vervalde raak en in 1948 is dit gesloop.

Gelukkig vir Bethlehem is daar nog heelwat ander geboue wat tasbare skakels met die verlede is en terselfdertyd 'n spieëlbeeld vorm van die dorp se verlede. Die meeste van hierdie geboue is van sandklip gebou — 'n tipiese argitektoniese kenmerk van die Oos-Vrystaat.

Een van hierdie besondere geboue is die Strappwinkelgebou wat teen ongeveer 1893 opgerig is. Dit is geleë op die hoek van Kerk- en Louwstraat en is van sandsteen met 'n sinkdak. In die loop van 1979 het die stadsraad dit aangekoop en die restaurasie is met groot sorg deur die departement van die stadsingenieur gedoen. Die gebou word tans deur twee besighede gehuur.




*Die oorspronklike N.G. Sendingkerkpastorie wat teen die einde van die vorige eeu opgerig is.*




*Die St. Augustine Anglikaanse Kerk in Louwstraat waarvan die hoeksteen in 1928 gelê is.*




*Die Strappwinkelgebou op die hoek van Kerk- en Louwstraat, Bethlehem. Dit is ongeveer 1893 opgerig.*



*Die tuishuis in Kerkstraat. Dit is tans die oudste gebou op die dorp.*



*Die oorspronklike Sendingkerkgebou wat in 1909 in gebruik geneem is. Dit is die tweede N.G. Sendingkerkgebou wat in die Vrystaat opgerig is en word tans as 'n museum gebruik.*



*Die ou landdrooskantoor in Louwstraat. Die hoeksteen is in 1893 deur staatspresident J.W. Reitz gelê*

Die restourasie van hierdie gebou het nie met nuwe besigheidsontwikkeling teweeggebring nie maar met die ander geboue wat aan hom grens word 'n unieke eenheid gevorm wat op sigself besondere kulturele en toerisme-bevorderingswaarde het.

Aangrensend aan die Strappwinkel-gebou is daar die St. Augustine Anglican Church. Dit is ook van sandsteen gebou

met 'n rooi teëldak. Die hoeksteen is op 29 Februarie 1928 deur Paulina C. Belbin gelê en die gebou word nog as 'n kerk gebruik. Ook die Ou Landdrooskantoor, waarvan die hoeksteen op 7 Februarie 1893 deur staatspresident H.W. Reitz gelê is, vorm deel van die kompleks. Dit is 'n sandsteengebou en die staat het dit onlangs volledig opgeknop.

Een van die interessante verskynsels in ons plattelandse boukuns is die oprigting van tuishuise (dorpshuise) deur boere wat op afgeleë plase gewoon het. Bethlehem beskik oor 'n paar pragekseemplare van hierdie maatskaplike verskynsel. Regoor die Moederkerk, te Kerkstraat 12, staan 'n tuishuis wat waarskynlik ook die oudste bestaande gebou in die dorp is. Daar word gemeen dat dit vóór 1880 opgerig is, is onreëlmatig met sandsteen en blouklip gebou en het 'n sinkdak.

Die vordering wat op godsdienstige terrein gemaak is, word ook weerspieël deur die geboue wat vir godsdienstige doeleindes opgerig is. Afgesien van die St. Augustine Anglikaanse Kerk waarna reeds verwys is, is daar die Nederduits-Gereformeerde Moederkerk en die N.G. Sendingkerkgebou. Die hoeksteen van hierdie besondere blouklipgebou is op 22 Desember 1906 deur ds. C.P. Theron en eerw. H.A. Roux gelê en is gebou op grond wat reeds in 1860 opsy gesit is vir 'n kerkgebou vir die "onderhoriges" en die grond is Nazareth genoem. Teen 1909 was die gebou nog steeds sonder plafon en vloere maar toe is dit maar in gebruik geneem en het dr. J.D. Kestell die wydingsrede waargeneem.

Benewens bogenoemde geboue is daar nog etlike ander wat van besondere kultuurhistoriese betekenis is. Daar is die N.G. Moederkerk se pastorie wat kort na 1873 opgerig is en in 1927 herbou is en die N.G. Sendingkerkpastorie wat ook uit die laat-neëntiende eeu dateer.

Die stadsraad en inwoners van Bethlehem is daadwerklik bewus van kultuurskatte van hul dorp. Reeds in 1973 het die burgemeester, raadslid P.J. Vermeulen tydens 'n raads vergadering opgemerk dat die indruk wat 'n dorp skep, net so belangrik is as die ekonomiese vooruitgang daarvan. Die huidige stadsklerk, mnr. P.H.J. Olivier, is dieselfde mening toegedaan. Volgens hom beskik die dorp oor kultuurskatte wat na restourasie en moontlike proklamasie as nasionale gedenkwaardighede, die dorp tot eer sal strek. Dit is ook mnr. Olivier se standpunt dat Bethlehem deur bewaring sy karakter sal behou terwyl toerisme en daardeur ook die ekonomie bevorder sal word.

*(Hierdie artikel is saamgestel uit inligting wat goedgegunstiglik deur die stadsklerk van Bethlehem, mnr. P.H.J. Olivier, beskikbaar gestel is.)*

---

*"Preservationists have long advocated the sensitive re-use of old buildings for it demonstrates the quintessence of preservation - the integration of our architectural heritage with present in a functioning relationship."*

*- James Biddle, President, National Trust of Historic Preservation U.S.A. 1980*

---

*"Before the private sector could be expected to finance preservation ..., the community had to make the commitment that it wanted preservation."*

*- Wes Uhlman, sometime mayor of Seattle, Washington (1978)*

---



# Victoriaanse woonhuis op Philippolis: restourasie en bewaring

## 'n Woonhuis word 'n openbare biblioteek

- A.Y. du Plessis


Waar daar enige belangstelling in die boukuns en kultuur van vervloë dae bestaan, mag die dorp Philippolis gewis nie verbygegaan word nie. Hierdie geskiedkundige plekkie, die oudste dorpie in die Vrystaat, lewer voorwaar 'n ryke fonds aan kultuurerfenis en geskiedkundige gebeure. Dit was die eerste sendingstasie vir Boesmans. Later is die sendingstasie vir Griekwas deur dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap hier begin. Dit is dan ook aan hom wat Philippolis sy naam te danke het.

Van hierdie eertydse gebeure en Griekwa-leefwyse is daar vandag nog vele tekens te bespeur en uit hierdie vroeëre kultuur het Philippolis, soos ons hom vandag ken, gegroei. Philippolis is 1862 deur die Vrystaatse regering van die Griekwas gekoop en tot afsonderlike distrik verklaar. Op die tydperk toe die dorp van die Griekwas gekoop is, het dit uit een lang straat bestaan en albei kante daarvan was 'n blok erwe.<sup>1</sup>


Philippolis is, uit die aard van sy geskiedenis, dus ryk aan historiese geboue. Aanvanklik het die huise in Philippolis hoofsaaklik uit Griekwa-hutte en kleimuurhuise bestaan. Die huise was heeltemal eenvoudig. 'n Klompie van hierdie Griekwa-huisies staan vandag nog en daar is reeds begin met die restourasiewerk aan 'n aantal daarvan. Die inwoners en eienaars word aangemoedig om die huisies na hul oorspronklike vorm op te knap.

Ander historiese geboue op die dorp is onder andere die N.G. Kerk wat in 1870 deur 'n sekere Wocke gebou is. Die kerk is in 'n sterk Gotiese styl gebou. Ook die huis wat volgens oorlewering dié van Adam Kok was, is vandag nog staande. Die historiese kruithuisie op die dorp se ouderdom word op ongeveer 140 jaar geskat — dus ouer as die dorp self, en het aan Adam Kok behoort.


Gaandeweg het die boustyl van die huisies op Philippolis ontwikkel en verander. Nuwe style het hul verskyning gemaak en invloede van onder andere die Gotiese en Victoriaanse boustyle kan in verskeie van die geboue op die dorp bemerk word.



Detail van restourasie aan die dak.



Tydens restourasie is die hele veranda gerestoureer.



Die huis met veranderings soos deur Jacobson aangebring.

Aan die einde van die negentiende eeu het ook die Victoriaanse boustyl sy verskyning op Philippolis gemaak. Verandas met kunstige hout- of gietystertralie is aangebring; ook die versiering van die dak met gietysterkrulwerk het gewild geword — die Victoriaanse invloed was duidelik.

### Die geskiedenis en beskrywing van die Victoriaanse woonhuis

Die Victoriaanse woonhuis wat nou gerestoureer is en waarin die biblioteek ingerig sal word, staan op erf no. 12. Dit is een van die eerste erwe wat in Philippolis geregistreer is. In 1888 is dit in die naam van Jemina Visser, die vrou van dr. O.C.H. Krause, geregistreer. Dr. Krause het sy eerste apteek in 'n geboutjie op hierdie erf ingerig.

Die huidige woonhuis is in 1905-1906 deur twee Hollanders, Van der Kooy en Arrie gebou, en wel vir 'n mnr. Bohnen

wat 'n handelaar op die dorp was. Hy het die erf in 1904 gekoop. Die huis is later deur 'n sekere mnr. Hartman gekoop wat dit as tuishuis gebruik het. Omstreeks 1919 is dit deur mnr. Moritz Jacobson gekoop wat dit tot en met 1976 bewoon het, en daarna aan die Stadsraad van Philippolis geskenk het vir die inrig van 'n biblioteek.

Gedurende die tydperk wat mnr. Jacobson die huis bewoon het, is 'n aantal geringe veranderinge aangebring. Die stoep wat 'n plankvloer gehad het, is in ± 1925 deur 'n sementvloer vervang en die trappies, ook van hout, voor die gebou is deur sementtrappies vervang. Binne-in die huis is 'n staalvenster ingebou in die woonvertrek wat op die agterplaas uitkyk. Die deur tussen die woonvertrek en hoofslaapkamer is toegebou en 'n skeidingsmuur is tussen die linnekamer en badkamer wat een vertrek was, aangebring. Mnr. Jacobson het ook asbesplafonne laat aanbring; hulle bedek die oorspronklike houtplafonne. Die oorspronklike houtvloere van die badkamer en kombuis is ook deur sement vervang.

Die buitegeboue op die erf dateer klaarblyklik nie uit dieselfde tyd as die huis nie, en sover vasgestel kon word, het hulle die eertydse stalle omstreeks 1924 vervang.

In die huis is 'n verdere interessante verskynsel aangetref: die ou Joodse gebruik bekend as "Mezzuzah", wat in Hebreeus "deurpos" beteken; dit wat 'n huis of woning as tempel tot eer van God huldig. Klein hol plaatjies, wat elk 'n opgerolde papier bevat, is aan die kosyne van die ingang tot die huis en elke woonvertrek in die huis aangebring. Op die papier is 'n gedeelte uit die Bybel in Hebreeus; Deuteronomium 6 vers 4-21 wat lui: "Hoor o Israel, die Here onse God ..." Dit is die gebruik om hierdie plaatjies met die vingerpunte aan te raak wanneer 'n vertrek binnegegaan word.

#### **Restourasiewerk aan die huis**

Buite: Die sierwerk aan die veranda van die huis was in 'n heeltemal vervalde toestand. Die houtwerk, ook aan die voorkant van die huis aan die dak, was heeltemal verweer en onbruikbaar. Hierdie hout is alles verwyder. Maranti is gebruik om nuwe sierwerk en pilare, presies op die patroon van die vorige, te bou en aan te bring. Die dak self is opgeknep en herstel en die oorspronklike daklynprofiel is behou. Die gietystersierwerk op die dak is ook herstel en weer aangebring.


Die steentrappe voor die huis is afgebreek en kliptrappe wat inskakel by die veranda, is gebou. Omdat die woonhuis as openbare gebou sal dien en dus maklik toeganklik moet

wees, is besluit om vyf kliptrappies aan te bring. Ook die sementblad van die stoep is behou. Dit doen geen afbreuk aan die aansig van die gebou nie, en is meer funksioneel by 'n openbare gebou.

Die houthortjies voor die vensters is almal herstel en die geheelindruk wat die huis nou van buite gee, is dié van 'n laat negentiende-eeuse Victoriaanse woonhuis wat dit in werklikheid is.

Binne: Binne-in die huis is die gebou uit die aard van die saak aangepas by die vereistes van 'n openbare biblioteek. Dit is dus nie verander na die oorspronklike nie, maar slegs herstel sodat die huis as geheel in 'n goeie toestand bewaar kan word.


Die asbesplafonne wat deur die latere eienaar aangebring is, is behou. Só ook die groot staalvenster in die woonvertrek en die skeidingsmuur tussen die badkamer en linnekamer. Matte is aangebring en die gebou is uitgeverf. Die deur tussen die woonvertrek en hoofslaapkamer is weer uitgebreek.



*Die oorspronklike huis*



*Die huis ná restourasie. Op die stoep staan prof. P.J. Nienaber, Direkteur van die OVS-Museumdiens en mnr. Loots wat aan die hoof gestaan het van die restourasiewerk*



*Detail van restourasie van die hout van die veranda*

### Die uitbouing en beplanning van 'n kompleks

Uiteindelik sal hierdie Victoriaanse huis deel uitmaak van 'n hele museum-biblioteekkompleks. Die kompleks is reeds beplan en restourasiewerk aan die huis langsaan, wat as museum ingerig sal word, is reeds begin, terwyl die ontwikkeling van die terrein ook nie agterweë gelaat is nie. Die Victoriaanse woonhuis wat as biblioteek sal dien en die woonhuis langsaan, wat, volgens oorlewering, dié van Adam Kok was, is geleë voor 'n klein klipkoppie wat redelik sentraal in die dorp self is. Op hierdie klipkoppie is twee kanonne aangebring wat klaarblyklik nog die besit van Adam Kok was. In die inventaris van Adam Kok se kantoorbehoefes wat aan die Vrystaatse Republieke oorgedra is, word drie kanonne vermeld.<sup>2</sup> Dit is kanonne soos die ou skeepskanonne van vervloë dae. Hierdie kanonne

op die koppie steek pragtig af teen die lug daaragter en verleen aan die kompleks 'n gees van egtheid. Teen hierdie klipkoppie sal ook twee tipiese Griekwa-matjieshutte gebou word om die leefwyse van Griekwas gedurende dié tydperk uit te beeld. Die terrein langs die Victoriaanse huis sal verder ontwikkel word om parkeerplek aan besoekers te bied.

Die hedendaagse besoeker aan Philippolis sal, na voltooiing van die hele kompleks, teruggeplaas word in 'n era wat vandag net in die geskiedenisboeke leef. Dit is 'n deel van die ontwikkelingsgeskiedenis en kultuur van sowel die dorp as die volk, wat vandag op tasbare wyse teruggevind sal word.

1. Malan, J.H. *Die opkoms van 'n Republiek*, p. 433.

2. Bosch, J.A. *Eupeesgedenboek van die N.G. Gemeente Philippolis 1862-1962*, p. 25.

## Die Leghoyastatte, Sandrivierhoogte

- C. Schoeman, senior administratiewe beampte van die R.N.G.

Tydens sy vergadering gedurende April vanjaar het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede besluit om die proklamasie van die Leghoyastat by Sandrivierhoogte, distrik Ventersburg (OVS) aan te beveel. Die proklamasie sal ook vier hektaar van die omliggende grondgebied insluit. Die Leghoya-stam, wat 'n groep van die Tswana-volk was, het laat in die 17de eeu die Vrystaat binnegekom en op verskeie plekke gevestig. Die Leghoya het egter as 'n stam heeltemal verdwyn as gevolg van die uitdelingsoorloë van die magtige Matabele-opperhoof, Silkaats, asook die latere assimilasië met die Basoeto's en Baralong van die Thaba Nchu-distrik.

Die uitstaande kenmerk van hierdie statte was die korbeelhutte en krale wat van ysterklip of sandsteen gebou is. Hierdie hutte was dan as 't ware fortifikasies in die klein wat die Leghoyas teen aanvalle en vyandelike stamme kon beskerm, terwyl dit hulle ook van brandgevaar gevrywaar het in geval van veldbrande.

Die stat by Sandrivierhoogte is 'n besonder goeie voorbeeld van die boukuns van die Leghoya. Hierdie betrokke stat beslaan 'n oppervlakte van bykans 45 000 vierkante meter en te oordeel na die grootte was dit waarskynlik die kwartier van 'n hoofman. Binne die ringmuur van die stat is daar meer as 70 hutte en sowat 25 veekrale.

'n Mens vind verskeie verwysings na hierdie klipstrukture in die ou reisbeskrywings van die vroeë reisigers. So byvoorbeeld skryf die bekende volkekundige, G.W. Stow, in "The Native Races of South Africa" oor die reisiger Campbell:

"On the 30th April 1820 this traveller passed many old cattle enclosures built of stone, some parts as neatly as if they had been erected by European workmen. From this description of the skill shown in the erection of these walls it would seem probable that the town ... belonged to the old Leghoya race ... The one mentioned by Campbell must have been very extensive, the ruins occupy a length of two miles, and they were also of considerable breadth."

Verder sê Stow:

